# ONS MOEDER-TAAL

*Vir Standerds VII en VIII*

*'n Volledige kursus vir Afrikaans as eerste taal*

*C. P. van der Merwe*
*W. Kempen P. S. Meyer*

SKB
439.368
ONS

# ONS MOEDERTAAL

*'n Volledige kursus vir Afrikaans as Eerste Taal*

## STANDERDS VII EN VIII

C.P. VAN DER MERWE

W. KEMPEN

P.S. MEYER

*Derde Uitgawe*

NASOU BEPERK

*Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Bpk*
KAAPSTAD BLOEMFONTEIN JOHANNESBURG
PORT ELIZABETH PIETERMARITZBURG

*Omslagontwerp en tipografie deur Nasou Beperk*
*Geset in 10 op 11 pt. Times Roman*
*Gedruk en gebind deur Nasionale Handelsdrukkery Beperk*
*Elsiesrivier H-68*

# Voorwoord

Hierdie uitgawe van ONS MOEDERTAAL vir st. 7- en 8-leerlinge **is geheel en al hersien en aangepas by die vereistes van die nuwe basiese leerplan vir Afrikaans (Hoër Graad) soos van toepassing op die vier provinsies en Suidwes-Afrika.**

Die verskillende afdelings van die basiese leerplan, waarby die leerplanne van die verskillende provinsies aangepas is, is so volledig moontlik gedek. **Die hoofstukke verskyn volgens leerplanvolgorde en sluit aan by die werk wat in st. 6 behandel is.**

Heelwat nuwe stof is bygewerk en die werkopdragte en toetsoefeninge is ruimskoots aangevul. Soos in die st. 6-boek, is die afdeling **Begripstoetse** ook in hierdie boek aansienlik uitgebrei, want **begrypend lees** behoort in die onderrig van die moedertaal 'n belangrike plek in te neem.

Sommige begripsoefeninge is aan die moeilike kant en die onderwyser(-es) sal moet inspring en leiding gee. 'n Begripstoets is in die eerste plek **'n doseermiddel** en nie net 'n toetsmiddel nie. Dit is derhalwe beter dat leerlinge nie al die vrae kan doen nie, maar met die onderwyser(-es) se leiding vordering maak, as dat hulle al die vrae kan doen, maar geen vordering maak nie! As 'n proefneming is 'n aantal van die „moeilikste" begripsoefeninge in hierdie boek op st. 7- en 8-leerlinge toegepas. Diegene wat behoorlike leiding ontvang het, het reeds na die tweede oefening merkwaardige blyke van taalinsig en taalgebruiksvaardigheid begin toon.

Die skrywers vertrou dat hierdie boekie 'n waardevolle hulpmiddel sal wees by die onderrig en studie van ons moedertaal.

# Inhoud


1 MONDELINGE WERK 1
A Gesprekke 1
B Besprekings 1
C Toesprake 2
D Debatte 3
E Beoordeling van toesprake en debatte 3
F Algemene spraakopleiding 4

2 SKRIFTELIKE WERK 8
A Sinne en paragrawe 8
B Die bou van die opstel 11
C Soorte opstelle 14
D Opstelonderwerpe 17
E Briewe 18
F Amptelike uitnodigings 27
G Aanvullende steloefeninge 27
H Onderwerpe vir briewe 30

3 DIE TWEEDE AFRIKAANSE TAALBEWEGING 32
A Ondergang van die Eerste Taalbeweging 32
B Afrikaans word met ondergang bedreig 33
C C.N.O.-skole 33
D Nederlands of Afrikaans? 33
E Leiers van die Tweede Taalbeweging 34
F Afrikaanse verenigings 35
G Offisiële erkenning van Hollands 36
H Afrikaans op skool 37
I Afrikaans in die kerk 37
J Afrikaans vervang Nederlands in die Staat 38
K Die Afrikaanse Woordeboek 38
L Letterkunde van die Tweede Beweging 38
M Afrikaans moet gehandhaaf word 42

4 BEGRIPSTOETSE, UITTREKSELS, TELEGRAMME 43

5 SPELLING 67

6 LEESTEKENS 72

7 AFKORTINGS 74

8 KLANKLEER 78
A Hoe klanke voortgebring word 78
B Die alfabet 78
C Klinkers of vokale 79
D Medeklinkers of konsonante 79
E Tweeklanke 80
F Ope en geslote lettergrepe 81
G Aksent (klemtoon) en korrekte uitspraak 81

9 WOORDSOORTE 84
A Selfstandige naamwoorde (Soorte, Getal, Verkleining, Geslag) 84
B Voornaamwoorde 92
C Byvoeglike naamwoorde 96
D Lidwoorde 100
E Telwoorde 103
F Werkwoorde (Soorte wwe., Deelwoorde, Infinitief, Die drie basiese tye) 104
G Bywoorde 119
H Voorsetsels 124
I Voegwoorde 133
J Die uitroep (Tussenwerpsel) 135
*Hersieningsoefeninge* 136

10 SINSLEER 140
A Die enkelvoudige sin en sy dele 140
B Lydende en bedrywende vorm 142
C Die samegestelde sin en sy dele 143
D Die veelvoudige sin 151
E Sinsontleding 152
F Direkte en indirekte rede 154
G Die reduksie van sinne en sinsnedes 156
H Ontkenning 159
*Oefeninge* 159

11 ERFGOED, LEENGOED EN TAALSUIWERHEID 161
A Erfgoed 161
B Leengoed 162
C Anglisismes en taalsuiwerheid 169
*Oefeninge* 174

12 EIEGOED 175
A Afleiding 177
B Samestelling 190

| | | |
|---|---|---|
| | C Samestellende afleiding | 198 |
| | D Nuwe skeppinge | 198 |
| | E Volksetimologie | 199 |
| | F Klanknabootsing | 199 |
| | *Oefeninge* | 200 |
| 13 | BETEKENISLEER | 203 |
| | A Homonieme | 203 |
| | B Homofone | 204 |
| | C Doeblette | 205 |
| | D Paronieme | 206 |
| | E Sinonieme | 207 |
| | F Verkleinwoorde en gevoelswaarde | 209 |
| | G Woorde wat verwar word | 211 |
| | H Een woord vir baie | 212 |
| | I Antonieme | 214 |
| | *Oefeninge* | 217 |
| 14 | IDIOMATIESE TAAL- EN WOORDGEBRUIK | 219 |
| | A Beeldspraak en stylfigure | 219 |
| | B Die vergelyking | 220 |
| | C Die metafoor | 220 |
| | D Personifikasie | 220 |
| | E Simboliek | 220 |
| | F Hiperbool | 221 |
| | G Litotes | 222 |
| | H Eufemisme | 222 |
| | I Idiome | 222 |
| 15 | TOETSOEFENINGE EN VRAESTELLE | 232 |
| | A Die Eksamen | 232 |
| | B Toetsoefeninge onder hoofde gerangskik | 232 |
| | C Gemengde toetsoefeninge | 258 |
| | D Vraestelle | 275 |

## HOOFSTUK 1

# Mondelinge Werk

Ons het reeds in die st. 6-boekie die belangrikheid van **duidelike, beskaafde** en **korrekte spraak** probeer aandui. Hierdie aspek van leerlinge se ontwikkeling moet in die st. 7- en 8-jare verder gevoer word.

Die welslae van baie beroepe is van goeie stemgebruik afhanklik. Dink bv. aan die volgende persone wat 'n bestaan maak uit hulle spraak: die advokaat, die regter, die onderwyser, die radio-omroeper, die predikant – om van die politikus nie eens te praat nie!

Spraak openbaar 'n mens se persoonlikheid. Dit dui aan uit watter omgewing 'n mens kom, die opvoedingspeil wat 'n mens bereik het en die mate van kulturele ontwikkeling wat 'n mens besit. **Onthou:** *Jou spraak maak jou bekend*!

In hierdie hoofstuk wil ons ten opsigte van leerlinge se praatwerk praktiese leiding probeer gee.

### A. GESPREKKE

Wanneer 'n mens gesprekke voer, praat jy **spontaan en gesellig.** Jy berei jou nie voor om 'n gesprek te voer nie, tensy jy 'n persoonlike onderhoud met iemand moet gaan voer en jy weet waaroor jy uitgevra sal word.

Hoe informeel gesprekke ook al mag wees, is dit goed om die volgende paar wenke te onthou:

1. **Praat duidelik en natuurlik.** Wees jouself en moenie jou dominee of onderwyser probeer wees nie.
2. **Wissel jou styl.** Jy gaan nie met jou dominee op dieselfde manier praat as met ou Koos nie. En as jy oor 'n rugby- of netbalwedstryd gesels, sal jou trant anders wees as wanneer jy oor 'n tragiese gebeurtenis gesels.
3. **Praat altyd suiwer!** Of jou gesprek nou ernstig, speels of verspot is, praat korrek en met smaak. Elke mens is minstens dit aan sy moedertaal verskuldig.

Aan die einde van die hoofstuk verskyn 'n klompie onderwerpe waaroor leerlinge interessante gesprekke in die klas kan voer. Pas die bostaande wenke toe, ook buite die klaskamer.

### B. BESPREKINGS

Voordat 'n onderwerp bespreek word, moet 'n mens eers **gegewens versamel, deurdink** en **netjies rangskik.** Dink aan besprekings wat soms oor die radio gevoer word en waaruit die luisteraars baie kan leer. Die persoon wat die onderwerp behandel, moes vooraf baie **voorbereidingswerk doen,** miskien **gesaghebbende boeke raadpleeg,** die **feite neerskryf en orden** voordat hy voor die mikrofoon kon gaan optree.

Doen nou dieselfde met die onderwerp wat jou onderwyser(es) uit die lys aan die einde van die hoofstuk kies, en praat met soveel insig en kennis dat jou maats se kennis verryk sal word.

## C. TOESPRAKE

Soos met besprekings moet 'n mens ook vir 'n toespraak *gegewens versamel en dit dan op interessante, verrassende en pakkende wyse verwerk om 'n volmaakte eenheid te vorm.* Deeglike voorbereiding is derhalwe uiters noodsaaklik.

Die meeste mense **maak vooraf aantekeninge.** Om 'n toespraak in die geheel uit te skryf en die hoofgedagtes te onderstreep, is geensins verkeerd nie – mits die inhoud nie woordeliks van die papier afgelees word nie. Dan word die „toespraak" 'n voorlesing.

**'n Interessante inleiding** en **'n prikkelende slot** is vir 'n goeie toespraak net so noodsaaklik as vir 'n goeie opstel. En indien die inhoud **oorspronklike gedagtes** bevat, is die toespraak 'n sukses.

Lees gerus die toesprake van **beroemde redenaars,** let op na hulle **oorspronklike siening, interessante aanbieding** en **meevoerende logika.** Luister ook na die toesprake van sprekers wat dikwels by die skool optree. Miskien sal jy selfs die gebreke van veral die langdradiges opmerk!

Pak nou een of meer van die onderwerpe aan die einde van die hoofstuk aan.

### Voorbeeld van 'n toespraak

Op 19 November 1863 het President Abraham Lincoln by Gettysburg in Amerika die rede gevoer toe 'n gedeelte van 'n beroemde slagveld as begraafplaas vir gesneuwelde soldate ingehuldig is. Hierdie toespraak word as een van die beste beskou wat ooit gelewer is. Waarom? **Luister self:**

„Sewe-en-tagtig jaar gelede het ons voorsate op hierdie vasteland 'n nuwe nasie daargestel, 'n nasie gebore uit die vryheidsideaal en toegewy aan die geloof dat alle mense gelykwaardig gebore is.

Nou is ons betrokke in 'n groot burgeroorlog, 'n oorlog wat sal toets of 'n nasie wat so gebore en so toegewy is, lank sal kan standhou.

Ons is hier vergader op 'n groot slagveld van daardie oorlog. Ons het gekom om 'n gedeelte van daardie slagveld toe te wy as 'n laaste rusplaas vir hulle wat gesterf het sodat die nasie kan lewe.

Dit is heeltemal reg en gepas dat ons dit doen. Maar in 'n wyere sin kan ons nie hierdie grond toewy en inseën en heilig nie. Die dapper manne, lewend en dood, wat hier geveg het, het dit reeds gedoen op 'n wyse wat ver verhewe is bo ons armsalige vermoë om daaraan toe te voeg of daarvan weg te neem.

Die wêreld sal dit wat ons hier sê, skaars opmerk – en dit gou vergeet. Maar die wêreld sal nooit vergeet wat hulle hier gedoen het nie. Daarom is dit eerder óns, die lewendes, wat hier toegewy moet word aan die onvoltooide taak waarvoor hulle wat hier geveg het, so edelmoedig gestry het.

Dit is eerder óns wat hier toegewy moet word aan die groot taak wat op ons wag. Die opperste en volste toewyding van hierdie edel gestorwenes moet ons spoorslag wees tot groter eie toewyding. Hier moet ons besluit dat hulle wat gesterwe het, nie vergeefs

gesterf het nie – dat in die nasie, as God wil, 'n nuwe vryheid gebore sal word; en dat die regering ván die volk, deúr die volk, vír die volk, nie van die aardbodem sal verdwyn nie."

(Vry uit die Engels vertaal)

Wat merk julle in hierdie toespraak op? Ons stip sommige van sy treffendste eienskappe aan:

(*a*) Die spreker bepaal hom streng by die **onderwerp.**

(*b*) Die toespraak is 'n pragtige voorbeeld van **logiese denke en redenering.** Die een sin **vloei** as 't ware uit die ander, die paragrawe **voeg in mekaar** soos blokkies in 'n legkaart en die toespraak vorm 'n netjiese, afgeronde **geheel.**

(*c*) Die **inhoud** van die toespraak is meevoerend en loop op tot 'n **hoogtepunt** in die slotparagraaf en slotsin.

(*d*) Die toespraak bevat 'n **besielende boodskap** vir die Amerikaanse volk.

(*e*) 'n Mens kry die gevoel dat hierdie toespraak **volledig** is – daar ontbreek niks aan hom nie.

## D. DEBATTE

Die belangrikste verskil tussen 'n toespraak en 'n debat is dat 'n mens in 'n debat *ander mense wat met jou kan verskil, na jou standpunt moet oorhaal.* Toesprake kan oor alledaagse onderwerpe of sake gehou word, maar '*n debatsonderwerp het altyd twee kante.* Om die gehoor na jou standpunt oor te haal, verg baie: **taalbeheersing, stelkuns, oortuigingskrag, oordeel en voordragtalent** – kortom **redenaarskuns.** Dit is 'n pragtige ideaal vir leerlinge.

Na aanleiding van die onderwerpe aan die einde van die hoofstuk sal jou onderwyser(es) jou aan **klasdebatte** laat deelneem. Sluit egter ook by die **skooldebatsvereniging** aan en beoefen die redenaarskuns. Jy sal nooit spyt wees oor daardie bietjie ekstra inspanning nie.

## E. BEOORDELING VAN TOESPRAKE EN DEBATTE

Jy kan baie leer deur jou klasmaats of ander sprekers se toesprake te probeer beoordeel. Daarom beveel ons die onderstaande eenvoudige punteskaal aan. Die skaal bevat tien vereistes vir 'n goeie toespraak en aan elkeen word 10 punte toegeken. Ken punte toe vir 'n toespraak wat gelewer word en stel vas of dit 'n **uitstekende** (80-100%), **goeie** (60-79%), **middelmatige** (40-59%) of **swak** (minder as 40%) toespraak was.

Deur krities (in 'n goeie gesindheid) te staan teenoor toesprake waarna jy luister, sal jy algaande self beter toesprake lewer.

| EIENSKAPPE VAN TOESPRAAK | PUNTE-WAARDE | PUNTE TOEGEKEN |
|---|---|---|
| **Styl:** | | |
| (*a*) Vlotheid van uitdrukking .. .. .. | 10 | |
| (*b*) Helderheid van gedagte .. .. .. | 10 | |
| (*c*) Voordrag: stembuiging, klem, ens. .. .. | 10 | |
| **Inhoud:** | | |
| (*a*) Feitekennis .. .. .. .. .. | 10 | |
| (*b*) Oorspronklikheid van gedagte .. .. | 10 | |
| (*c*) Logiese verband tussen feite .. .. .. | 10 | |
| **Taalvermoë:** | | |
| (*a*) Woordeskat .. .. .. .. .. | 10 | |
| (*b*) Taalbeheersing en idioom .. .. .. | 10 | |
| **Optrede voor gehoor:** | | |
| (*a*) Gemaklikheid en houding .. .. .. | 10 | |
| (*b*) Oortuigendheid (d.w.s. kontak met gehoor) .. | 10 | |
| **Totaal** | 100 | |

## F. ALGEMENE SPRAAKOPLEIDING

Ons gaan nie hier alles wat in die st. 6-boekie staan, herhaal nie, maar by wyse van hersiening wil ons nietemin die volgende paar punte aanstip:

1. *Vermy slordige uitspraakfoute wanneer jy praat.*
2. *Waak teen letteruitspraak*, m.a.w. moenie altyd presies praat soos jy skryf nie. Ons skryf bv. **wind, hoed, woord, land, sand,** ens., maar spreek dit *wint, hoet, woort, land, sant,* ens. uit.
3. *Die ontronding van klinkers* moet vermy word. Om *mys* i.p.v. **muis,** of *byg* i.p.v. **buig** te sê, is beslis slordig en onbeskaaf.
4. Let veral op die uitspraak van die volgende woorde:

   Sê **uu,** nie *ie* of *oe* nie in: **bruto, dokument, humor** (tog nie *jumor* of *joemor* nie), **individueel** (nie *ien-die-wie-djoe-heel* nie), **intellektueel, jubileum** (nie *joebelehem* nie), **Juliana, kommunis, monumènt** (nie *monjoement* nie), **museum, publiseer, studeer, student, tuberkulose, uraan** (nie *joeraan* nie), **naturel.**

   Sê **oo** nie *ou* nie in: **bravo, solo, netto, bruto** (uu-oo), **saldo, diskonto** (ken julle 'n gewoner Afrikaanse woord hiervoor?) **porto** (nie *portou* nie).

5. In die woorde tele**foon** en tele**gram** val die **nadruk** (klem) op die laaste lettergreep. Kyk nou hoe die woorde in die volgende lysie uitgespreek word (die aksentstrepies dui die klem aan):

| | | |
|---|---|---|
| pleidóói | deskúndiges | pósvry |
| wáárnemende | geliéfkoosde | áándenkings |
| ooréénstemming | misnoéë | áánvallende |
| ontwérp | minister | deurdríngende |
| voormálige | omlíggende | indertýd |
| welvárende | distrík | toénemende |
| heelál | liéfkosend | onmíddellik |
| tússenpose | álledaagse | intússen |

6. Om mooi, gevoelvol voor te dra, is binne die bereik van die meeste leerlinge. Probeer die volgende wenke toepas wanneer jy gedigte of prosastukke voordra:
   (*a*) *Dra duidelik en natuurlik voor.* Moenie jou onderwyser(-es) probeer wees nie, want dan sal jou voordrag geaffekteerd en onnatuurlik wees.
   (*b*) *Leef jou in in die stuk wat jy voordra* sodat jy die **stemming** daarvan kan vertolk.
   (*c*) Bestee besondere aandag aan die **tempo** (tydmaat) van jou voordrag en die **toonhoogte** van jou stem. Jou onderwyser(-es) sal hierin leiding gee.
   (*d*) Gepaste **gebare** kan die waarde van jou voordrag verhoog, maar waak tog teen oordrywing.
   (*e*) Geniet jou voordrag, dan is die saak meer as halfpad gewonne.

## OEFENINGE

**A. Gesprekke**

Twee of meer leerlinge kan in die klaskamer interessante gesprekke oor verskillende onderwerpe voer.

**Voorbeeld:** Klaas en Piet praat oor *Toustanery voor 'n rugbywedstryd.*

**Klaas:** „Piet, onthou jy die dag toe die Franse Hane hier teen die Boland kom speel het?"

**Piet:** „Ja, man, die dag toe ek en jy so lank voor die hek moes staan om by die veld te kom?"

**Klaas:** „Einste. En weet jy, ek het die toustanery amper meer geniet as die rugby."

**Piet:** „Dit weet ek, want jy het **haar** mos daar raakgeloop!"

**Klaas:** „Moenie verspot wees nie! Ek dink eintlik aan die stel wat jý afgetrap het." (*Gaan in dié trant voort.*)

*Praat nou oor:*

1. Die sport waarin ek die meeste belang stel.
2. My stokperdjie.
3. Voortreflikhede of belaglikhede van die moderne kleredrag van mans en vrouens.
4. Maniere waarop ons gaste kan onthaal.
5. Skoonheidsmiddels.
6. Voor die winkelvensters.
7. Op die stasie.
8. Die toustanery in die poskantoor.
9. Vader stuur my bank toe.
10. Petaljes met 'n ou tjorrie.
11. Ons besoek 'n vliegveld of 'n skip.
12. Ek staan en kyk terwyl hulle ons huis bou.
13. By die tandarts of die dokter of in die hospitaal.
14. Die lewe van 'n predikant of 'n sendeling.
15. Ons stadsraad se verantwoordelikheid.
16. Die soort handearbeid waarvan ek hou.
17. Op die plaas.
18. Toe ons gaan toer het.
19. Veelsydige ontwikkeling.
20. Van watter skoolvak ek die meeste hou en waarom.
21. As ons konsert hou.
22. Die lewe van toneelspelers.

23. 'n Wedstryd wat ek nooit sal vergeet nie.
24. Wat ek alles in my vrye tyd doen.
25. Meisies (of seuns)!

**B. Besprekings**

*Kies een of meer uit die onderstaande onderwerpe, versamel die nodige gegewens, deurdink en rangskik die stof, stip hoofpunte aan en maak jou klaar vir 'n bespreking waarin jy ook jou mening gee – 'n bespreking wat jy later op skrif kan stel:*

1. 'n Bespreking van 'n gelese boek of die nuus van die dag – soos uitgesaai of in die pers aangekondig. (Gee die feite en lewer kommentaar.)
2. Bespreek die invloed van die pers op die openbare mening.
3. Bespreek die waarde van bepaalde skoolvakke.
4. Bespreek die maniere waarop die skoollewe veraangenaam kan word.
5. Mense kla allerweë dat ons verenigingslewe aan die kwyn is. Bespreek maniere om daar lewe in te blaas.
6. Bespreek maniere om 'n gesonde sportgees te ontwikkel.
7. Die leerlinge wil 'n slag self konsert hou. Bespreek die moontlikhede.
8. Hoe kan ons 'n skoolkonsert met welslae laat verloop?
9. Bespreek die moontlikhede om die dorp of stad te verfraai.
10. Hoe sou jy 'n kinderdiens waarneem?
11. „Bewaar ons bodem." Bespreek dié leuse.
12. In Suid-Afrika is liefde vir diere in die beginstadium. Bespreek dié bewering.
13. Betaal kontant. Bespreek.
14. „Die môrestond het goud in die mond." Bespreek.
15. Arbeid adel. Bespreek.
16. Bespreek die belangrikheid van klein dingetjies.
17. Bespreek die voordele van spaarsaamheid en hoflikheid.
18. Bespreek die voor- en nadele van span- en klaskompetisies.
19. Eerlik duur die langste. Bespreek.
20. Besin eer jy begin. Bespreek.
21. Jy het 'n kompetisie gewen en R1,000 as prysgeld ontvang. Bespreek wat jy met die geld gaan doen.
22. Bespreek jou besoek aan 'n museum of kunsgalery.
23. Bespreek maniere om padongelukke te voorkom.
24. Bespreek die reëlings vir 'n skoolbasaar.
25. Bespreek 'n belangrike Suid-Afrikaanse staatsman.

**C. Toesprake**

1. Jou onderwyser(-es) gaan weg. *Lewer namens die klas 'n toesprakie.*
2. Die skool pak die een of ander onderneming aan (bv. 'n boomplantery of iets dergeliks). *Besiel die leerlinge met ywer vir die saak.*
3. Daar word 'n verskeidenheidskonsert gehou. *Verwelkom die aanwesiges namens die leerlinge.*
4. Jy is kaptein van die een of ander span. *Lewer jou eerste of laaste toespraak van die seisoen.*
5. Die een of ander beroemdheid het die skool kom besoek. *Rig 'n dankwoord tot hom (haar).*
6. *Lewer die toespraak waarvoor jy binnekort verantwoordelik sal wees.*
7. Jy is voorsitter(-ster) van die skooldebatsvereniging en dis die eerste vergadering van die jaar. *Verwelkom die lede en wei uit oor die voordele van so 'n vereniging.*
8. Jy is voorsitter(-ster) van die leerlingraad. *Spreek die lede toe oor leierskap.*
9. *Lewer die toesprakie waarvoor pa of ma so bang is.*
10. Veronderstel jy is reeds die persoon wat jy graag eendag wil wees. *Lewer die toespraak wat hy (sy) soms moet lewer.*

**D. Debatte**

1. Ons skole gee te min aandag aan handearbeid.
2. In ons land word te veel aandag aan sport bestee.
3. Afrikaans sal nie 'n suiwer taal bly nie.
4. Die wetenskap het ons meer ongeluk as geluk gebring.
5. Mans en vroue behoort vir dieselfde werk dieselfde salaris te ontvang.
6. Die mensdom gaan liggaamlik agteruit.
7. Die huidige geslag van meisies (seuns) is baie onhoflik.
8. Leerlinge moet meer seggenskap in skoolsake hê.
9. Leerlinge behoort hulle sakgeld te verdien.
10. Bekers of prysuitdelings behoort afgeskaf te word.
11. Die moderne jeug sal nie eendag goeie leiers kan wees nie.
12. Seuns en dogters behoort saam skool te gaan.
13. Suid-Afrikaners werk te min.
14. In Suid-Afrika ontvang behoeftige mense te veel staatshulp.
15. Die blankes in Suid-Afrika het geen toekoms nie.

**L.W. Ons kan hierdie werk puntsgewys tot opstelle ontwikkel.**

HOOFSTUK 2

# Skriftelike Werk

## A. SINNE EN PARAGRAWE

Ons het in die st. 6-boek die belangrikheid van die sin en die paragraaf in alle skriftelike werk, maar veral in opstelle en briewe, verduidelik. In plaas van alles hier te herhaal, versoek ons julle om 'n opstel wat deur 'n senior leerling geskryf is, aandagtig deur te lees en sommige van sy eienskappe te probeer bepaal.

### WIE IS MY NAASTE?

„Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." So staan dit in die Groot Boek geskrywe. Almal van ons moet ons naaste liefhê soos onsself. „Maar" . . . vra ons onwillekeurig „wie is nou juis ons naaste?"

As ek my naaste eerlik wil raaksien, sal dit nie nodig wees om ver te soek nie. Daar waar ek van die bus afstap in die oggend, sien ek hom elke dag. Hy wat slordig, gehawend by die randsteen staan, hy in wie ek 'n afkeer het omdat ek hom as 'n luiaard bestempel, hy is my naaste. Hy is my naaste omdat ek nie geweet het dat daardie helder blou oë feitlik stokblind is nie. Die litterige beenhandjie wat die viool stryk, is die winkende noodroep wat 'n eggo van die lewe soek.

Die ou jong wat elke Saterdag in ons tuin kom skarrel, is ook my naaste. Hy sê hy moet nou so ongeveer drie-en-negentig jaar wees, want hy en baas Groot Paul was ‚kinnisse' en nou moet hy maar woelig rondsoek na 'n doenigheidjie in die tuin, want al is 'n man so oud, hy moet darem eet ook. As daar dalk iets oorbly, moet hy 'n kombers koop vir die skraalte van die winter. Sy paar pensioensente moet vir daardie kaal dae bly, as daar geen tuinhek wil oopgaan nie. So weet ek dat ou Mankman beslis my naaste is.

En as al die hulpbehoewendes my naastes is, moet ek tog seker ook 'n hart hê vir hulle in die hospitaal. In saal C het ek die rye en rye wit beddens gesien en die geel gesigte en die maer arms wat moedeloos gevou op die deken lê. Die ou omie wat eindeloos kou met 'n hol mond en gretig wag op 'n geselsie; hy wil my graag baie naby hom hê. Hy is so my naaste vanmiddag omdat daar vir hom geen vooruitsig op beterskap is nie en ek het sonder my eie toedoen aan niks gebrek nie. Ek kyk langs die lang ry af, na hulle wat so tevrede is om te gaan. Die meeste van hulle is reeds besig om in die skuitjie te klim, want die roeier met die swart mantel het gewink.

Ook hulle wat rigtingloos verdwaal geraak het in die groot lewe, maak aanspraak op my liefde. Ek het hom met geswelde gesig en bloedbelope oë uit 'n kroeg sien val. Hy was vir my die veragtelike skuim van die stad, maar toe het 'n jong seun, so my maat, hom probeer ophelp. „Dis my pa," het hy gesê, toe ek die ander arm vat . . . „hy is so omdat my ma met die ander man weg is . . ." En toe ek laataand by daardie deur omdraai, het

ek dank en die liefde van my naaste ontvang, „Dankie dat jy hom met my tot hier gehelp het, jong . . . hoe is jou naam?"

So lyk dit of my naaste elke dag iemand anders is. Ek moet net die gawe ontwikkel om hom raak te sien en die genade van Bo om hom lief te hê.

(Uit *Opstelle wat sprankel*)

**Bespreking:**

1. *Die sinne*

Die leerling weet hoe om 'n sin te bou. Die sinne is nie te lank nie en dus ook nie lomp en verward nie. Daar is ook mooi afwisseling tussen kort en langerige sinne. Elke sin druk 'n gedagte uit en die betekenis van elkeen is duidelik.

Hierdie leerling ken die eerste vereiste vir goeie skryfwerk: Hy kan sinne bou.

2. *Die paragrawe*

Die opstel bestaan uit ses paragrawe, waarvan die eerste en die laaste kort en die res langerig is. Ons vind dus ook in die paragraafrangskikking mooi afwisseling. Bevat elke paragraaf 'n kerngedagte? Kom ons kyk:

(*a*) Ons moet weet wie ons naaste is.
(*b*) Die verarmde musikant is my naaste.
(*c*) Die gryse ou Mankman is my naaste.
(*d*) Die sterwendes in die hospitaal het my ook nodig.
(*e*) Ook die afgedwaalde dronkaard is my naaste.
(*f*) My naaste is elke dag by my as ek hom net kan raaksien.

Elke paragraaf is dus om 'n duidelike kerngedagte opgebou. Die skrywer van die opstel het presies geweet wat hy wou sê.

3. *Afronding*

Is die paragrawe mooi afgerond? Vorm hulle duidelike eenhede net soos die sinne, maar groter omdat hulle uit sinne saamgestel is?

Ja, ongetwyfeld. Elke paragraaf is 'n geheel: die tweede wat van die blinde vioolspeler vertel, die derde wat ou Mankman bekendstel, ens.

4. *Samehang*

Kan julle sien hoe die een paragraaf in die ander vloei om een groot, afgeronde opstelgeheel te vorm? Kyk na die eerste sin van die vierde paragraaf: „En as die hulpbehoewendes my naastes is . . ." Hierdie sin lei 'n nuwe paragraaf in, maar vorm tegelykertyd 'n skakel met die Mankman-paragraaf. Hierdie skakeling of samehang tussen die paragrawe vind ons feitlik deurgaans.

5. *Taalkorrektheid*

Ons het geen klagte oor foutiewe taalgebruik of interpunksie in hierdie opstel nie. Die leerling het klaarblyklik die belangrikheid daarvan besef; anders sou dit nie 'n A-opstel gewees het nie.

## OEFENINGE

1. *Verbeter die volgende lamlendige sinne (skryf elke sin uit):*
   (*a*) Die sakeman was in die vliegtuig op reis na Johannesburg wat later masjienmoeilikheid ontwikkel het.
   (*b*) Die bok het weggehardloop en die geweer het geweier toe ek na hom skiet.
   (*c*) Die vliegtuig het in die see neergestort waarmee hy verlede week van Bloemfontein gekom het.
   (*d*) Ons het daar aangekom en toe was Jan reeds weg en toe het ons maar omgedraai.
   (*e*) Hy doen elke oggend oefeninge om te voorkom dat hy nie onfiks word nie.
2. *Maak sinne met die volgende woorde:*
   mits, daarom, tensy, waarop, aangesien, waaronder, voorkom, waarin, ofskoon, derhalwe.
3. *Bou tekenende sinne om geluide aan te dui vir:*
   (*a*) Die populierbome in die wind.
   (*b*) Vet in die pan.
   (*c*) Reën op 'n sinkdak.
   (*d*) 'n Kat wat 'n muis verslind.
   (*e*) 'n Motor wat vinnig om die draai ry.
4. *Skryf 'n afgeronde paragraaf oor elk van die volgende:*
   (*a*) My suster se kêrel.
   (*b*) Ek maak 'n verjaardaggeskenk oop.
   (*c*) Katte in die maanlig.
   (*d*) Sonskyn.
   (*e*) Kool op tafel.
   (*f*) Ons huis se sonstoep.
   (*g*) Ou Wagter se oë.
   (*h*) Die melk kook oor.
   (*i*) Vroeg opstaan.
   (*j*) Ek trap op ons kat se stert.
5. *Bou om elk van die volgende kernsinne 'n mooi, afgeronde paragraaf op:*
   (*a*) Al is ou Wagter oud, is hy bepaald 'n goeie waghond.
   (*b*) Die motor het my so byna omgery daardie oggend.
   (*c*) Die beste motor kan 'n mens soms in die steek laat.
   (*d*) Sannie het my daardie aand lelik laat bloos!
6. 'n Woord of 'n sin aan die begin van 'n nuwe paragraaf vorm die skakel met die vorige en toon die verband aan met wat voorafgegaan het.
   (*a*) *Verdeel die volgende stuk in drie paragrawe;*
   (*b*) *Skryf die woorde aan die begin van die tweede en derde paragrawe neer wat die skakels met die vorige vorm;*
   (*c*) *Noem die hoofgedagte van elke paragraaf.*

Waarom vergader ons vanaand hier? Of liewer: waarom het ons die Afrikaanse publiek vanaand hier bymekaargeroep? Wel, waarde toehoorders, ons het soveel eerbied vir die rus van die Bloemfonteinse publiek dat ons ons nie sou gewaag het om u hierheen te laat kom vir 'n kleinigheid nie. Ons is bymekaar om die gewigtigste kwessie van die dag te bespreek: die taal. Niemand sal ontken dat hier onder ons volk 'n nasionale herlewing of oplewing is nie, 'n ontwaking. Lees maar net die koerante en u sal sien dat daar 'n volksgevoel oral is. Van alle kante kom die vraag: Wat moet ons doen? Hierop is die antwoord: Ons is Afrikaners en ons moet 'n eie kring vorm waarin ons ons self kan wees. Dit kan nie wees as ons nie ons eie taal waardeer en handhaaf nie. Die taal is as 't ware die heining van die eie kamp. Taal behou, alles behou; taal verlore, alles verlore.

(Aangepas uit *Pleidooie, Deel II:* gedeelte van 'n toespraak van ds. Willem Postma)

## B. DIE BOU VAN 'N OPSTEL

Onthou julle nog die beeld van die passasierstrein wat ons in st. VI met opstelle in verband gebring het? Toe het ons gesê dat die lokomotief die **inleidingsparagraaf** voorstel, die waens met hulle kompartemente (sinne) die **inhoudsparagrawe** en die kondukteurswa agteraan die **slotparagraaf.**

Ons wil nie te kenne gee dat alle opstelle **presies** so inmekaargesit moet word nie. Die oorspronklike leerling kan bv. met die slotparagraaf begin en tog daarin slaag om 'n afgeronde en pakkende geheel op te bou.

Die meeste opstelle volg egter die patroon van die treinbeeld en daarom bespreek ons die verskillende afdelings hier.

### 1. Inleiding en slot

Lees die volgende inleidende en slotparagrawe uit die werke van skrywers:

(*a*) Op die Plaza Castelar – waar die wit duiwe altyd rondfladder bo die groot oop plein en sy mooi blommark – het ek op 'n trem geklim vir die strand, Malvarossa . . . . .

(*b*) Die vrou se rooi kopdoek steek skerp af teen die blakende wit van die strand. Agter en bo haar marmer 'n paar reusagtige donderwolke spierwit teen die blou op. Sy word kleiner en kleiner . . . . .

Maar skielik doem sy groot in my gedagtes op, selfs groter as dié wolke daar met hul belofte van reën.

(Uit *Tremrit* deur Uys Krige)

(*a*) Wit het die huisie daar geleun teen die hang net langs die klofie in Koppie Alleen. Nie dat die huisie werklik so klein was nie, maar die een geweldige kameeldoring voor die stoep maak 'n dwerglandskap van alles om hom heen.

(*b*) Verwonderd staar die maan neer op 'n vrou wat oor die veld ry terwyl hartstogtelike snikke haar skouers trek. Verwonderd kyk die maan op die boertjie wat daar slaap op die kweek voor die huis teen Koppie Alleen.

(Uit *Die Huis teen koppie alleen* deur Toon van den Heever)

Wat merk julle op i.v.m. hierdie paragrawe? Die inleidende paragrawe **stel die leser bekend** met wat gaan volg. In albei gevalle is die bekendstelling **bondig** en **prikkelend.** Daar is geen langdradige beskrywings nie, die leser word **meteens midde in die verhaal geplaas** en hy voel lus om verder te lees.

Die **slotparagrawe** van albei verhale **rond die geheel mooi af.** Die leser vind daarin die **voltooiing** van die verhaal. Die verhaal bly nie in die lug hang nie, maar is behoorlik afgesluit. In *Tremrit* van Uys Krige is die slot werklik skitterend, veral omdat dit 'n dieper betekenis bevat, maar julle sal die hele verhaal moet lees om dit te kan besef.

Dit behoort vir julle duidelik te wees dat die inleiding en slot van opstelle baie aandag verdien.

## 2. Inhoud

Om 'n goeie inhoud te kan skrywe, het julle **kennis** en **oefening** nodig. Ook moet julle leer om met oop oë en ore deur die wêreld te gaan sodat julle 'n goeie **waarnemingsvermoë** kan ontwikkel.

Die leerling wat baie lees: goeie boeke, koerante en tydskrifte, en wat fyn oplet, sal 'n wye algemene kennis opbou. Vir opstelskrywe is hierdie kennis noodsaaklik.

Lees die volgende paragraaf uit *Tremrit* van Uys Krige:

Die trem rammel voort. Ons is al lankal buite die middestad. Die voorstede lyk al hoe meer op die platteland. Voor hul huise staan mense in hul hempsmoue. Plate blomme teken hulle bont af tussen die heldergroen van velde en tuine. Soos fraai geronde goudlampies hang die lemoene tussen die donkergroen lower. 'n Bokwa, vol varsgesnyde hooi, kraak stadig 'n sypaadjie af waarlangs kweperbome bloei. Op sy gemak agteraan trantel 'n seuntjie sy hoepel. In die landerye ploeg boere die rooi kluitgrond om; en plek-plek is daar lanings granaatappelbome wat, terwyl hulle nog vol ligrooi bloeisels staan, reeds van hul skarlaken-en-goue vrug dra. Hier en daar by 'n fontein of langs 'n stroompie, is 'n groepie vrouens besig met hul wasgoed, hul vinnige bewegings in opvallende kontras met die statiese van hul omgewing.

Hierdie stuk het **inhoud.** In 'n paar reëls maak ons kennis met 'n verskeidenheid dinge wat saamvloei om 'n kleurryke prentjie te vorm. Die skrywer kan beslis goed waarneem.

## 3. Styl

Lees weer die aanhaling uit *Tremrit* en let op die volgende:

Soos fraai geronde goudlampies hang die lemoene tussen die donkergroen lower.
'n Bokwa, vol vars-gesnyde hooi, kraak stadig 'n sypaadjie af . . . . .
. . . . . lanings granaatappelbome wat . . . . . reeds van hul skarlaken-en-goue vrug dra.

Die stuk het nie net inhoud nie, maar is ook op 'n **besondere manier geskryf.** Die skrywer besit die vermoë om sy gedagtes op 'n treffende wyse uit te druk.

Ons noem dit sy **styl.**

Styl is die mens self. As 'n mens skryf, openbaar jy jou eie innerlikheid. Die ware kunstenaar het 'n besondere aanleg vir die skryfkuns, maar ook ons gewone mense kan deur **aanhoudende oefening** leer om ons gedagtes **helder en aangenaam** op skrif te stel.

(In Hoofstuk 14 word Beeldspraak en Stylfigure behandel. Ons beveel aan dat hierdie hoofstuk saam met die skriftelike werk gedoen word.)

Om saam te vat:

(*a*) Sorg dat die inhoud van julle skriftelike werk **lesenswaardig** is. Vermeerder dus voortdurend julle gedagteskat.

(*b*) Druk julle gedagtes helder en prikkelend uit sodat 'n **lewende persoonlikheid** daaragter gevoel kan word.

## 4. Raamwerk

Om van 'n opstel of brief 'n mooi, afgeronde geheel te maak met paragrawe wat in mekaar vloei, is dit nodig om 'n raamwerk op te stel voordat julle begin skryf. Hier is 'n voorbeeld:

**Ander mense se eienaardighede**

(*a*) Alle mense het die een of ander eienaardige gewoonte.
(*b*) Aan die ontbyttafel verkies Vader die koerant se geselskap.
(*c*) Moeder versamel nie seëls nie, maar hoede!
(*d*) Ousus het haar kleedtafelspieël innig lief.
(*e*) Ons tuinjong dra altyd 'n plat flessie in sy agtersak.
(*f*) Mnr. Nel het die eienaardige gewoonte om breed te glimlag as hy die rottang uithaal.
(*g*) My eie eienaardighede?

Afgesien van die logiese samehang wat so 'n raamwerk bewerkstellig, het dit ook 'n ander groot voordeel: dit **dissiplineer 'n mens se denke** sodat jy nie maklik van die onderwerp afdwaal nie.

## Samevatting

1. Vermy lang, verwarde en lomp sinne.
2. Sorg vir afwisseling in paragraaf- en sinsbou.
3. Paragrawe moet afgeronde eenhede vorm.
4. Paragrawe moet bymekaar aansluit.
5. Die inleidende en slotparagrawe verdien besondere aandag.
6. Die opstel (of brief) moet 'n afgeronde geheel wees.
7. Die inhoud moet lesenswaardig wees.
8. Die inhoud moet interessant meegedeel word.
9. 'n Raamwerk vooraf is waardevol.
10. Foutiewe sinsbou kom aan die lig as 'n mens jou skryfwerk hardop lees.
11. Deur te lees, vul 'n mens jou gedagteskat aan.
12. Oop oë en ore bring 'n goeie waarnemingsvermoë.
13. Korrekte taalgebruik en punktuasie is noodsaaklik.

### OEFENINGE

1. *Stel 'n raamwerk vir 6 tot 8 paragrawe op oor elk van die volgende onderwerpe:*
   (*a*) Op 'n lekkende bootjie op die rivier.
   (*b*) Op die spoorwegstasie (OF: Op die lughawe).
   (*c*) My eerste vliegtuigrit.
   (*d*) Die lewe van 'n geneesheer.
   (*e*) Om platsak te wees.
   (*f*) Susters (of: Broers).
   (*g*) My geliefkoosde skrywer.
   (*h*) Reis as deel van ons opvoeding.
   (*i*) Die beskerming van ons natuurskoon.
   (*j*) Diere het verstand!
2. *Skryf die inleidende en slotparagrawe van* **vier** *van die onderwerpe hierbo.*

## C. SOORTE OPSTELLE

### 1. Die verhalende opstel

'n Verhalende opstel moet **pakkend vertel,** feitlik elke paragraaf moet 'n **nuwe verwikkeling** bring en daar moet 'n **ontknoping** (dikwels dramaties) wees.

**Opdrag**

*Vertel nou een of meer van die volgende pakkend:*

(*a*) Hoe hy(sy) aan daardie bynaam gekom het.
(*b*) Hoe die ongeluk gebeur het of voorkom is.
(*c*) Hoe ongelukkig die poetsbakkery afgeloop het.
(*d*) Hoe Simson aan sy einde gekom het.
(*e*) Hoe Woltemade of Dirkie Uys of Rageltjie de Beer onsterflike roem verwerf het.

### 2. Die beskrywende opstel

Die **beskrywende woord, sinsnede** of **sin** vorm skering en inslag van alle rake beskrywings. Kyk maar self na die volgende sinne:

(*a*) Die kat beweeg na die muis se kant toe.
(*b*) Die kat bekruip die muis.
(*c*) Kietsie sluip geruisloos nader.

Watter van hierdie drie sinne is vir jou die tekenendste? Waarom?

Kan jy die derde sin uitbou sodat die beeld nog duideliker word? As jy na daardie sin (nr. *c*) kyk, is dit vir jou duidelik hoe die kat bv. sy ore, rug en stert gehou het? Kan 'n mens ooit honderd persent volledig beskryf? Skuil daar nie 'n gevaar in om dit hoegenaamd te probeer nie?

Laat ons sien of jy 'n aanvoeling het vir die tekenende woord. *Skrywe net een tekenende sin om die volgende bewegings aan te dui:*

(*a*) Hoe die bootjie op die golwe heen en weer beweeg.
(*b*) Hoe die eende water toe stap.
(*c*) Hoe die windhond by jou verbykom.
(*d*) Hoe die man met die houtbeen die trap opkom.
(*e*) Hoe die dronk man in die straat opkom.

Dit is dus 'n kwessie van **waarneem** en **weergee.** Om dit te kan doen, moet jy natuurlik oor 'n uitgebreide woordeskat beskik. Ken jy, bv. die vlg. uitdrukkinge wat in verband met 'n donderstorm gebruik kan word:

> windlose stilte, marmerwit wolke, stapels of blouswart wolkemassas, oorverdowende gerammel, verblindende kettingflitse, kletterende druppels, klappende haelkorrels?

Vind jy bostaande natuurlik of te swaar gelaai of te afgesaag en onoorspronklik? ('n Mens moet mos darem te alle tye vlot en natuurlik skryf, dan nie?)

**Opdrag**

*Beskryf nou een of meer van die volgende:*

(*a*) Oupa of Ouma of Dominee.
(*b*) Klein katjies of hondjies.

(*c*) 'n Donderstorm of 'n haelstorm.
(*d*) My geliefkoosde jaargety.
(*e*) Glimlaggies.
(*f*) Hoe 'n straalvliegtuig neerstryk.
(*g*) Ousus gaan trou.
(*h*) Ouboet se nuwe sportmotor.
(*i*) 'n Begrafnis.
(*j*) 'n Motorbotsing.

**3. Die feiteopstel**

In hierdie soort opstel gaan dit om die **versamel van feite, sistematiese rangskikking, die logiese verband en die duidelike en aantreklike aanbieding.** Dit is noodsaaklik dat wat 'n mens sê of skryf, op feite sal berus en dat die feite op 'n duidelike en aantreklike manier weergegee sal word. Gee spesiale aandag aan die inleiding en slot, maar vergeet die liggaam ook nie. Dink maar weer aan die beeld van die trein.

*Stel nou die raamwerk vir 'n paar van die volgende op en skryf dan 'n feite-opstel oor een of meer van hulle:*

(*a*) My held(-in) in die geskiedenis.
(*b*) Die wonder(e) van Suidelike Afrika.
(*c*) Die atoombom.
(*d*) Ruimtereise.
(*e*) My geliefkoosde skrywer of skryfster.
(*f*) My held(-in) in die sportwêreld.
(*g*) My held(-in) in die wêreld van die musiek of die skilderkuns.
(*h*) 'n Merkwaardige rolprentster.
(*i*) My liefhebbery.
(*j*) Maniere van geldbesparing.

**4. Die kunsopstel** (Bespiegelende Opstel)

Alle mense gee hulle soms aan **drome, mymeringe, fantasieë en bespiegelinge** oor. Ons hoop so, want 'n mens wat mooi wil ontwikkel, het die droom én die daad nodig – elkeen op sy tyd.

Die skryf van 'n **kunsopstel** (want ons het hier te doen met 'n kuns en nie met die weergee van feite nie) kan beswaarlik vir ander mense geléér word. Mense wat hoegenaamd geen verbeeldingskrag of skoonheidsin het nie, begryp (jammer genoeg) van hierdie soort kuns weinig of niks. Selfs mense wat aanleg vir hierdie kuns het, verskil só van mekaar dat die een se benadering altyd anders as dié van die ander sal wees.

In elk geval, lees die volgende ontboeseming van 'n dogter in Standerd Agt:

MY DROME

Ja, ek is 'n ou dromer, tot ergernis van my onderwysers en my familie – behalwe Pa wat, net soos ek, ook gewoonlik in 'n droomwêreld woon. Hulle sê 'n mens moet werk, dinge doen en geld maak. Jy kan nie in die lug woon en jou op die aarde voed en klee nie. Soms probeer ek op die aarde woon – soos Ma altyd sê. Maar wat! As ek my kom kry, is ek weer ver weg van die nare geskiedenis en die vervelende algemene wetenskap.

Dan is ek 'n groot sangeres wat roembelaai van die buiteland terugkeer en nou voor my eie mense optree. Die reuse-saal is stampvol. Jy kan die stille afwagting aanvoel.

Ek sing my groot vreugde uit oor my land, my eie Suid-Afrika. Daardie laaste noot het die mense skoon in vervoering.

„Marie!" kom dit ewe gevoelloos van daardie katterige juffrou Bergh, „jy sit en slaap al weer. Met droom kom 'n mens nêrens nie!"

„Dit spyt my, Juffrou," sê ek skaam en verneder, maar ek is nie regtig spyt nie. Ek het dit dan geniet. En nou is ek vies vir so 'n kat. Met droom kom 'n mens nêrens nie, sê sy!? Dis twak! Ek gaan iewers kom . . .

Ek is 'n rolprentster – die eerste werklike groot Afrikaanse rolprentster! Ek ry vinnig met daardie groot, lae motor van my, want ek moet betyds wees. Ek kan die honderde mense mos nie teleurstel nie. Sommige van hulle het baie ver gekom – nie alleen om die stuk te kom kyk nie, maar om die handtekening van my, hulle heldin, te kry. Hier staan ongelukkig 'n verkeerskonstabel. Ek trap werktuiglik die rem en skrik blosend as ek teen Faan se groot voet vastrap . . .

Ja, so gaan dit met ons dromers. Dis 'n lewe van vlugte, hoogtes en dieptes. Maar ek wil nie anders wees nie. Pa is so, en hy is my held. Hy sê altyd: „Sonder visioene sterf 'n volk."

## Opdrag

1. *Gaan eers die paragrawe, leestekens en taal na.*
   Is die paragrafering en leestekens in orde? Kan jy die sentrale gedagte in elke paragraaf weergee? Is die taal goed versorg? Is die paragrafering, leestekens en taalversorging van belang in 'n kunsopstel?
2. *Gaan nou die feite na.*
   Is daar baie feite in hierdie opstel? Is baie feite hier noodsaaklik? Wat is (volgens jou mening) hier van oorwegende belang?
3. *Lees nou weer die opstel en probeer die waarde bepaal.*
   Is dié opstel vir jou 'n pragtige kunswerk, mooi, redelik, vervelig, louter twak? (Probeer sê waarom jy so dink.)

## Opdrag

*Skryf jy nou een of meer van die volgende fantasieë:*

(*a*) Ek of een van my klasmaats oor vyftig jaar.
(*b*) My dorp of stad oor 'n eeu.
(*c*) Ons land oor honderd jaar.
(*d*) Vervoer oor 'n eeu.
(*e*) As ek burgemeester van ons dorp of stad, of Eerste Minister van Suid-Afrika was.
(*f*) Ek word diktator.
(*g*) Ek word onsigbaar.

(Ons hoop hierdie afdelinkie het vir jou 'n sleutel tot die skatkamer van ons literatuur gegee. Onthou: Feite en die wetenskap is baie, baie belangrik, maar sonder die kuns kan 'n volk ook nie leef nie. Jy lees tog uit eie beweging ons mooi romans, kortverhale en sketse, dramas en poësie, nè?)

## Opmerking

Ons wil vir julle wat die lus en die talent het, baie sterk aanmoedig om uit eie beweging te skryf vir jaarblaaie, tydskrifte of – sommer uit pure liefde!

## D. OPSTELONDERWERPE

**Verhale en beskrywings**

1. 'n Rampspoedige jagtog.
2. Ons buurvrou koop 'n nuwe motor.
3. My pa kry 'n dosie sigarette in my sak.
4. My eerste aandrok.
5. „Agteros kom ook in die kraal."
6. Party mense kan darem snaaks wees!
7. Daardie dag moes ek 'n leuen vertel.
8. Die ou briewebesteller se verhaal.
9. Op reis langs die tuinroete.
10. 'n Nare ondervinding in 'n motel.

**Feiteopstelle**

11. Die winkels in ons dorp.
12. Die ontvolking van die platteland.
13. Hoe ek Afrikaans kan handhaaf.
14. Die invloed van koerante.
15. Padveiligheid.
16. Ou geboue moet bewaar word.
17. Historiese monumente in Suid-Afrika.
18. Die regte van klein nasies.
19. Lyfstraf op skool.
20. Wat boeke vir my beteken.

**Kunsopstelle**

21. Ek hou van . . . . .
22. Die dag van môre.
23. Dinge wat ek nie begryp nie.
24. As die aandwind fluister.
25. Die ou huishorlosie op die kaggelrak.
26. As ek weer kan lewe . . . . .
27. Die lewe is 'n speeltoneel.
28. Op die rivierwal.
29. Mis oor die stad.
30. Ek verbeel my . . . ..

## E. BRIEWE

### 1. Die vriendskaplike brief

(*a*) *Lees die volgende brief:*

Piet Retiefstraat,
Ladismith,
Kaap,
10 Mei 1968.

(Laat 'n reëltjie oop)

Liewe Ouboet,

Ek het nie geweet dat 'n mens na so 'n vabond van 'n broer sal verlang nie, maar nou moet ek erken dat die huis soos 'n begraafplaas is sedert jy Pretoria toe is. Selfs Kleinboet se baljaardery met die geduldige ou Wagter is maar 'n druppel in die groot emmer stilte hier op die plaas.

Karnuffel hulle jou darem goed daar in die kamp? Is die sersant-majoor kwaai? En het die leër genoeg kos vir jou gesonde eetlus? Jy moet alles skryf, hoor?

Hier op die plaas gaan dit maar nog die gewone stryk. Die bokamp het mooi reën gehad en Pa sê die dam is byna vol. In oom Gys se bergkamp het glo 'n wolkbreuk uitgesak en die ousloot het Griet en haar kêrel voorgekeer toe hulle die aand laat van die dorp af terugkom.

Ek wil nie maande vir 'n brief wag nie, hoor?

Jou verlangende sus,
Rina.

### Vrae

1. Is **Piet Retiefstraat** reg geskryf? Skryf 'n mens ook Smutslaan, maar Jan Smutslaan, Celliersstraat maar Sarel Celliersstraat? (Soos julle sien, is dit eers die eienaam en dan die straat. By skole (en hotelle) sien ons dikwels die teenoorgestelde: Die hoërskool Wonderboom, Pretoria; die hoërskool Generaal Hertzog, Witbank; Hotel Avalon, Heidelberg, Transvaal.)
2. *Waarom skryf ek Kaap na Ladismith?*
3. *Kan jy ook 'n punt agter Kaap plaas?*
4. *Is die slot korrek?*
5. *Skryf jy aan jou suster soos jy met haar sou praat?*

### Opdrag

1. *Skryf nog een of twee paragrawe by die brief – in dieselfde trant as dié waarin die brief geskryf is.*
2. *Beantwoord nou Rina se brief of beantwoord die brief wat jy met jou verjaardag van die huis ontvang het.*

(*b*) *Lees nou weer die volgende briefie:*

Paul Krugerstraat 17,
Worcester,
11 Februarie 1968.

Beste Annie,

Hoewel ek jou nog net ontmoet het en nie baie gesels het nie, ken ek jou nietemin, omdat Nella so baie van julle en veral van jou gepraat het. Sy het die afgelope vakansie tog te heerlik op julle Bosveldplaas gekuier.

Nou wil ek jou hiermee baie vriendelik uitnooi om die April-vakansie by ons te kom deurbring. Moontlik is dit vir jou net so 'n nuwe ervaring soos die plaaslewe vir Nella was. Ek hoop in elk geval jy geniet dit net so.

Praat met jou ouers en laat my weet dat dit alles reg is. Sê ook sommer wat jy graag alles sal wil doen en sien. Dan sorg ons vir 'n interessante program.

Moet ons nie teleurstel nie, want ons sien baie uit na jou koms.

Jou vriendin,
(Mev.) P. Schoeman.

**Vrae**

(*a*) Is die vorm van die brief dieselfde as dié van die vorige?
(*b*) Is die verhouding en die styl dieselfde?
(*c*) Is hierdie brief korrek?
(*d*) Is die sinne reg?
(*e*) Die paragrafering?
(*f*) Die interpunksie, d.w.s. die gebruik van die leestekens?
(*g*) Van watter van die twee briewe hou jy die meeste? Waarom?

Beantwoord jy nou mev. Schoeman se brief en adresseer dit.
(Hoeveel seëls gaan jy opplak?)

**Verdere Opdrag**

*Skryf aan 'n familiebetrekking of vriend(-in) om 'n paar interessante stukkies nuus mee te deel of beantwoord 'n interessante brief wat jy onlangs ontvang het.*

## 2. Die sakebrief

(*a*) *Bestudeer die volgende brief:*

Voortrekkerstraat 20,
Kimberley,
1 Augustus 1968.

(*Laat 'n reëltjie oop*)

Mnr. B. Schoeman,
Lushof,
Witrivier.

(*Laat 'n reëltjie oop*)

Geagte Heer,

(*Laat 'n reëltjie oop*)

Bestelling

(*Laat 'n reëltjie oop*)

In antwoord op u prysopgawe wat ek onlangs ontvang het, wil ek u vriendelik versoek om my asseblief sonder versuim aan te stuur:

tien sakkies lemoene (eerste graad van enige soort),
twee kissies papajas (eerste graad van enige soort),
twee kissies tamaties (eerste graad),
twee kissies avokadopere (eerste graad van enige soort).

Indien u net kontantbestellings behartig, stuur die vrugte dan maar asseblief kontant by aflewering.

By voorbaat dank.

Die uwe,
(Mev.) B. A. de Wet.

### Vrae

(*a*) Hoe dink jy waarom het dit gewoonte geword om die voorletters, van en adres van die ontvanger aan te bring?
(*b*) Waarom word **Geagte Heer** in hierdie brief bo Waarde Heer verkies?
(*c*) Waarom het die woord papajas geen afkappingsteken nie?
(*d*) Waarvoor staan k.m.b.?
(*e*) Is **Die uwe** korrek?
(*f*) Waarom word die (Mev.) voor B. A. de Wet geskryf?
(*g*) Waarom skryf ons mev. B. A. de Wet, maar mev. De Wet?
(*h*) Weet jy nou wat 'n sakebrief, 'n sakeman en 'n sake-onderneming is?

(*b*) *Lees nou die volgende brief baie aandagtig deur:*

B. BARENDSE

Algemene Handelaar

Tel. 555
Telegr. Handel
Posbus 6666

Langstraat 38,
Boksburg-Noord,
3 Mei 1968.

Verwys na: Nr. S. 5/71
Mev. P. J. du Plessis,
Kameelfontein,
Parys.

Geagte Mevrou,

Beskadigde Breekgoed

In antwoord op u brief van 25 April wil ek my innige spyt te kenne gee dat vier glase gebreek en drie pierings gebars het. Daar moes iets onvoorsiens plaasgevind het, aangesien ons verpakkers nog altyd uiters betroubaar was.

In elk geval, ons stuur nog vandag ses glase en drie pierings om die beskadigde ware te vervang, en hoop hulle bereik u onbeskadig.

Dienswillig die uwe,
P. Biesenbach.
(Bestuurder.)

## Vrae

(*a*) *Weet jy wat briefhoofde is?* Hoe dink jy wat staan op elke bladsy gedruk sodat dit nie elke keer getik hoef te word nie? (Ons praat nou van briewe wat uit B. Barendse se winkel gaan.)
(*b*) Skryf ons Boksburg-Noord, Bloemfontein-Oos en Oos-Londen?
(*c*) Waarom het firmas 'n handelsnaam vir telegrafiese doeleindes? Het firmas ook soms leuses?
(*d*) Waarom is daar 'n verwysingsnommer?
(*e*) Waarom word die doel van hierdie brief bo aangegee? Lyk dit vir jou na 'n groot firma?
(*f*) Waarom word daar met **Dienswillig die uwe** afgesluit?
(*g*) Behartig B. Barendse self die briewe? Is die naam onderaan sulke briewe noodwendig dieselfde as die naam van die firma?
(*h*) Watter ander eienskappe as duidelikheid moet 'n goeie sakebrief hê?

## Opdrag

(*a*) *Skryf jy nou die brief wat mev. P. J. du Plessis geskryf het;*
en/of
(*b*) *Bestel 'n troeteldier(tjie) n.a.v. 'n advertensie;*
en/of
(*c*) *Skryf die sakebrief wat jy die graagste wil skryf.*

### 3. Die amptelike brief

Kan jy sê wat **amptelik** beteken? Dink aan **amptenare, beamptes,** ens.
Hier volg drie voorbeelde – een aan die stadsklerk (eintlik die stadsraad), een aan die skoolraadsekretaris (eintlik die skoolraad) en een aan die skriba (eintlik die kerkraad):

```
                                          Heuwelstraat,
                                            Swellendam,
                                              1 Mei 1968.
Die Stadsklerk,
Swellendam.

Geagte Heer,

                Klagte i.v.m. vullis
       Ek verkeer onder die indruk dat 'n munisipale
regulasie mense verbied om hulle vullis, selfs
tuingras en onkruid, op die sypaadjies te gooi.
       My een buurman het die gewoonte om sy uit-
geskoffelde onkruid op die sypaadjie by ons skeiding
te laat lê totdat die vulliskarre dit verwyder.
       Omdat die vullis naby my voordeur lê, is dit
vir ons baie onaangenaam. My versoek om hierdie
laakbare gewoonte te staak, het tot dusver op dowe
ore geval. Daarom wend ek my tot u in die hoop dat u
u aandag aan die saak sal skenk.
       By voorbaat dank.

                                 Hoogagtend die uwe,
                                   Kasper Landman.
```

### Opdrag

Bekyk die brief goed en stel self vrae vir mekaar oor die vorm en inhoud.
*Skryf dan 'n brief aan die stadsklerk oor die toestand van die straat voor jou deur.*

### 4. Die aansoekbrief

Aangesien so baie leerlinge die skool na st. 8 verlaat en dan **aansoekbriewe** moet skrywe, wil ons die een en ander in verband met sulke briewe sê:

(*a*) Sulke briewe kan sakebriewe of amptelike briewe wees. Dit hang daarvan af wie die werkgewer is.
(*b*) Dra sorg dat die brief onberispelik netjies en goed versorg is en dat die vorm korrek is.
(*c*) Behandel die stof stelselmatig – desnoods onder bepaalde hoofde.
(*d*) Gee volledige inligting (veral wat op die pos betrekking het), sonder om jou eie voortreflikheid te hoog aan te slaan.
(*e*) Die toon van die brief moet beskaaf en hoflik wees.

*Lees die volgende aansoekbrief:*

Hoofstraat 38,
Wellington,
1 April 1968.

Die Sekretaris,
Skoolraad,
Paarl.

Geagte Heer,

Aansoek om betrekking van tikster

Na aanleiding van u advertensie in ,,Die Voorlaaier'' van 21 Maart wil ek hiermee aansoek doen om die betrekking van tikster in u kantoor.

Ek het die standerd VIII-eksamen aan die plaaslike hoër skool in die eerste graad afgelê, met onderskeiding in Afrikaans en Engels. Ek is dus goed tweetalig. My kursus het voorts vakke soos boekhou, snel- en tikskrif ingesluit.

Die afgelope jaar was ek my klas se verteenwoordigster in die leerlingraad, wat my in staat gestel het om heelwat ondervinding in die omgang met mense op te doen.

Indien u verdere inligting verlang, verwys ek u na ds. J. du Plessis en my skoolhoof, mnr. M. T. Bekker, albei van Wellington. Ek sluit getuigskrifte van hulle in.

Ten slotte wil ek net sê dat ek my uiterste bes sal doen in my werk, as my aansoek slaag.

Hoogagtend die uwe,
(Mej.) B. Myburgh.

**Opdrag**

*Doen nou aansoek om die betrekking van lugwaardin of van kelner op 'n trein of boot.*

*Let op die volgende brief aan 'n skriba:*

Posbus 21,
Dordrecht,
3 Mei 1968.

Die Skriba,
N.G. Kerk,
Hoofstraat,
Swellendam.

Geagte Heer,

Aansoek om doopseel

Hiermee wil ek u baie vriendelik vra om my doopseel asseblief so gou moontlik aan te stuur, aangesien ek dit nodig het om om 'n betrekking aansoek te doen.

My naam is Marthinus Theunis Steyn, en ek is op 1 Januarie 1942 op Swellendam gebore en natuurlik ook daar gedoop. My vader is Christian de Wet Steyn en my moeder is Petronella Maria Steyn (gebore Kruger).

Ek weet ongelukkig nie watter bedrag ek moet insluit nie. Wees asseblief so vriendelik om my te laat weet wat ek verskuldig is. Ek beloof om dit onmiddellik aan te suiwer.

By voorbaat hartlike dank.

Hoogagtend die uwe,
M. T. Steyn.

## Vrae

(*a*) Wat doen 'n skriba en 'n kassier?
(*b*) Sê nou jy het aan 'n predikant geskryf. Hoe sou jy dan begin het?
(*c*) Watter ander woord as gebore (in gebore Kruger) word soms gebruik?

## Opdrag

*Skryf aan die kerkraad om te vra dat 'n jaarlikse beurs aan die verdienstelikste leerling toegeken word of dat 'n opstelwedstryd uitgeskryf word.* Gee besonderhede.

# 'N BIETJIE MEER GEVORDERDE WERK

Hier is 'n voorbeeld van 'n brief uit die Departement van Mynwese – 'n antwoord op 'n navraag in verband met poste in daardie departement:

Verw. nr. S. 1G1/56.

Departement van Mynwese,
Uniegebou,
Pretoria.
14 Mei 1968.

Mnr. J. Steyn,
Kerkstraat 33,
Wolmaransstad.

Geagte mnr. Steyn,

Navraag i.v.m. poste

In antwoord op u brief van 11 Mei moet ek u meedeel dat 'n pamflet met volle besonderhede onder aparte omslag aan u gepos is.

Die nodige aansoekvorms is ook ingesluit. Ek hoop u stel in daardie aspek ook belang.

Indien u verdere inligting verlang, verstrek ek dit graag.

Hoogagtend die uwe,
P. J. Joubert.
(vir Sekretaris).

Miskien sal dit die doeltreffendste wees om in verband met amptelike briewe maar 'n paar voorskrifte te gee. Die Staatsdienskommissie (watter kommissie is dit?) het 'n spesifieke aanduiding ten opsigte van die vorm van amptelike briewe gegee, en dit is goed dat julle reeds in hierdie stadium daarmee kennis maak. Die vorm wyk nie baie ver van dié van sakebriewe af nie, maar daar word duidelik daarna gestrewe om die briefwisseling te vergemaklik. Laat ons dit liewers puntsgewys behandel:

1. Die adres van die afsender se vorm lyk net soos dié in 'n sakebrief – behalwe dat net die punt agter die dorp of stad se naam aanvaar word, waar gewoonweg 'n komma en 'n punt aanvaar word.

   (Die adres hier sowel as dié van die ontvanger kan skuins of regaf loop. Regaf is natuurlik makliker vir die tik.)
2. Die verwysingsnommer moet bo-aan verskyn en die doel van die brief net na die aanhef.

   (*Waarom sou hierdie twee aanduidings noodsaaklik wees?*)
3. Die naam en adres van die ontvanger moet natuurlik ook verstrek word. (Waarom?)
4. Die aanhef is in die meeste gevalle **Geagte mnr.** (mev.) **Steyn** (of hoe die van ook al is) of **Geagte Heer** (Mevrou).

   Dit hang natuurlik van die ontvanger se status af. Miskien sal dit goed wees om op die volgende adresse, aanspreek- en afsluitingsvorme te let:

(*a*) 'n Brief word aan **Sy Hoogedele, die Eerste Minister** geadresseer. Die aanspreekvorm is **Hoogedele Heer,** en die brief word afgesluit met **Met die meeste hoogagting** of **Hoogagtend die uwe.**

(*b*) 'n Minister en 'n Administrateur se adres is **Sy Edele, die Minister** of **Administrateur.** Die aanspreekvorm is **Edele Heer,** en die slot ook **Met die meeste hoogagting** of **Hoogagtend die uwe.**

(*c*) **'n Superintendent-Generaal of Direkteur van Onderwys** spreek jy aan as **Weledele Heer.** Die slot is weer
**Met die meeste hoogagting** of **Hoogagtend die uwe.**

(*d*) **'n Landdros en 'n burgemeester** word in 'n brief aangespreek met **Agbare Heer,**
terwyl **Met die meeste hoogagting** of **Hoogagtend die uwe** ook hier 'n passende slot is. Die adres op die koevert is Die Agbare Burgemeester of Landdros.

(*e*) **'n Moderator** spreek jy aan as **Hoogeerwaarde Heer,** terwyl **'n dominee as Weleerwaarde Heer** aangespreek kan word. Jy kan seker self aflei wat die slot en die adres op die koevert moet wees.

(*f*) **Geagte Heer** of (minder deftig en korrek) **Waarde Heer** of **Geagte mnr. Steyn** dek min of meer al die ander gevalle.

5. Die inhoud moet korrek, saaklik en hoflik wees. 'n Mens tref dit selfs aan dat die paragrawe genommer word, sodat jy maklik na 'n bepaalde paragraaf kan verwys.
6. Die slot is gewoonlik **Hoogagtend die uwe, Met (die meeste) agting** of net **Die uwe.** Dit hang van die status van die ontvanger, die graad van eerbied en ook die aanhef af. Wees liewer te hoflik as te onbeleef. As jy twyfel, begin met **Geagte Heer** en sluit **Hoogagtend die uwe** af.

   Gewoonlik skryf die sekretaris nie self nie, maar iemand anders stel die brief op, teken dit en plaas onderaan tussen hakies (vir sekretaris).

## Opdrag

Skryf jy nou die brief wat mnr. Steyn aan die Departement van Mynwese geskryf het of skryf 'n brief aan die stasiemeester oor 'n verlore koffer.

## Verder

(*a*) Jy (dogter) is lid van 'n vrouevereniging. Skryf 'n brief aan die stadsklerk oor verfraaiing van jou stad of dorp.

(*b*) Jy (seun) is die stadsklerk wat die brief moet beantwoord.
*Stel daarna vas of die volgende in orde is:*
1. jou adres;
2. die adres van die ontvanger;
3. die aanhef;
4. die doel van die brief;
5. die inhoud ten opsigte van duidelikheid, saaklikheid, korrektheid en hoflikheid;
6. die slot.

(*c*) *Kan jy die volgende in 'n brief gebruik:* in verband met, in antwoord op, met betrekking tot, met verwysing na, by voorbaat dank?

## F. AMPTELIKE UITNODIGINGS

Het julle al ooit 'n formele uitnodiging met 'n antwoord gesien? Ons praat nie nou van daardie informele briefie aan jou maat, Jan, om Saterdagaand te kom waatlemoen eet en sommer 'n meisiekind ook saam te bring nie! Nee, dis 'n deftige dinee (of so iets) waarheen jy met formele drag kom en waarby alleen formele uitnodigings (netjies geskryf of gedruk) pas.

Die korrekte amptelike uitnodiging lyk so:

Die skoolkommissie en personeel van die Hoërskool Danie Theron nooi inspekteur en mevrou C. R. Visser vriendelik uit na 'n dinee in die Hotel Avalon op Woensdagaand, 10 Mei om 8 nm., om afskeid te neem van die skoolhoof, mnr. J. A. de la Rey en mevrou De la Rey.

Antwoord asseblief.

Die antwoord lui:

Inspekteur en mevrou C. R. Visser neem u vriendelike uitnodiging na die dinee, ter ere van mnr. en mev. J. A. de la Rey, met dank en genoeë aan.

Die Keur, Bedford.

### Opdrag

*Bedink julle nou self interessante uitnodigings en antwoorde.*

## G. AANVULLENDE STELOEFENINGE

### 1. Kennisgewings

'n Kennisgewing vir 'n debatsvereniging kan so lyk:

DEBATSVERENIGING
in die Skoolsaal

*Vrydag,* 3 *Mei, om* 7.30 *nm.*

**Program**

| | | |
|---|---|---|
| *Verwelkoming* | : | Die Voorsitter. |
| *Klaviersolo* | : | Rina Verster. |
| *Debat* | : | Die Republiek bestee te min aan Verdediging. |
| *Inleier* | : | Jan Snyman. |
| *Sekondant* | : | Piet Rademan. |
| *Teenstander* | : | Philip Meyer. |
| *Sekondant* | : | Esther le Roux. |

**Pouse van 10 minute**

*Bespreking van debatsonderwerp.*

**Stemming**

| | | |
|---|---|---|
| *Sangsolo* | : | Koos Nel. |
| *Tweesang* | : | Gys Roux en Ansie Bergh. |
| *Afsluiting* | : | Die Skoollied. |

**Opdragte**

1. Jou pa (ma) is sekretaris(-esse) van 'n klub, vereniging of ander organisasie.
   *Stel namens hom (haar) 'n kennisgewing van 'n jaarvergadering (of 'n ander vergadering) aan alle lede op. Skets kortliks die agenda, en stel die kennisgewing so op dat dit deur die pos gestuur kan word.*
2. Daar gaan 'n groot reünie van oud-leerlinge van julle skool wees.
   *Bespreek die aangeleentheid en stel 'n kennisgewing vir die pers op.*
3. Jy het iets kosbaars verloor of jy soek 'n geleentheid per motor na Kaapstad.
   *Stel onder die opskrif, Persoonlik, 'n kennisgewing vir 'n koerant op.*
4. *Stel die verlowingsberig van 'n bloedverwant of vriend(-in) vir 'n koerant op.*

(Moenie die mense laat lag of laat skaam word nie!)

**2. Biljette en plakkate**

(*a*) 'n Biljet of plakkaat kan so lyk:

**Sport! Sport! Boeresport!**

*Waar?*

**Van Riebeeck-terrein**

*Wanneer?*

**Saterdag 11 Julie**

*Toegang?*

**75c Ete ingesluit**

Begin om 9 vm. vir klein en groot!

(*b*) 'n Strooibiljet:

| | | |
|---|---|---|
| **Saterdag** | ★ | Hoërskool Voortrekker |
| **is** | ★ | teen |
| **Swemdag** | ★ | Hoërskool Weltevreden |
| | ★ | |
| | ★ | *Dorpswembad om 2 nm.* |
| | ★ | *30c en 10c* |
| | ★ | |

**Let Wel:** Die taal moet altyd goed versorg wees en moenie te veel op 'n plakkaat of biljet sê nie. Sê net genoeg om die mense te prikkel.

**Opdragte**

1. *Stel plakkate of biljette op vir jou skool se konsert, kermis of atletiekbyeenkoms.*
2. Jy gaan 'n motorsaak of 'n winkel vir elektriese ware of 'n modewinkel of 'n skoonheidsalon of 'n haarkappersalon of 'n apteek open.
   *Stel 'n strooibiljet op om jou onderneming onder die publiek se aandag te bring.*
   (L.W.
   (*a*) Stel die belangrikste tegniese terminologie in verband met die saak vas. Wees suiwer en keurig ten opsigte van jou taalgebruik.
   (*b*) Stel net die kern – korrek, smaakvol en pakkend.
   (*c*) Jy kan hierdie biljet desverkiesend die vorm van 'n brief laat aanneem.)
3. Schoeman en Schoeman begin met hulle groot somer- of winter-uitverkoping. *Stel 'n strooibiljet vir hulle op.*
4. *Stel enige vandisiebiljet op.*
   (**Opmerking:** (*a*) Raadpleeg 'n firma wat eerbied het vir korrekte taalgebruik. (*b*) Kan julle nou sien op hoeveel terreine julle eendag julle moedertaal kan bevorder?)

**3. Advertensies**

1. Ons gaan by naam- en uithangborde begin – eers by dié wat net die naam en die aanduiding van die beroep of ambag bevat.
   Kyk gou die klas deur, laat jou verbeelding so 'n tien, vyftien jaar vooruit vlieg en *stel vir een of twee maats uithang- of naamborde op.*

**Opmerking**

(*a*) Gee net die naam en die aanduiding van die beroep soos bv.: P. J. Smit, prokureur, notaris en afslaer.
(Jy het mos seker in jou dorp of stad opgelet hoe professionele mense soos dokters, prokureurs en andere hulself bekend stel – en hoe sakemanne dit doen.)

(*b*) Dis 'n heerlike kans om oor ampte, beroepe, ens. te gesels en die nodige terminologie te bekom.

2. *Doen nou weer wat jy in 1. gedoen het, maar soek gevalle van sake-ondernemings uit wat jy 'n bietjie kan kleur soos bv.:* **Marais en Daneel vir Moderne Motors en Deeglike Diens.**

**Vrae**

(*a*) Mag hierdie „kleur" aangebring word deur dokters, veeartse, advokate, argitekte en ander beroepsmense?

(*b*) Moet jy met die aanduiding by sakemanne se borde versigtig wees of kan jy sommer praat van Marais se Massiewe, Manjifieke, Moderne Motors?

3. Soos jy seker al dikwels opgelet het, kan die rangskikking in uitstalvensters 'n hele kunswerk word. Hier moet beslis meer vertoon as geskryf word, maar 'n enkele sinnetjie kan tog die effek verhoog. Veronderstel mans- of damesklere word vertoon. *Dan sou die volgende woorde die effek verhoog:*

**Deftige dames besoek Danita.**
**Smit se smaakvolle snit.**

(Of is dit reeds te-te?)

*Stel nou self byskrifte vir toonvensters op wat jy graag sou behartig.*

4. Het jy al in die aand opgelet watter advertensies die liggies van 'n stad almal flits? **Kom ontspan in die Uitspan** en honderde ander nooi jou flitsend en lokkend. Hier is dit die kort, kernagtige woord wat die indruk maak.

*Stel 'n paar prikkelende advertensies op.*

5. Julle het seker al dikwels oor die handelsender gehoor hoe welsprekend een enkele artikel aangeprys word. Daar word by jou gepleit om tog nie 'n tree verder sonder **Maartins se maagpynpoeier** aan te sukkel nie! Ook die koerante en tydskrifte is vol van sulke aanloklike aanbiedinge.

*Gee nou weer jou verbeelding vrye teuels en stel 'n paar van hierdie soort advertensies vir 'n koerant of tydskrif op.*

Dink aan medisyne en opknappers, skoonheidsmiddels, tandepasta, stofsuiers, yskaste, radiotoestelle, motors, matrasse, soorte klerasie, ens., ens.

**Opmerking**

(*a*) Gebruik denkbeeldige name.

(*b*) Stel die saak aantreklik, maar nie belaglik nie.

## H. ONDERWERPE VIR BRIEWE, ENS.

1. Skryf aan 'n vriend(-in) om meegevoel te betuig met die heengaan van sy (haar) vader.
2. Skryf aan 'n maat in die hospitaal en vertel die skoolnuus.
3. Vertel 'n vriend(-in) op 'n ander dorp van jou nuwe skoolhoof.
4. Verduidelik aan jou ouers waarom jy so gou na die vakansie sakgeld nodig het.
5. Nooi 'n maat uit om die wintervakansie by jou deur te bring.
6. Bedank 'n oom of tante vir 'n genotvolle vakansie.

7. Bedank 'n familielid vir 'n verjaardaggeskenk.
8. Vra verskoning by jou ouers vir die swak skoolrapport en beloof verbetering.
9. Vertel aan 'n penmaat van jou dorp.
10. Doen aansoek om 'n betrekking as klerk by 'n firma na aanleiding van 'n advertensie in 'n dagblad.
11. Bestel artikels van 'n firma na aanleiding van 'n advertensie in 'n koerant of tydskrif. (Plak die advertensie bo-aan 'n bladsy in jou boek.)
12. Bestel jou voorgeskrewe boeke vir st. 9 van 'n boekhandelaar.
13. Vra inligting by die stasiemeester oor die prys van 'n treinkaartjie en die vertrektyd van die trein. Gee volledige besonderhede, bv. die datum, jou bestemming, ens.
14. Skryf die bewoording van 'n telegram waarin jy 'n maat gelukwens met sy (haar) verjaardag.
15. Stel 'n uitnodiging op waarin die burgemeester 'n inwoner van sy dorp na 'n formele dinee uitnooi.
16. Beantwoord die uitnodiging.
17. Stel die notule op vir 'n skooldebatsvereniging.
18. Stel die bewoording op vir 'n plakkaat wat julle skoolkonsert adverteer.

HOOFSTUK 3

# Die Tweede Afrikaanse Taalbeweging

*(Nie vir eksamendoeleindes nie, maar elkeen wat sy moedertaal liefhet, behoort kennis te dra van die stryd en die triomf van Afrikaans)*

**Ter inleiding**

Onder LEESWERK skryf die leerplan vir sts. 7 en 8 voor:
(*a*) Die leeswerk van die leerlinge self, en
(*b*) Voorgeskrewe werke.

Dit word ook verwag dat leerlinge kennis sal dra van die *Tweede Afrikaanse Taalbeweging*, dit wil sê die beweging wat die stryd om die erkenning van Afrikaans tot oorwinning gevoer het.

In die st. 6-boek is die Eerste Afrikaanse Taalbeweging behandel. Laat ons nou kyk waarom hierdie eerste stryd gestaak is en daarna die interessante verloop van die tweede taalstryd volg.

## A. DIE ONDERGANG VAN DIE EERSTE AFRIKAANSE TAALBEWEGING

Ons het in die st. 6-boek vertel van die groot werk van **ds. S. J. du Toit** en die manne van *Die Afrikaanse Patriot.* Hulle stryd in belang van Afrikaans, wat begin het met die stigting van die *Genootskap van Regte Afrikaners* op 14 Augustus 1875, het bekend gestaan as die *Eerste Afrikaanse Taalbeweging.*

Teen 1900 het die Eerste Taalbeweging feitlik doodgeloop. Weliswaar het *Die Afrikaanse Patriot* nog tot 1904 en *Ons Klyntji* tot 1905 verskyn, maar die politiek wat ds. Du Toit net voor die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) begin volg het, het die meeste Afrikaners met wantroue teenoor hom en sy Afrikaanse Beweging vervul.

Nog 'n rede waarom die Eerste Taalbeweging doodgeloop het, was die „snaakse" spelling van die Patriot-mense wat baie lesers afgeskrik het. Hier is 'n voorbeeld van dié ou spelling:

> Ek het 'n goeie godsdinstige opfoeding gehad, en geleer dat di frese fer ons liwe Here di beginsel van di wysheid is. Ek sal ni preek ni, dit kan ek oek ni, mar myn opvoeding sal ek, hoop ek, ni fergeet ni.
>
> (Eerste hoofartikel van *Ons Klyntji*)

Die Tweede Vryheidsoorlog en die smart, lyding en ontwrigting wat dit meegebring het, was 'n verdere rede waarom die Eerste Taalbeweging doodgeloop het. Die taalliefde wat die Genootskap van Regte Afrikaners opgewek het, het egter nie heeltemal verdwyn nie.

## B. AFRIKAANS EN DIE AFRIKANERVOLK WORD MET ONDERGANG BEDREIG

Die Tweede Vryheidsoorlog wat van 1899-1902 in Suid-Afrika gewoed het, het die twee Boererepublieke, die Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) en die Republiek van die Oranje-Vrystaat (die Vrystaat), hulle vryheid ontneem en teen 1902 was Brittanje in besit van die hele Suid-Afrika.

Vir die Afrikaners was die afloop van die oorlog 'n ontsettende ramp; en toe die Britse bewindhebbers na die oorlog met 'n stelselmatige verengelsingsbeleid begin – in die skole en staatskantore – en baie Afrikaners hulle uit moedeloosheid hieraan oorgegee het, het dit werklik gelyk of dit die einde van die Afrikaner en sy taal was.

Een van die voorwaardes wat die verslane Boererepublieke by die Vrede van Vereeniging moes aanvaar, was dat Engels die enigste taal van die land sou wees. Die bepaling dat „the Dutch language will be taught in public schools in the Transvaal and Orange River Colony", het bloot 'n papierbelofte gebly, want binne vier jaar het Sargent, Direkteur van Onderwys in Transvaal, 3,000 Engelse onderwysers en onderwyseresse ingevoer.

Net soos Lord Charles Somerset was dit Lord Milner se strewe om Suid-Afrika 'n *Engelse kolonie* te maak met Engels as die enigste landstaal; en om hiedie doel te bereik, gebruik hy die skole en onderwysinrigtings.

## C. C.N.O.-SKOLE

Die Afrikaner-ouers kon nie toelaat dat hul kinders verengels nie en vroeg in 1904 word in die Noorde *privaatskole vir Christelik-Nasionale Onderwys* (C.N.O.) gestig. Hierdie skole was die teken van verset teen die beleid van die veroweraar en het die siel van die Afrikaner-kind behou.

Die geld wat die Boeregeneraals oorsee vir die C.N.O.-skole gekollekteer het, was nie voldoende om hulle onbepaald in stand te hou nie. Die ouers het dit moeilik gevind om self die geldelike las te dra, want na die oorlog was hulle in die wurggreep van armoede. Daar word gevolglik by die owerheid om tegemoetkoming aangedring, en vanaf 1907 word Hollands in staatskole toegelaat. Die medium van onderwys bly egter Engels.

## D. NEDERLANDS OF AFRIKAANS?

Na die oorlog is nie net die kinders aan verengelsing blootgestel nie, maar ook die volwassenes. Dit het mode geword om Engels te praat; en aangesien baie mense Afrikaans as 'n „kombuistaal" beskou het, maar ook nie Hollands korrek kon skryf nie, het hulle Engels geskryf.

Die voorstanders van Afrikaans het die gevaar gesien en ook die oplossing: *Afrikaans moes tot die skryftaal van die Afrikaners verhef word.*

Die teenstand was egter sterk. Die voorstanders van Nederlands wou Afrikaans nie aanvaar nie en het die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling ingevoer om Nederlands populêr te maak.

Die voorstanders van Afrikaans het geredeneer dat Nederlands vir die

Afrikaners 'n kunsmatige taal, 'n boektaal was, wat nog net deur 'n klein groepie geleerde mense gebruik word. Afrikaans was die volkstaal, en moes as skryf- en spreektaal erken word.

Gelukkig was daar manne wat vir hierdie groot ideaal gestry het. Ook het die oorlog die volk ernstiger gemaak, hom saamgebind, hom trots gemaak in die besef dat hy drie jaar lank teen 'n magtige wêreldryk die stryd kon volhou. Die volk was nie meer skaam om *Afrikaners* genoem te word nie, en vir sy taal hoef hy ook nie meer skaam te wees nie.

Teen hierdie agtergrond: die verengelsingsbeleid van die veroweraar, die vernedering wat die oorlog gebring het, maar ook die dieper erns en besinning, het die *Tweede Afrikaanse Taalbeweging* begin. Die tyd was ryp vir die stryd; en anders as by die ontstaan van die Eerste Taalbeweging, was die Afrikanervolk gereed om saam te staan vir sy taal en sy volkstoekoms.

Ons moet daarop wys dat die stryd nie gegaan het net om die taal nie, maar om die Afrikanervolk se voortbestaan. Dit was nie **net** 'n Taalbeweging nie, maar 'n *Afrikaanse beweging.* En vir hierdie groot volksbeweging het daar ook na die oorlog die regte leiers na vore getree.

## E. DIE LEIERS VAN DIE TWEEDE AFRIKAANSE BEWEGING

### J. H. H. de Waal

**Adv. J. H. H. de Waal** was redakteur van 'n tydskrif *De Goede Hoop* waarin hy propaganda gemaak het vir Afrikaans. Om die leeslus van die Afrikaners te bevorder, het hy 'n roman *Johannes van Wyk* as vervolgverhaal in sy blad laat verskyn.

Aanvanklik het adv. De Waal feitlik alleen gestaan in Kaapland in die stryd vir Afrikaans.

### Ds. Willem Postma

In die **Vrystaat** was **ds. Willem Postma** die leier van die **Tweede Afrikaanse Beweging.** Hy was ook bekend as dr. O'kulis. In 1905 verskyn sy manifes in die Bloemfonteinse koerant *De Vriend.* Hy pleit vir sy moedertaal en beskou die taalstryd as 'n stryd om die voortbestaan van die Afrikanervolk. Hy roep die Vrystaters op tot die taalstryd en sê: „En wie sal ons keer? Niemand, geen wet, geen mag, geen geweld."

### Gustav Preller

In die **Transvaal** is dit **Gustav S. Preller,** assistent-redakteur van *De Volkstem* wat as vurige kampvegter vir Afrikaans na vore tree. In 1905 hou J. H. Hofmeyr (Onze Jan) 'n toespraak op Stellenbosch waarin hy te velde trek teen die verwaarlosing van *Nederlands* in Suid-Afrika. Onze Jan was **nie** 'n voorstander van Afrikaans nie en in sy toespraak oor Nederlands stel hy die vraag: „Is het ons Ernst?" – d.w.s. met Nederlands.

Na aanleiding van hierdie toespraak skryf Preller in *De Volkstem*: „Laat 't ons toch Ernst wezen". Hy beweer dat daar geen gebrek aan erns is nie, maar dat die fout lê by die miskenning van Afrikaans. Onze Jan het die aksent op die verkeerde plek geplaas, sê Preller.

Preller se artikels het 'n warm stryd laat ontbrand. Sommige lesers was teen Afrikaans gekant, maar baie méér was ten gunste daarvan. Sy pleidooi word tereg beskou as die „manifes van die Tweede Afrikaanse Taalbeweging".

**J. S. M. Rabie**

In **Natal** was dit **J. S. M. Rabie,** redakteur van *De Afrikaner* in Pietermaritzburg, wat 'n pleidooi vir Afrikaans lewer. Hy kry egter nie veel ondersteuning van sy lesers nie.

## F. AFRIKAANSE VERENIGINGS

Om die Afrikanerkragte te verenig en groter stukrag aan die stryd om erkenning van Afrikaans te gee, het die taalleiers verskillende verenigings gestig. Ons stip hulle kortliks hier aan.

**1. Die Afrikaanse Taalgenootskap** (A.T.G.) is in 1905 in Pretoria deur Preller en ander taalmanne gestig. Die A.T.G. het veral op die gebied van die Afrikaanse toneel belangrike werk gedoen, maar sy grootste verdienste was die aandeel wat hy gehad het met die stigting van 'n hoogstaande Afrikaanse tydskrif, *Die Brandwag*. Ook in Bloemfontein word 'n tak van die A.T.G. gestig.

**2. Die Afrikaanse Taalvereniging** (A.T.V.).

In 1906 kry adv. J. H. H. de Waal wat alleen in die Kaaplandse taalstryd gestaan het, hulp in die persoon van **dr. D. F. Malherbe.** In 'n lesing wat hy op Wellington hou oor die onderwerp: *Is Afrikaans 'n dialek?* bewys hierdie jong taalgeleerde dat Afrikaans **nie** 'n dialek is nie, maar 'n selfstandige taal en pleit hy vir die aanvaarding van Afrikaans as skryftaal.

Onder leiding van dr. Malherbe en adv. De Waal word die *Afrikaanse Taalvereniging* in 1906 in Kaapstad gestig. Ook op Stellenbosch word 'n tak van die A.T.V. gestig en hierdie tak was besonder bedrywig. Manne soos Gordon Tomlinson, dr. Tobie Muller en prof. J. J. Smith het die leiding geneem en in 1914 selfs hulle eie blad, *Ons Moedertaal,* uitgegee. In 1916 is hierdie blad met *Die Huisgenoot* verenig.

Op verskillende dorpe word A.T.V.-takke gestig en by die jaarlikse kongresse gaan daar besieling van die leiers uit na die afgevaardigdes. Dit was juis by so 'n kongres dat dr. D. F. Malan sy beroemde voorlesing gehou het oor Afrikaans. Sy tema was: *Het is ons ernst.* Die Afrikaners het ontwaak en daarom is dit ons erns met Afrikaans. Uit Pretoria het Preller trots daarop geantwoord: Nu is 't ons ernst.

### 3. Onze Taal

In die Vrystaat wou die tak van die A.T.V. wat in 1906 in Bloemfontein gestig is, nie vlam vat nie. In 1908 word die vereniging *Onze Taal* gestig en hy gee rigting aan die Vrystaters.

Dié vereniging se grootste betekenis is dat hy bewys het dat Afrikaans en Nederlands mekaar nie hoef te beveg nie, maar mekaar wedersyds kan aanvul.

### 4. Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns

Dit was juis op die grondslag van samewerking tussen die voorstanders van Afrikaans en Nederlands dat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns in 1909 gestig is. Die Akademie het die twee groot taalpartye verenig en versoening tussen die taalvyande gebring. Die Nederlandsgesindes het nou erken dat Afrikaans ook 'n bestaansreg het.

In 1914 lewer adv. C. J. Langenhoven 'n vurige pleidooi voor die Akademie vir Afrikaans as voertaal en sê hy dat die Akademie sterk leiding moet gee.

In 1915 reël die Akademie die spellingkwessie in Afrikaans (soos vandag nog die geval is). In die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* word hierdie reëls aangepas. Die *Hertzogprys* wat jaarliks aan die beste letterkundige werk toegeken word, is die hoogste onderskeiding wat 'n Afrikaanse skrywer te beurt kan val. Die Akademie het die *Bybelvertalers* oor taalsake geadviseer, help vandag nog die *Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie*, het 'n *Vaktaalburo* gestig om die Afrikaanse vaktaal te bevorder en word algemeen aanvaar as die hoogste gesag op taalkundige en letterkundige gebied.

In 1942 het die Akademie sy werksaamhede ook na die natuurwetenskappe uitgebrei. Vandag staan hy bekend as die *Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.*

### 5. Studenteverenigings

Die studente het ook tot die taalstryd toegetree deur middel van verenigings wat op die erkenning van Afrikaans aangedring het. Op Stellenbosch is die *Studente-Werdakomitee* gestig, in Bloemfontein die *Afrikaanse Studentetaalvereniging* en die Vrystaatse en Transvaalse studente het in 1916 die *Afrikaanse Studentebond* (A.S.B.) in die lewe geroep.

## G. OFFISIËLE ERKENNING VAN HOLLANDS

Die jaar 1910 is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die Afrikaanse Beweging. Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika is in Artikel 137 van die Unie-grondwet vasgelê dat *Hollands* en *Engels* die amptelike tale van die land sou wees. Van daardie datum af is Suid-Afrika 'n tweetalige land.

Dit was 'n groot stap vorentoe, want later sou net beslis kon word wanneer *Afrikaans die plek van Hollands moes inneem.*

Die man wat verantwoordelik was dat Hollands naas Engels as offisiële landstaal erken is, was genl. J. B. M. Hertzog. Die Afrikaners was hieroor baie dankbaar, al was dit nog nie Afrikaans wat erkenning gekry het nie. Almal het besef dat hierdie erkenning nie meer lank sou uitbly nie.

## H. AFRIKAANS OP SKOOL

Die man wat altyd onthou sal word vir sy reuse-aandeel in die stryd om Afrikaans op skool ingevoer te kry, is die onvergeetlike **adv. C. J. Langenhoven.** As lid van die Kaapse Provinsiale Raad stel hy in 1914 voor dat *Afrikaans as medium van onderrig in die laer skool tot en met standerd* 4 *die plek van Nederlands moet neem.* Sy voorstel word aanvaar, en 'n belangrike deurbraak word gemaak. Binne enkele weke na die besluit van die Kaapse Provinsiale Raad neem die Vrystaat en Transvaal soortgelyke besluite. Eers heelwat later word Afrikaans in Natalse skole toegelaat.

Langenhoven het besef dat 'n gebrek aan geskikte Afrikaanse skoolboeke praktiese probleme sou oplewer. Hy bepleit dus die saak op die jaarvergadering van die S.A. Akademie in 1914, met die gevolg dat die Akademie 'n kommissie benoem om vir die nodige leerboeke te sorg.

'n Hele paar jaar het verloop voordat Afrikaans algemeen in die skool ingevoer is, dog langsamerhand is die probleme uit die weg geruim, Afrikaanse boeke het in groter getalle die lig gesien en uiteindelik kon Afrikaans in alle standerds in vakke sy regmatige plek inneem.

In 1918 neem Afrikaans ook sy plek aan die meeste **universiteite** in. In Bloemfontein word dr. D. F. Malherbe benoem as die eerste professor in Afrikaans.

## I. AFRIKAANS IN DIE KERK

Afrikaans het ook die taal van die Kerk geword. In 1914 pleit dr. B. B. Keet op Stellenbosch vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die Vrystaatse Sinode van die Ned. Geref. Kerk besluit in 1916 om Afrikaans as offisiële taal van die Kerk te erken naas Nederlands en om die Bybel in Afrikaans te laat vertaal. Die ander provinsies volg spoedig die Vrystaat se voorbeeld.

'n Kommissie van ses lede word benoem om die Bybel te vertaal, maar hul publikasie van die vier Evangelies en die Psalms in 1922 vind nie byval nie. Hierdie kommissie het die Nederlandse Statebybel verafrikaans.

In 1923 word besluit dat uit die oorspronklike tale, Grieks en Hebreeus, vertaal moet word. As vertalers word benoem: ds. J. D. du Toit, ds. J. D. Kestell, dr. B. B. Keet, dr. E. E. van Rooyen en dr. H. C. M. Fourie.

In 1929 publiseer hulle weer die vier Evangelies en die Psalms, en nou was die volk tevrede. In 1933 verskyn die hele Bybel in Afrikaans, in 1937 die Psalmboek en in 1944 die Gesangboek.

## J. AFRIKAANS VERVANG NEDERLANDS IN DIE STAAT

Die laaste vesting wat verower moes word, was die Staat. In 1918 besluit die Parlement om Afrikaans naas Engels as offisiële taal in albei Huise te erken, maar in wetsontwerpe, wette en offisiële stukke sou 'n vereenvoudigde vorm van Nederlands gebruik word.

Hieraan maak dr. D. F. Malan in 1925 'n einde en *in* 1926 *vervang Afrikaans Nederlands as parlementêre skryftaal.*

## K. DIE AFRIKAANSE WOORDEBOEK

In 1925 het die Regering onderneem om aan 'n goedgekeurde persoon of firma 'n toelaag te betaal vir die samestelling van 'n woordeboek van die Afrikaanse taal. Prof. J. J. Smith was die eerste redakteur en 'n hele paar dele van die Afrikaanse Woordeboek het reeds verskyn. Dit sal egter nog jare duur voordat dié groot werk in sy geheel voltooi is.

## L. DIE LETTERKUNDE VAN DIE TWEEDE BEWEGING

Toe ons die Eerste Taalbeweging in die st. 6-boek behandel het, het ons gesê dat die leetterkunde van daardie beweging nie van hoogstaande gehalte was nie. Die „verse" wat in Die Patriot verskyn het, was eintlik maar rympies; en ook die prosa het geen groot letterkundige waarde besit nie. Hierdie eerste skeppinge in Afrikaans het slegs kultuurhistoriese betekenis.

Met die letterkunde van die Tweede Beweging was dit heeltemal anders gesteld. Die verse was nou nie meer „rympies" nie, maar **ware kuns.** Dit was asof die smart en lyding van die Tweede Vryheidsoorlog die diepste ontroering in die harte van die digters en skrywers veroorsaak het, en hierdie ontroering vind uiting in die letterkunde van die Tweede Beweging.

Die hoogstaande gehalte van die letterkunde het die taalleiers gehelp om Afrikaans tot sy reg te laat kom, want dit het *bewys dat die jong taal in staat was om die teerste gevoelens suiwer te vertolk.* Toe hierdie bewys eers gelewer was, kon baie van die teenstanders van Afrikaans **oortuig** word dat die jong taal, net soos ander tale, die draer van gedagtes en gevoelens kon wees.

Ons wys julle op 'n paar van die belangrikste digters en skrywers van die Tweede Beweging.

### Eugène N. Marais

Eugène Marais was ons eerste Afrikaanse **digter** in die volle sin van die woord. Sy *Winternag* wat in 1905 verskyn het, word vandag nog beskou as 'n juweel in ons letterkunde. Geen wonder dus dat Preller en ander taalleiers hierdie gedig aangegryp het om die teenstanders van Afrikaans te oortuig van die jong taal se moontlikhede nie.

In *Winternag* slaag die digter daarin om met suggestiewe beelde en skone ritme die koudheid en verlatenheid van die veld uit te beeld. Die verlate winternagtoneel simboliseer egter ook die verslae gemoed van die digter en van sy volk wat in die oorlog soveel gely en verloor het. Luister:

O, koud is die windjie
    en skraal!
En blink in die doflig
    en kaal,
So wyd as die Heer se genade –
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere,
soos wenkende hande.

O, treurig die wysie
op die ooswind se maat,
soos die lied van 'n meisie
in haar liefde verlaat!
In elk grashalm se vou
blink 'n druppel van dou
en vinnig verbleek dit
tot ryp in die kou.

Met *Winternag* betree ons op die gebied van die poësie 'n nuwe tydperk van 'n **eie letterkunde,** want teen 1908 en 1909 kom ander digters na vore.

**Jan F. E. Celliers**

In sy statige, liriese gedigte soos *Die Vlakte* oortuig Jan F. E. Celliers ons van die skoonheid en grootsheid van ons natuur. Sy verse vertolk sy groot liefde vir die bodem van sy vaderland, asook die stryd, moed en leed van manne en vroue gedurende die oorlog. Ons kyk na enkele strofes uit drie van Celliers se gedigte:

Soos 'n vlokkie skuim uit die sfere se ruim
    kom 'n wolkie aangesweef,
maar hy groei in die blou tot 'n stapelbou
    van marmer wat krul en leef.

Met kloue vooruit om te gryp en te buit
    jaag 'n haelwolk langs verby.
Soos 'n perdekommando wat dreun oor die lande
    vertrap en gesel hy.

(Uit *Die Vlakte*)

KRUGER

Soos 'n berg, ongebuk,
breed en bonkig van stuk,
dis hy!
Die gelaat, hap vir hap
uit die kranse gekap,
elke kerf, elke knou
harde noodlot se hou;
elke moet, elke merk
vryheidsvyand se werk,
dis hy!

DIE BRAND

Dit is die winterwind wat waai,
al wenend deur die lange nag,
al wenend om die verre dag;
die twye swenk, die takke swaai -
dit is die winterwind wat waai.

Ons haal nie meer van Celliers se verse aan nie, want ons wil by 'n ander digter kom wat eintlik 'n familieskakel tussen die Eerste en die Tweede Bewegings vorm.

**Totius** (Dr. J. D. du Toit)

Totius was die seun van ds. S. J. du Toit, die leier van die Eerste Taalbeweging. Hy is in 1877 in die Paarl, waar die Patriotmanne gewerk het, gebore.

Totius besing in sy verse die leed van die vroue en kinders in die oorlog, die natuur, die lewe van sy volk. Hy is 'n Calvinis wat glo in God se raadsplan en hom daarin berus. Baie van sy gedigte is simbolies, maar die simboliek kan maklik begryp word aangesien hy self die toepassing maak. Totius se taal is suiwer, eenvoudig en onopgesmuk.

Skone beeld van stille lewe,
Mooirivier! Jy is vir my
ewe-beeltnis van haár lewe
wat so saggies het vergly.
(*Mooirivier*)

Lê op my graf geen sooi van gras,
maar dek dit met die heuwel-as;
want daarsó lê begraaf jou eer
en van die boervolk van weleer.

Ja, dáárom is die heuwels hoog,
en dáárom is hul skynsel bleek,
en daarom is die winddreun diep,
so droef soos een wat smartlik smeek!
(*Oom Gert se Profesie*)

Ek wou my ganse digkuns waag
om àl my hartpyn uit te klaag;
om in my klanke uit te sê,
om soos in marmer vas te lê
die beelt'nis van my pyn.

Nee, 'k sal nie waag om 't uit te sê.
Nee, 'k gaan tot God wat weet, en lê
vas op my hart my regterhand
en snik: „O God, dit brand!"
(*Ek wou my Ganse Digkuns waag*)

**Louis Leipoldt**

Die verskyning van *Oom Gert Vertel en ander Gedigte* van Leipoldt in 1911 was 'n belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van ons letterkunde. Hy openbaar hom as 'n hartstogtelike liriese digter wat direk en verontwaardig sy smart oor die oorlog uitsnik. Sy „slampamperliedjies" is 'n nuwe digsoort wat Leipoldt skep. Hierdie skynbaar-lugtige, liriese gediggies het 'n dieper betekenis en toon aan dat die digter hom kwel oor vrae wat hy nie kan beantwoord nie. Ook sy natuurgedigte het 'n direkte en treffende skoonheid.

Hier volg strofes uit 'n oorlogsgedig, 'n slampamperliedjie en 'n natuurgedig:

Hulle het jou in Eng'land gemaak, seepkissie,
Om hier in ons land as 'n doodkis te dien;
Hulle het op jou letters geverwe, seepkissie,
En ek het jouselwe as doodkis gesien.

Klein Jannie van ouboetie Sarel, seepkissie,
Het hier in die kamp met sy sussie gekom –
En jy was bestem, soos jy weet, seepkissie,
Daar oorkant in Eng'land as doodkis vir hom.
(*Aan 'n Seepkissie*)

Sekretarisvoël met jou lange bene,
Met jou penne agter jou ore styf,
Met jou stadige stappies, wat maak jy hier?

Sekretarisvoël met jou lange bene,
Met jou vaalgrys vere en lang, lang lyf,
Met jou groot, groot oë, wat maak jy hier?
(*Sekretarisvoël*)

Hierdie gediggie is 'n stukkie suiwer simboliek. Net soos die ou lomp sekretarisvoël, is die mens soms ook maar 'n lomp wese wat hulpeloos deur die lewe strompel.

Kaal is die sandwêreld hier en kaal
Die see daar buite waar die branders breek –
'n Strand vol klippies en 'n pol'tjie kweek
Van ruigtegras, nou nie meer groen, maar vaal
So arm die wêreld hier en tog so mooi –
Stil, as 'n oumens amper oor sy reis
En met die dood se skadu op sy gesig.
(*Die Soutpan*)

Ander digters van die Tweede Beweging soos H. H. Joubert, C. J. Langenhoven, A. G. Visser en andere het ook verdienstelike werk gelewer. Ons volstaan egter met die viertal hierbo genoem.

By die **prosa** van die Tweede Beweging staan ons nie stil nie. Verdienstelike werk deur die volgende skrywers het die lig gesien: **D. F. Malherbe** (*Vergeet Nie* – 1913), **C. J. Langenhoven** (*Stukkies en Brokkies* – 1911, *Ons Weg deur die wêreld* – 1914), **J. Lub, Leon Maré, Jochem van Bruggen** en andere.

Die werklike groot prosa in Afrikaans het egter eers na 1920 verskyn.

## M. AFRIKAANS MOET GEHANDHAAF WORD

Die Tweede Afrikaanse Beweging het Afrikaans op alle gebiede tot oorwinning gevoer. Die stryd is egter nog nie verby nie. Die *Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings* (F.A.K.) wat in 1929 gestig is, beywer hom vir die gebruik van Afrikaans op alle gebiede – in winkels en kantore, in nywerhede en hotelle, oral en altyd!

Omdat baie Afrikaners so maklik hul taal verwaarloos, spoor hierdie verenigings en ook politieke- en taalleiers die mense aan om hulle taal mooi en suiwer te gebruik. Party mense praat al glad van 'n Derde Taalbeweging om Afrikaners te oortuig dat taalhandhawing noodsaaklik is vir die voortbestaan van Afrikaans.

As ons Afrikaans keurig en suiwer gebruik, sal die taal vir homself begin werk en sal ander mense besef dat taalhandhawing goed en reg is. Doen ons dit?

**Bronnelys**

Buning, Tj.: *Uit ons Digkuns*
Dekker, G.: *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis.*
Meiring, A. G. S.: *Die Afrikaanse Taalbeweging.*
Nienaber, P. J. en Heyl, J. A.: *Pleidooie in Belang van Afrikaans, Deel II.*
Nienaber, P. J.: *Ons Taalhelde.*
*Die Afrikaanse Kinderensiklopedie, Deel II.*

HOOFSTUK 4

# Die Begripstoets

## Begrypend lees

Na die werk wat julle in st. 6 gedoen het, is die meeste van julle seker **denkende** en **begrypende** lesers. Ons hoop so, want om sommer so oppervlakkig deur 'n boek te haas net om te sien of die speurder toe die moordenaar vasgetrap het, is nie goed vir die leerling wat sy **begripsvermoë** wil ontwikkel nie.

Die leerling wat met begrip en insig kan lees, sal die **hoogste genot** uit boeke haal. So 'n leerling sal meer as die blote verhaal in die boek vind: mooi **stylwendinge, beeldspraak,** miskien selfs die **boodskap** wat elke goeie boek bevat.

Ons sit dus die begripswerk in sts. 7 en 8 voort, maar op 'n hoër peil as in st. 6. Ons sal help deur die vrae van die eerste leesstuk vir julle te beantwoord sodat julle kan sien hoe dit gedoen moet word.

(Die begripstoetse is as 'n proefneming deur 'n groep st. 7- en 8-leerlinge beantwoord. Ons was tevrede met hulle antwoorde, want:

1. Hulle het moeite gedoen om **korrek** te skryf en te spel;
2. Hulle antwoorde was in **volsinne,** behalwe waar anders aangedui;
3. Hulle het die leesstukke **sorgvuldig bestudeer** en herhaaldelik geraadpleeg.)

## Algemene inligting

1. Sommige vrae in die begripstoetse wat volg, is aan die moeilike kant.
2. Die doel van die begripstoetse is egter nie net om reeds verworwe kennis te toets nie, maar om nuwe kennis by te bring.
3. Indien die toetse met hierdie doel voor oë aangepak word, kan dit 'n magtige middel wees om leerlinge tot selfstandige denke te lei.
4. Dit kan hulle help om met begrip en insig te lees, om van hulle studente te maak.
5. Hierdie begrip en insig kan op al hulle skoolvakke en op hulle latere lewe 'n sterk positiewe invloed uitoefen.
6. Op hulle taalgebruiksvermoë in besonder kan dit 'n besonder heilsame uitwerking hê, want hulle sal leer om hulle gedagtes suiwer te bewoord, om aanhalingstekens en ander leestekens reg te gebruik en om te dink en te konsentreer voor hulle begin skryf.
7. Moeilike vrae kan eers bespreek en daarna beantwoord word; en dié wat vir sommige leerlinge te moeilik is, kan desnoods uitgelaat word.
8. Al sou 'n leerling maar die helfte van die vrae kan beantwoord, behoort hy/sy nie ontevrede te wees nie. Wanneer die ander vrae in die klas behandel word, kom die ontbrekende kennis by.
9. Vir tuiswerk behoort leerlinge nie meer as een afdeling van 'n begripstoets op 'n keer te doen nie.

10. Die antwoorde aan die einde van Leesstuk 1 dien as voorbeelde. Leerlinge kan soveel sinne gebruik as wat hulle wil om 'n vraag te beantwoord. Hulle sal veral moet let op die gebruik van aanhalingstekens wanneer hulle 'n woord of sinsnede uit 'n leesstuk bespreek.

## LEESSTUK 1

### DOOD VAN DIE WILDEGANS

1. Skemeraand lê ek verskuil
agter die kriebostak,
swart dood van die sneller
tussen duim en vinger vasgehak.

2. En as die rooi oog van die maan
wit oor die water loer,
dan korrel ek langs glimblou staal
waar skadu's in die riete roer.

3. Ek slaan sekuur en weerligsnel:
dan styg die wildegans en kla
terwyl die water en die wind
sy stil maat kant toe dra . . . . . .

4. styg teen die sterre op en roep
ver deur die grys nag sy verdriet,
terwyl die stroom haar willoos sleur
van biesiepol tot riet.

5. Na koelblou kuile lok hy haar,
wit, warm sand waar smiddags loom
die eendvoël en die tarentaal
op lui-losvlerke sit en droom . . . . . .

6. na wye waters van die pan
waar die groot troppe, blink
en glansend in die môreson,
soos swawels neerduik en rinkink . . . . . .

7. lande met jong graan
en die vroeë skemervlug
wanneer die leiers roep en klim
in V-formasie teen die lug.

8. Hy kla en swerwe tot die pyn
sy nooit oorwonne vrees verdring,
die fluiting van sy vleuelslag
al nader en al nouer kring.

9. Ek slaan met die genadehou
diep uit my skouer, uit my hart –
en met die laaste eggo's sterf
die wildegans se smart.

(*G. A. Watermeyer*)

## Vrae en Opdragte

I

(*a*) Wanneer skiet die jagter die eerste skoot?
(*b*) Wat gebeur onmiddellik ná die skoot val?
(*c*) Waar skiet die jagter die wildeganse? Is dit in 'n dam, op 'n pan, in 'n rivier? En hoe lyk dit by hierdie dam, pan of rivier?
(*d*) Wat kan jy uit strofe IX, versreël 3, aflei van die omgewing waarin die gansskietery plaasvind?
(*e*) Waarom korrel die jagter eers as die rooi oog van die maan wit oor die water loer? Is dit sommer toevallig of het hy om die een of ander rede hiervoor gewag?
(*f*) Die jagter korrel (na) „waar skadu's in die riete roer". Wat is hierdie „skadu's wat in die riete roer"?
(*g*) In strofe VI word gepraat van die „groot troppe". Wat se troppe is dit dié?
(*h*) Waarom slaan die jagter (in IX) met die **genadehou**?

II

(*a*) In die laaste strofe sterf „die wildegans se **smart**". Waarom sê die digter nie gewoon dat die wildegans sterf nie, waarom haal hy die smart by?
(*b*) Waarom is die titel **Dood van die Wildegans** en nie **Dood van die Wildeganse** nie? Om dit maklik te maak: na watter gans verwys die titel?
(*c*) Wat dink jy het daar afgespeel in die gemoed van die jagter in die tyd wat verloop tussen „ek slaan sekuur en weerligsnel" en „ek slaan met die genadehou diep uit my skouer, uit my hart"?
(*d*) In VIII is dit nie die vleuelslag van die gans wat al nouer kring nie, maar die **fluiting van sy** vleuelslag. Watter sintuig span die jagter in om te wete te kom waar die gans is en waarom gebruik hy juis hierdie sintuig?
(*e*) „En as die rooi oog van die maan/wit oor die water loer . . . . ."
Kan julle iets besonders of eienaardigs in hierdie verse raaksien?
(*f*) Die wildegans roep ver deur die grys nag sy verdriet (strofe IV), die leiers roep en klim in V-formasie teen die lug. Watter gebruik van **roep** is die gewoonste?
(*g*) Wat is die verskil tussen „wit, warm sand" en „witwarm sand"?
(*h*) Vertel baie kortliks in jou eie woorde wat daar in hierdie gedig gebeur.

III

(*a*) 'n Mens kan in hierdie gedig onderskei tussen 'n uiterlike handeling en 'n handeling wat hom afspeel in die gemoedere van die jagter en van die wildegans, m.a.w. 'n innerlike handeling. Kan jy voorbeelde van hierdie twee soorte handeling in die gedig aantoon?
(*b*) Sou dit 'n verbetering wees indien 'n mens (in strofe III) „sy stil maat" verander na „sy **dooie** maat"? Om tussen die twee te kan kies, moet jy probeer bepaal watter een van die twee hier die sterkste beskrywende waarde sal hê.

(*c*) Nog 'n moeilike vragie: in VII vlieg die ganse in V-formasie **teen** die lug. Sou **in** i.p.v **teen** hier 'n verbetering wees? Probeer ook sê waarop jou voorkeur vir die een of die ander berus.
(*d*) In VIII word die werkwoord **kring** bepaal deur „al nader" én deur „al nouer". Watter een bepaal die kringbeweging die suiwerste: nader of nouer? Is al twee hier werklik nodig?
(*e*) „**Sk**emeraand lê ek ver**sk**uil . . . . ." Die herhaling van die **sk** is een van die middele waarmee die digter sy woorde vaster aan mekaar heg. Ons noem hierdie herhaling (van medeklinkers) **alliterasie.** Kan jy nog voorbeelde van alliterasie in die gedig vind?
(*f*) Die wildegans lok sy maat (in V) na „koelblou kuile". Waarom is **koelblou** hier 'n beter keuse as byvoorbeeld **diep**blou of **helder**blou? (Raadpleeg ook die volgende versreël, die een waarin daar van die „wit, **warm** sand" vertel word.)
(*g*) Kan 'n mens in III **slaan** vervang deur **skiet**? En in strofe IX? Waarom gebruik die digter albei kere **slaan**?

IV

(*a*) Die eintlike tyd waarin die verhaal afspeel, lê tussen die klap van die twee skote wat afgevuur word. Maar daar word ook **ander** tye in die verhaal betrek. Verduidelik.
(*b*) Naas die rym van woorde wat op die end van die versreëls staan, is daar 'n minder opvallende rymverband tussen woorde soos bv. tussen **staan** en **laat**; die woorde rym nie enduit soos bv. **staan** en **gaan** nie, maar daar is tog 'n klankooreenkoms: altwee het die lang a-klank. Hierdie „onvolledige" rym noem ons **assonansie.** Probeer nou die assonansie aantoon in die vers: „wit warm sand waar smiddags loom . . . . ."
(*c*) 'n Bywoord bepaal meestal die werkwoord: „terwyl die moeder haar kind **liefderyk streel,** het ek die dokter getelefoneer". Die bywoord **liefderyk** bepaal hier die werkwoord **streel.** Wat bepaal **willoos** in IV: bepaal dit **haar** of **sleur**? Vra maar vir Meneer of vir Juffrou as jy hier vasraak.
(*d*) In VI praat die digter van **swawels.** Waarom verkies hy hierdie vorm bo die vorm „swaels"?
(*e*) Probeer saam met Meneer of Juffrou besluit waarom die digter die volgende leestekens gebruik: die dubbelpunt na „weerligsnel" in III; die aandagstreep na „hart" in IX.
(*f*) Teen die tyd wat die jagter die tweede skoot aftrek, is hy 'n ander mens as die man wat langs glimblou staal gekorrel het. Verduidelik bietjie.
(*g*) Die digter het in hierdie gedig nie 'n preek teen die jag afgesteek nie; hy het bloot vertel hoe 'n gevoelige mens kan reageer op die noodlottige skoot wat hy afgevuur het. Hy het daaruit geen gevolgtrekking gemaak nie; hy het ons nie die les probeer leer deur bv. te sê: daarom behoort julle nooit wildeganse te skiet nie. Tog het die blote vertel jou waarskynlik 'n bepaalde houding teenoor die jag laat koester. Verduidelik nou sorgvuldig waarom jy *vir* òf *teen* jag is.

## Antwoorde

I

(*a*) Die jagter skiet die eerste skoot sodra die maan opkom.
(*b*) Die maat van die wildegans wat geskiet is, styg skreeuend die lug in sodra die skoot geval het.
(*c*) Die jagter skiet die wildeganse op 'n rivier, want die dooie wildegans word deur die stroom afgedryf. Langs die rivier groei biesies en riete.
(*d*) In die omgewing is kranse en bergklowe, want die geweerskoot veroorsaak weerklanke (eggo's).
(*e*) Die jagter het gewag tot die maan opkom, want anders kon hy nie korrel vat nie en hy sou ook nie die wildeganse in die donkerte gewaar het nie.

(*f*) Die skadu's wat in die riete roer, is die wildeganse.
(*g*) Die „groot troppe" waarvan die digter praat, laat 'n mens aan troppe wild dink, maar hy bedoel waarskynlik voëls, want hy sê hulle duik soos swawels neer.
(*h*) Die treurlied van die mannetjie-gans het die jagter diep getref. Hy skiet dus ook die mannetjie sodat beide die mannetjie en die wyfie nou dood is. Die jagter beskou dit as 'n „genadehou".

II

(*a*) Die mannetjie-wildegans het getreur oor sy wyfie wat geskiet is. Toe hy ook geskiet word, het hy én sy smart gesterf.
(*b*) Die gedig handel veral oor die smart van die wildegans wie se maat geskiet is. Later is hy egter ook geskiet, en die jagter het dit as 'n genadeskoot beskou. Die titel verwys dus na die tweede wildegans.
(*c*) Die jagter het die smartvolle geskreeu van die wildegans wie se maat met die eerste skoot geskiet is, diep gevoel.
(*d*) Die jagter span sy gehoorsintuig in. Hy hoor die vleuelslag van die wildegans, want omdat dit aand is en hy agter die bosse langs die rivier lê, kan hy nie sy oë doeltreffend gebruik nie.
(*e*) Die digter praat van die „**rooi** oog van die maan" wat „**wit** oor die water loer". Dit klink eienaardig dat die „rooi" maan „wit" loer, maar dit is nie verkeerd nie, want al is die maan rooi, sal sy strale op die water wit wees.
(*f*) Die gewoonste gebruik van „roep" is wanneer die digter sê dat die „leiers roep". Die ander „roep" dui die wildegans se verdriet aan.
(*g*) „Wit, warm sand" is wit sand wat warm is. „Witwarm sand" is sand van enige kleur wat baie warm (wit van warmte) is.
(*h*) Teen die skemeraand lê 'n jagter agter die bosse langs die rivier. Toe die maan opkom en hy kan sien om korrel te vat, skiet hy 'n wildegans op die rivier. Die water dryf die dooie voël na die kant.

Die maat van die dooie wildegans vlieg skreeuend weg. Sy geskree klink vir die jagter soos die swaar verdriet van iemand wie se dierbaarste dood is. As die voël nadervlieg om na sy verdwene wyfie te soek, word ook hy geskiet. Op die wyse word hy van sy smart verlos.

III

(*a*) Die uiterlike handeling is die van die jagter as hy die eerste wildegans en later die tweede skiet, asook dié van die tweede wildegans as hy skreeuend wegvlieg.

Ons kan van innerlike handeling by die jagter praat wanneer hy hom kwel oor die tweede wildegans se verdriet en besluit om hom ook te skiet en van sy verdriet te verlos. By die tweede wildegans is daar ook innerlike handeling. Sy groot verdriet verdring sy ingebore vrees en hy besluit om terug te keer na die plek waar sy maat geskiet is.
(*b*) „Sy stil maat" is 'n beter keuse van woorde as „sy dooie maat". Die wildegans se maat het stil geword. Dit is vir hom 'n vreemde en onverklaarbare verskynsel: hierdie stilte van 'n maat wat 'n oomblik tevore nog saam met hom in die riete sagweg gesels het. Die woordjie „stil" druk sy verbystering en gevoel van leegheid wat so bliksemsnel ingetree het, pragtig uit.
(*c*) In die vroeë skemerte kan die V-formasie van die voëls slegs **teen** die ligte agtergrond van die lug gesien word. Ek verkies die woord „teen", want dit plaas die formasievlug tussen die aarde en die lug.
(*d*) „Al nouer" bepaal die voël se kringbeweging die suiwerste, want sy kringe word al nouer en nouer om die plek waar hy sy maat agtergelaat het. „Al nader" is egter ook nodig, want nadat die wildegans weggevlieg het, het hy in sirkels nader terug na die ramptoneel gevlieg. Die versreël „al nader en al nouer kring" is suiwer en gepas.

(*e*) Voorbeelde van alliterasie in die gedig is:
(1) Die st-klanke in: „Styg teen die sterre";
(2) Die fl-, vl-klanke in: „Die fluiting van sy vleuelslag."
(3) Die k-klank in: „Na koelblou kuile lok hy haar."
Daar is nog voorbeelde van alliterasie in die gedig.

(*f*) Die woord „koelblou" is 'n beter keuse as „diepblou" of „helderblou". Dit suggereer die koelte van die kuile wat vir die wildeganse aanloklik is. Die ander woorde beskryf kleure en die koelte van water word nie daarin gevoel nie.

(*g*) In strofe IX word „slaan" saam met „genadehou" gebruik. 'n Mens sou nie praat van 'n genadehou wat „geskiet" word nie. In strofe III kan 'n mens sê: „Ek skiet sekuur . . . .", maar die digter gebruik „slaan" omdat hy in strofe IX „slaan" moet gebruik.

IV

(*a*) Die „ander tye" in die gedig is die herinneringe van die wildegans aan dae en tye toe sy maat nog by hom was: smiddags op die warm sand, soggens by die pan, in die vroeë skemer op die vlug.

(*b*) In die versreël „wit, warm sand waar smiddags loom", tref ons assonansie aan in die kort a-klanke in „warm", „sand" en „smiddags".

(*c*) „Willoos" is 'n bywoord wat die werkwoord „sleur" bepaal.

(*d*) Die woord „swawels" pas goed in die versreël se metrum of versmaat. „Swaels" pas nie in as 'n mens die reël hardop lees nie.

(*e*) Die dubbelpunt na „weerligstraal" dui aan dat na wat vooraf gegaan het, 'n gevolg aangegee sal word. Die aandagstreep na „hart" vestig die leser se aandag op iets belangriks, in hierdie geval op die einde van die tweede wildegans se verdriet.

(*f*) Die verdrietige geskreeu van die tweede wildegans laat die jagter besef dat hy die oorblywende voël diepe smart aangedoen het. Dit maak hom 'n mens met 'n gevoel vir wildediere, terwyl hy voorheen 'n jagter was wat vir sy eie plesier geskiet het sonder om sy slagoffers in ag te neem.

(*g*) Ek is lief vir diere en bewonder hulle in hulle natuurlike staat. Ek is ook 'n gevoelige mens wat selfs 'n dier se lyding en verdriet kan aanvoel. Daarom is ek gekant teen jag vir my eie menslike genot en ontspanning.

## LEESSTUK 2

Tjaart hardloop vorentoe, met die honde kort op sy hakke – en steek dan tussen die sekelbosse vas.

Hy staan verbyster.

Dáár, omtrent driehonderd tree van hom af, lê die groot swartwitpensram op sy pens met sy agterlyf in 'n digte sekelbos, terwyl 'n maanhaarleeumannetjie in sirkels al om hom loop. Die leeu kyk stip na die bok; hy mik-mik, maar huiwer telkens om tot die aanval oor te gaan.

Tjaart se eerste reaksie is om dadelik die bok te wil skiet, en hy wil somaar na regs agter die bosse insluip om hom van nader onder skoot te kry. Toe steek hy vas.

Dit is baie min jagters beskore om so 'n geveg te sien. Dit is 'n sonderlinge ervaring. Die leeu kan hy maklik agterna van die gras maak. Hy móét sien wat gaan gebeur!

Die pragtige swartwitpensram lê met sy kop vooroorgeboë. Gedurig hou hy sy aanvaller in die oog. Soos die leeu om hom stap, so draai die bok sy kop, en as die leeu te veel na agter swenk, lig die bok hom dadelik orent

op sy knieë, wentel in dié rigting, en sak weer op die grond; sy agterlyf versteek hy steeds in die beskermende sekelbosse.

Hoe lank duur die stryd al? Tjaart kan net gis. Dit kan al langer as 'n uur wees.

Tjaart staan dadeloos die geveg en aankyk. Eindelik is sy jagtog beeindig. Dat dit só sou gebeur, het hy nooit kon droom nie. Dit is asof die noodlot 'n hand daarin gehad het. Tjaart kan sy oë nouliks glo. Die hele skouspel wat hom so voor sy oë afspeel, kom hom onwerklik voor, 'n skimgeveg, 'n opgeefsel in die bos.

Die tweede gewaarwording wat snel op die eerste volg, is een van die diepste teleurstelling. Só sou hy nie graag die bok van kant wou maak nie. Hy moes hom alleen ingehaal het. Die stryd is te onewe. Die moedige bok kan nie twee aanvallers tegelyk die hoof bied nie.

Die volgende oomblik gaan die leeu tot die aanval oor.

Die ram se horings sak blitsvinnig. Die leeu steek vas, en swenk met ongelooflike vaart by hom verby. Sy verwoede gebrul galm deur die bosse. Die volgende oomblik het hy omgedraai en begin weer sy kringstap, onderwyl hy gedurig na die bok kyk. Tjaart se mond hang oop van verbasing. Die leeu is bang vir die bok!

Die bok is uitgeput; Tjaart kan dit sien. Daarom het die leeu hom aangeval. Dit is buitengewoon dat die leeu so iets nog in die daglig waag; hy moet seker baie honger wees.

Tjaart word stadigaan met 'n groot en diep agting vir die bok vervul. Al baie het hy gehoor dat 'n swartwitpensram 'n leeu van die gras kan maak. Maar dit gebeur seker baie selde. Hy is oortuig daarvan dat die leeu die bok sal vang.

Hoeveel kere het die leeu al voor die venynige vlymskerp horings gewyk? Baiemaal moet hy al geprobeer het om die bok paniekbevange te maak sodat hy hom van die kant kan bevlieg. Maar die ram het nie gewyk nie.

Die leeu gaan staan, sy swaarbemaande kop sak, sy rug hol, en hy piets met sy stert heen en weer. Die bok bries, laat sy gesig plat op die grond sak. Die lang, gekromde sabelhorings lê vooroor. Nou kan Tjaart sien hoe lank die horings werklik is. Hy het nie die lengte onderskat nie.

Die jagter hou sy asem op.

Toe storm die leeu weer, swenk terselfdertyd.

Blitsvinnig, vinniger as 'n oogknip, kom die bok orent, storm en skep met die horings. Tjaart is hom net bewus van die glansende vel, die sterkgespierde nek, die aanslag net voor die leeu kan wegspring, net betyds – 'n volmaakte beweging, kragtig, sierlik. Die kop na aan die grond, die flits van die gekromde horings in die flou sonlig . . . en die brullende, kappende, skoppende leeu daarop vasgeryg. 'n Enkele sydelingse beweging van die nek, 'n vinnige kopswaai, en die bloedbelope horings is los.

Toe laat hy spat . . . so vinnig as sy pote hom kan dra. Tjaart sien hom nog 'n oomblik tussen die sekelbosse. Hoog is sy kop, en lieflik, asemrowend die lang, swart, bloed-bevlekte horings oor sy rug geboë. Sy oë gloei donkerblink van smeulende haat en triomf.

Tjaart kan net verwese voor hom uitstaar. Sagweg hoor hy die kloueslag van die bok soos hy vlug. Hy kletter teen 'n klipperige steilte uit. 'n Oomblik sien hy nog die swart en wit deur die bosse . . . en die bok vervaag oor die glooiing.

Nou staar die jagter na waar die bok oor die rant verdwyn het. Langs hom hurk sy honde. Die leeu lê nou stil – dood.

(Uit: H. J. Vermaas – *Die Swartwitpens*)

## Vrae en Opdragte

I

(*a*) Hoe dink jy, waarom het Tjaart vorentoe gehardloop?
(*b*) Waarom onderdruk Tjaart sy aanvanklike reaksie om die bok te skiet?
(*c*) Die bok kan nie „twee aanvallers gelyk die hoof bied nie". Watter twee aanvallers is dit?
(*d*) „Die leeu kan hy maklik agterna van die gras maak," dink Tjaart. Ná wát gebeur het?
(*e*) Wanneer val die leeu gewoonlik 'n swartwitpens aan?
(*f*) Wanneer vind die geveg plaas waarvan daar hier vertel word?
(*g*) Wat sal Tjaart waarskynlik doen ná die bok oor die rant verdwyn het?

II

(*a*) Wat kan jy alles aflei van die landskap waarin die geveg plaasvind? Gebruik elke moontlike leidraad.
(*b*) As Tjaart die bok en die leeu die eerste keer sien, dan staan hy „verbyster". Hierdie verbysterde houding van die toeskouer Tjaart word telkens weer gestel. Noem die plekke waar dit gebeur.
(*c*) Die moedige bok kan nie twee aanvallers tegelyk „die hoof bied nie". „Iemand die hoof bied" is 'n bekende idioom. Wat beteken dit? Waarom is „iemand die hoof bied" in die geval van die bok **letterlik** waar?
(*d*) „Die volgende oomblik het hy omgedraai en begin weer sy kringstap". Bekyk die woordorde goed. Sou „begin" nie op 'n ander plek in die sin kan staan nie?
(*e*) Daar word vertel van die „kappende leeu". Hoe **kap** 'n leeu?
(*f*) As die bok tot die aanval oorgaan, voer hy „'n volmaakte beweging" uit. Waarom is hierdie beweging so volmaak?
(*g*) Beskrywe kortliks die taktiek van die swartwitpens wanneer hy aangeval word.
(*h*) Gee die leesstuk 'n gepaste titel.

III

(*a*) „Dit is baie min jagters beskore om so 'n geveg te sien. Dit is 'n sonderlinge ervaring". Kyk sorgvuldig na hierdie **sonderling**; raadpleeg 'n goeie verklarende woordeboek. Sou **besondere** hier nie dalk beter inpas nie? Probeer goeie redes vir jou antwoord te gee.
(*b*) „Toe storm die leeu weer, swenk terselfdertyd". Skryf die sin oor, maar vervang dan „swenk terselfdertyd" deur 'n enkele woord (die woord wat hier pas is afgelei van **swenk**).
(*c*) „Die bok bries . . ." Kan jy die betekenis van **bries** ten dele aflei uit die (miskien) meer bekende vorm **briesend**? Probeer dit en gaan kyk daarna in die woordeboek of jou afleiding korrek was.
(*d*) Ons praat gewoonlik van „bloedbelope oë"; van **bloedbelope** sê die woordeboek dan ook: „met bloederige strepe daarin". Wat dink jy nou van die bok se „bloedbelope horings"? Is „**bloedbevlekte** horings" vir jou beter?

(*e*) „Dáár, omtrent driehonderd tree van hom af, lê die groot swartwitpensram op sy pens met sy agterlyf in 'n digte sekelbos, terwyl 'n maanhaarleeumannetjie in sirkels al om hom loop". Watter woord dui aan dat dit nie die eerste keer is dat Tjaart hierdie swartwitpensram sien nie; en watter woordjie dui aan dat dit wél die eerste keer is dat hy hierdie besondere maanhaarleeumannetjie te sien kry?

(*f*) „Die kop na aan die grond, die flits van die gekromde horings in die flou sonlig . . . en die brullende, kappende, skoppende leeu daarop vasgeryg". In hierdie uittreksel word drie **agtereenvolgende** tonele in die stryd tussen die bok en die leeu beskryf. Vertel nou in jou eie woorde hoe die toneeltjies die een op die ander volg. En kyk dan weer hoe kernagtig die skrywer hier beskryf het.

(*g*) As die bok ná sy suksesvolle aanslag op die leeu wegstorm, dan **sien** Tjaart onder meer: „Sy oë gloei donkerblink van smeulende haat en triomf". Kan Tjaart dit werklik **sien**? Lees weer noukeurig en vind uit waar Tjaart hom presies bevind het toe hy die geveg aanskou het.

(*h*) Die beskrywing van die geveg tussen die swartwitpens en die leeu is gehaal uit 'n lang novelle. Kan jy uit die gegewens wat hier verstrek word, iets aflei van die gebeure voor die geveg? Probeer elke leidraad ten volle benut.

IV

(*a*) „Nou kan Tjaart sien hoe lank die horings werklik is. Hy het nie die lengte onderskat nie". Sou 'n mens hier ook kon sê, sonder dat daar werklik iets gewysig word: hy het die lengte nie **oorskat** nie? Watter een van die twee verkies jy? Oorweeg deeglik.

(*b*) Wat verkies jy: „'n vinnige kopswaai" of „'n vinnige swaai van die kop"?

(*c*) „Tjaart is hom net bewus van die glansende vel, die sterkgespierde nek, die aanslag net voor die leeu kan wegspring, net betyds". Wat is net betyds, die aanslag van die bok of die wegspring van die leeu? Hoe weet jy dit?

(*d*) „Tjaart kan net verwese voor hom uitstaar . . ." „'n Oomblik sien hy nog die swart en wit deur die bosse . . ." Vind jy dit in orde dat 'n mens tegelyk verwese kan staar en nog sien?

(*e*) „Sagweg hoor hy die kloueslag van die bok soos hy vlug". Hoor Tjaart sagweg, of hoor hy die bok sagweg vlug?

(*f*) „Tjaart sien hom nog 'n oomblik tussen die sekelbosse . . . 'n Oomblik sien hy nog die swart en wit deur die bosse". Hierdie twee bewerings kom voor in twee van die laaste paragrawe in die beskrywing. Is die twee oomblikke een en dieselfde oomblik? Of verskillende oomblikke? Versigtig nou, dis 'n moeilike vraag.

(*g*) „Die leeu gaan staan, sy swaarbemaande kop sak, sy rug hol, en hy piets met sy stert heen en weer". Hoe lyk dit: moet 'n mens **hol** lees as 'n byvoeglike naamwoord of as 'n werkwoord? Probeer redes gee vir jou antwoord.

(*h*) Glo jy dat die volgende handeling „vinniger as 'n oogknip" geskied: „die bok kom orent, storm en skep met die horings"? As dit nié kan nie, wat moet 'n mens dan sê? Begaan die skrywer 'n fout of mag hy dit tog sê? (Vra vir Meneer wat 'n cliché is.)

(*i*) Hoe 'n soort mens is hierdie Tjaart? Probeer dit aflei uit sy optrede en sy reaksies in die leesstuk.

## LEESSTUK 3

Johan is vir my net soos een van daardie raaipakkies wat ons as kinders by Harry en Kaiser se kafee gekoop het teen drie sent stuk. So 'n raaipakkie was sommer 'n sierlike dingetjie wat 'n mens se gemoed te alle tye goed gedoen het. Dit het bestaan uit 'n langerige kartonhouertjie, mooi oorgetrek met gekleurde papier en buite-op 'n prentjie van 'n diertjie of 'n voëltjie of 'n dansende vroutjie. Maar die benaming raaipakkie het

darem eintlik op die binneste gedui. Dit het naamlik bestaan uit 'n hopie gekleurde lekkers, rooi en wit katoë of gegeurde pienk pilletjies, en midde-in die lekkers was daar dan die raaidingetjie: 'n sierspeldjie, 'n vlaggie of 'n opgerolde papierpet, 'n fluitjie of – lekkerste van alles – 'n ring met 'n rooi steentjie. My hoop was met elke drie sent op die ring gevestig, al was die ring nooit groot genoeg om in enige ander vinger as my pinkie te pas nie. As ek die dag 'n ring in 'n raaipakkie kry, verbeel ek my sommer ek is predikant se kind wat 'n resitasie opsê in die Kinderkrans.

Maar 'n ring in 'n raaipakkie was maar 'n skaars ding. Ek het maar eintlik eers my ring gekry toe ek met Johann getroud is. Hy was nou vir my van die begin af 'n raaipakkie soos min. 'n Mens weet nooit watter raaidingetjie jy uit sy langerige lyfie gaan skud nie. Soms 'n sierspeldjie van 'n onverwagte voorstel: „Trek jy jou blink rok aan en ek my rykman-skoene; dan gaan eet ons vanaand by daardie kontinentale kafee langs die see in die Strand."

„Kyk hoe mooi gaan die son onder. Sal ons nie alles los en 'n entjie langs die rivier gaan stap nie?"

„Het jy nie lus om vanaand voor die vuur Hamlet se alleensprake vir my hardop te lees nie?"

Soms 'n vlaggie fyn kommentaar wat oor 'n mens of 'n ding of 'n verhouding 'n kolletjie wapperende kleur hang:

„Lukas **praat** mos nie soos 'n ordentlike mens nie; hy hap in die wind soos 'n ballon wat 'n prik gekry het – die klank verdwyn ál agtertoe."

„So 'n bruidegom het darem nie na sy woorde gesoek nie, nè! Die Afrikaners is mos gebore redenaars. Of hulle nou 'n basaar open of 'n heildronk instel: dit klink altyd of die lot van die vaderland op die spel is."

„Ek sê nou vir jou, Amanda, jy moet 'n mens aanvaar soos hy is. As jy hom kon verander, sou jy hom mos maak net soos jyself is, en dit mag dalk nie te vleiend vir **hom** wees nie."

'n Ander dag is dit weer 'n vonkelende stemming wat hy soos 'n papier-pet ooprol en op sy kop sit of 'n skielike uitdaging wat hy soos 'n deur-dringende fluitjie teen ons almal rig. Maar die hoogtepunt vir my bly nog maar, soos in Harry en Kaiser se dae, die asemrowende vonds van die ring in die raaipakkie. Onvergeetlik is dié dae wanneer ek daardie ring tussen die katoë en die pienk pilletjies van ons gewone doen en late sien blink. Dan weet ek: nou moet ek lig loop. Daar is iets groots aan die gang. Johan pak 'n nuwe ding aan.

So was dit verlede Woensdag toe Johan wors gemaak het.

(Uit: *Die Vrolike Lied* deur Audrey Blignault)

**Vrae en Opdragte**

I

(*a*) Is **raaipakkie** 'n gepaste naam vir wat ons in Engels 'n „lucky packet" noem?
(*b*) Sê „lucky packet" iets meer van die inhoud van die pakkie as ons **raaipakkie**?

(*c*) In watter opsig laat Johan se uiterlike haar aan 'n raaipakkie dink?
(*d*) Wie skryf hier? Hoe is haar naam?
(*e*) Sy sê dat daar buite-op die raaipakkie 'n prentjie van 'n diertjie of 'n voëltjie of 'n dansende vroutjie was.
(1) Is 'n voëltjie nie ook 'n diertjie nie?
(2) Was dit almal klein diertjies soos koggelmanders, skoenlappers en miere, of was daar ook prentjies van groter diere soos olifante, kameelperde en seekoeie op?
(*f*) „Dit het naamlik bestaan uit 'n **hopie** gekleurde lekkers". Die voornaamwoord **dit** verwys na 'n onderdeel van die voorafgaande sin.
(1) Na watter onderdeel verwys **dit**?
(2) Bedoel sy met **hopie** dat die lekkers opmekaar gestapel is?
(3) Hoe het die lekkers gelyk?
(*g*) Sy praat van **pienk pilletjies.** Was daar dan ook medisyne in die pakkie?
(*h*) Aan watter raaidingetjie het sy voorkeur gegee?
(*i*) Aan watter vinger word 'n ring gewoonlik gedra?
(*j*) Aan watter vinger het sy die ring uit die raaipakkie gedra?
(*k*) Aan watter vinger het sy haar **eintlike** ring gedra?
(*l*) Het sy baie ringe in die raaipakkie gekry?
(*m*) Hoe lyk die wêreld in die omgewing van Johan-hulle se huis?

II

(*a*) „Maar die benaming raaipakkie het darem eintlik op die **binneste** gedui".
Praat jy van die **binneste** of van die **binnekant** of van die **inhoud** van 'n kostrommel?
Deur watter woord of woorde sou 'n mens **binneste** kon vervang?
(*b*) Kan jy vir jou maat sê hy is 'n bobbejaan se kind?
Kan jy vir hom sê hy is bobbejaan se kind?
Kan jy vir hom sê hy is 'n bobbejaan?
*Gebruik in sinne:*
**'n predikant se kind;** en
**predikant se kind.**
(*c*) Hoe lyk die eintlike ring wat sy gekry het?
(*d*) Een van die raaidingetjies wat 'n mens uit Johan se langerige lyfie kon skud, was die sierspeldjie van 'n onverwagte voorstel. Noem die ander raaidingetjies wat mens uit Johan kon skud.
(*e*) Aan watter dinge in hulle lewe laat die **katoë** en die **pienk pilletjies** haar dink?
(*f*) Hoe praat Lukas?
(*g*) Van watter alleensprake van Hamlet praat sy?
(*h*) Hou 'n toesprakie om 'n basaar te open. Laat dit klink asof „die lot van die vaderland op die spel is".
(*i*) Hou 'n toesprakie om 'n heildronk in te stel. Moenie dit laat klink asof „die lot van die vaderland op die spel is" nie.
(*j*) Hoe lyk Johan?

III

(*a*) Bedoel Johan dat die rok wat sy vrou moet aantrek, rêrig **blink**?
Gee 'n ander woord wat naasteby dieselfde beteken as **rykmanskoene.**
(*b*) „Sal ons nie alles los en 'n entjie langs die rivier gaan stap nie?"
Het hulle dan iets vasgehou?
(*c*) Wat is die verskil tussen 'n **endjie** en 'n **entjie**?
(*d*) Waarom moet sy liewer 'n mens aanvaar soos hy is?
(*e*) Kan 'n kolletjie kleur wapper?
(*f*) „Ek sê nou vir jou, Amanda . . . ."
'n Mens kan die sinnetjie soos volg verander:
(1) Ék sê nou vir jou, Amanda.
(2) Ek *sê* nou vir jou, Amanda.

(3) Ek sê noú vir jou, Amanda.
(4) Ek sê nou vir joú, Amanda.
(5) Ek sê vir jou Amanda.

Verduidelik in elke geval hoe die betekenis van die sinnetjies telkens gewysig word.

(*g*) „Dan weet ek: nou moet ek lig loop".

Dit beteken sy moet versigtig wees, sy moet oppas, daar skuil gevaar iewers. Was dit regtig vir haar nodig om **lig te loop**?

(*h*) 'n **Speelding** is 'n ding waarmee 'n mens **speel**, maar 'n **raaiding** is nie 'n ding waarmee 'n mens **raai** nie. Wat is dit dan?

(*i*) „dan gaan eet ons vanaand by daardie kontinentale kafee in die Strand". Kan ons **in** gebruik wanneer ons **Strand** nie met 'n hoofletter skryf nie?

## LEESSTUK 4

### HOU „JY" EN „U" OP HUL PLEK

1. Dit begin al hoe meer lyk of daar al hoe meer mense is wat al hoe minder van die woordjie **u** hou. 'n Leser het ons daarop gewys dat 'n mens deesdae dikwels oor die radio hoor dat iemand as **jy** aangespreek word in 'n onderhoud waar **u** die gepaste vorm sou gewees het. Sedertdien het ons ook al 'n paar keer gehoor dat 'n spreker op 'n vergadering sê: „Vriende, julle moet nou nie te haastig wees en begin loop nie," en dat jonger mense ouer mense as „jy" of „julle" aanspreek. (Julle word nogal gebruik waar 'n persoon soms sou huiwer om **jy** te sê. 'n Jong man wat sy oom en tante afsonderlik nie **jy** sal noem nie, sal dikwels van hulle twee saam as „julle" praat). En dan het 'n mens ook die toenemende verskynsel in Afrikaans dat kinders hul pa of ma of albei as „jy" aanspreek. Net so erg is die jong manne met kinbaardjies wat superboere wil wees deur almal, van die moderator van die kerk tot die haarkapper oorkant die straat, as „omie" wil aanspreek.

2. Die storie dat Afrikaners in hierdie opsig soveel anders is as ander mense, dat hulle graag met almal eie wil wees en tot in die taal alles wil vermy wat afstand kan skep, is seker nie waar van alle Afrikaners nie en ons twyfel of dit waar is van die meeste. Die omgang tussen Afrikaners onderling is nie so 'n totaal ander ding as die omgang tussen mense van ander volke nie. Geen mens wil met almal boetie-boetie speel nie en Afrikaners is net so gesteld op hulle eer as ander mense. Hulle spog net so graag met hul amp, posisie, rykdom, hul blink motor, die kringe waarin hulle beweeg of die titels voor of agter hul naam as ander mense, al is die titel ook maar net „raadslid" of V.R.!

3. Pres. Reitz het die staaltjie vertel van 'n man wat pres. Kruger by die eerste ontmoeting gegroet het met „Môre, oom Paul" en toe van die President die kortaf antwoord gekry het: „Ek het nie geweet ons is familie nie". Die hele Afrikanervolk is nie een groot familie nie, en selfs al was hulle dit, is daar in die beskaafde familie nog altyd sekere wellewendheidsvorme wat in ag geneem moet word.

4. Ons wil nie waag om somaar te sê dat dit 'n na-aping van die Engelse gebruik is wanneer Afrikaanse kinders hul ouers **jy** en **jou** nie, maar daar is 'n sterk moontlikheid dat dit die geval kan wees. In elk geval steek daar geen waarde in die argument dat dit in Engels nie oneerbiedig is om vreemdes, hooggeplaastes en al jou meerderes met „you" aan te spreek en daarom ook in Afrikaans nie oneerbiedig kan wees nie. Die woordeboek sê volgens dié denkwyse tog dat die Afrikaans vir „you" „jy" is. Dit is 'n halwe waarheid. Die Afrikaans vir „you" is een keer **jy** en die ander kere **u.** En as **you** met **jy** vertaal word wanneer dit **u** moet wees, is dit 'n taalfout. Watter een van die twee dit op 'n bepaalde oomblik is, hang af van die spreker of die persoon wat aangespreek word.

5. En dit is eintlik waarom dit gaan. Wanneer iemand vir die radio 'n onderhoud voer, al is dit met 'n ou vriend wat hy buitekant gewoonlik Swart Piet noem, behoort hy Swart Piet as **u** aan te spreek, want die radioman is op daardie oomblik die mondstuk van al die luisteraars wat nie op so 'n vertroulike voet met Piet verkeer nie. Dit is 'n formele geleentheid. Naas spreker en aangesprokene vereis die geleentheid dikwels die meer formele vorm. Wanneer die moderator van die Sinode agter die groen tafel staan, spreek die leraar van Kerkenberg hom uit die saal aan as **Weleerwaarde Heer,** al ken hy hom sedert twintig jaar uit hul studentedae as Gewillige Willem. So behoort die jonger broertjie wat 'n ouer broer as geskiedenisonderwyser het, in die klas nie met Ouboet te praat nie, maar met **mnr. Prinsloo.** En op die maandvergadering van die distrik se boerevereniging is Sarel Blouvlei „meneer Cilliers" en sy buurman Koos Heuningkrans „meneer die voorsitter", en albei behoort **u** te wees wanneer die betrokke persoon die tweede, derde en vierde keer aangespreek word. Die geleentheid vereis dit. Aan die ander kant sal 'n man nie beswaar maak as meneer Trillowitz, algemene handelaar op Potchefstroom, hom by die eerste ontmoeting op die gholfbaan somaar „ou swaer" noem nie. Die gholfbaan is glo bedoel om sulke dinge uit 'n mens se sisteem te kry.

6. Die gebruik van **jy** en **jou** teenoor Pa en Ma is seker ook nie sonder verband met die emansipasie van die kind en die moderne opvoedkundige opvattinge nie. Die huisgesin word ook mos nou demokraties. Maar dit is nuut; nie volgens die ou Afrikaanse gebruik nie en beslis steurend vir mense wat anders grootgeword het. Ook hier sal die geleentheid en die gees en gesindheid binne die familiekring waarskynlik so kan wees dat die **jy** en **jou** moontlik nie sal steur nie. Die onderlinge agting en gehegtheid kan so klaarblyklik wees dat die situasie enige gevoel van geringskatting wat die **jy** en **jou** kan wek, oortuigend weerlê. Maar dan moet nog onthou word dat alles in alle families nie altyd so beminlik kan gaan nie en dat daar dikwels omstanders kan wees wat nie daardie familieagtergrond ken nie. In sulke oomblikke kan die aanspreekvorm nie skielik verander word nie.

7. Sommige mense vind die herhaling in „Pa, gee my Pa se geweer, dan kan Pa môre sien hoe Pa se groot seun die bokke neertrek", 'n bietjie verspot. Die antwoord daarop is dat baie dinge in enige taal verspot lyk

as 'n mens hulle nugter, verstandelik, van buite ontleed. Teen die idioom van 'n taal kan 'n mens nie stry nie. Jy kan nie vra waarom dit so en nie anders is nie. Ons gebruik, logies gesien, byna altyd een **nie** te veel in Afrikaans, maar kan daar niks aan doen nie.

8. Daar is natuurlik ook uitsonderlike ouers wat die kinders so styf as wasbeelde om die etenstafel laat sit, almal verbied om 'n onnodige woord te sê en hulle van kleins af leer om Pa en Ma mooi met „u" aan te spreek. Maar dis te betwyfel of dit in die eerste plaas 'n taalverskynsel is en daarom hoef dit nie hier bespreek te word nie.

(Uit: *Die Huisgenoot*)

## Vrae en Opdragte

I

(*a*) Watter argument sal die „omie"-sêers kan aanvoer om hierdie aanspreekvorm te verdedig?

(*b*) Watter ooreenkoms is daar tussen kinders wat hulle ouers jy-en-jou en die superboere wat een en almal wil „omie"?

(*c*) Hoe dink jy, hoe moes die man oom Paul by die eerste ontmoeting aangespreek het?

(*d*) Sê nou jou vader is jou geskiedenisonderwyser. Waarom sal jy hom in die klaskamer nie aanspreek as „pa" of „vader" nie?

(*e*) Watter fout maak 'n woordeboek wat net sê dat Engels **you** in Afrikaans **jy is**? Waarom is dit 'n fout?

(*f*) Hoe sou jy self sê: „Pa, gee tog asseblief vir my Pa se mes aan", òf „Pa, gee tog asseblief vir my u mes aan"? Sê waarop jou keuse berus.

(*g*) Is die Engelse kind wat sy pa as „you" aanspreek, onbeleef?

(*h*) Waarom sal 'n mens een en dieselfde persoon soms as „jy", soms weer as „u" aanspreek? Verduidelik dit met voorbeelde.

II

(*a*) Gee **twee** voorbeelde waar:
  (i) **jy** nie op sy plek is nie;
  (ii) **u** nie op sy plek is nie.

(*b*) Waarom is die herhaling in (i) hieronder steurend, in (ii) nie?
  (i) Meneer Swanepoel, meneer Swanepoel moet tog vir meneer Swanepoel se kinders sê om nie so op die draad te ry nie.
  (ii) Pa, Pa moet tog Pa se potlood vir my leen asseblief.

(*c*) Jy, die leerling, word in hierdie vrae telkens aangespreek as „jy". Ons sou jou ook kon aangespreek het as „u", of ons sou julle almal saam kon aangespreek het as „julle". Watter een van die drie verkies jy? Probeer redes gee vir jou voorkeur.

(*d*) Daar is gesinne waar „jy" en „jou" gebruik kan word sonder enige geringskatting. Hoe so?

(*e*) Gee voorbeelde om aan te toon dat die taal nie altyd logies hoef te wees nie.

(*f*) Waarom word „gewillige" met 'n hoofletter geskrywe in „Gewillige Willem"?

(*g*) Waarom gaan die „jy"-sêers se beroep op die Engelse „you" nie op nie?

(*h*) Waarom gebruik die skrywer aan die einde van die tweede paragraaf 'n uitroepteken?

III

(*a*) „Hulle spog net so graag met hul amp, posisie, rykdom, hul blink motor, die kringe waarin hulle beweeg of die titels voor of agter hul naam as ander mense . . ." Kyk bietjie na „as ander mense". Kan jy hom na 'n ander plek in die sin verskuif, 'n plek waar hy miskien selfs duideliker praat?

(*b*) In die eerste paar sinne van die leesstuk word **u** en **jy** vetgedruk, 'n paar sinne verder word die **jy** tussen aanhalingstekens geplaas. Kan jy sê waarom die skrywer nou die een, dan weer die ander metode gebruik om die **u** en die **jy** van die ander woorde in die sin te onderskei?

(*c*) In die tweede paragraaf praat die skrywer van „die storie dat Afrikaners in hierdie opsig soveel anders is as ander mense . . ." Wat wil die skrywer met die gebruik van die woord **storie** hier te kenne gee?

(*d*) „Die huisgesin word ook mos nou demokraties", sê die skrywer in die sesde paragraaf. Wat gebeur as 'n mens hierdie „mos" weglaat? Sê die skrywer dan iets anders?

(*e*) „Die gholfbaan is glo bedoel om sulke dinge uit 'n mens se sisteem te kry." Hoe verander die mededeling as 'n mens hierdie „glo" weglaat?

(*f*) „**Julle** word nogal gebruik waar 'n persoon soms huiwer om **jy** te sê." Wat sê die woord „nogal" hier? (Om dit uit te vind, moet julle natuurlik die „nogal" weglaat en dan nagaan of daar iets verander het.)

(*g*) Kan jy nou, ná jy (*d*), (*e*) en (*f*) beantwoord het, sê waarvoor ons woorde soos **mos** en **glo** en **nogal** gebruik?

(*h*) Som die hoofgedagte van elke paragraaf in een sin op.

IV

(*a*) 'n Superluukse matras slaap sommer baie lekker; en 'n supermens kan sommer baie dinge regkry wat ons gewone sterflinge nie kan regkry nie. En wat nou van 'n **superboer**?

(*b*) Watter voorbeelde gebruik die skrywer om aan te toon dat 'n mens nie slegs „nugter, verstandelik, van buite" moet ontleed nie? Kan jy self voorbeelde byvoeg?

(*c*) Aan watter faktore moet die toename in die gebruik van **jy** i.p.v. **u** toegeskrywe word?

(*d*) Hierdie skrywer kies nie blindelings kant nie, hy oorweeg altyd verskillende moontlikhede. Staaf of weerspreek hierdie bewering met voorbeelde van die manier waarop hierdie skrywer argumenteer.

(*e*) Sê, met bewyse, watter van die volgende uitsprake korrek is:
- (i) Die skrywer is nougeset.
- (ii) Die skrywer het 'n humorsin.
- (iii) Die skrywer is tradisievas.
- (iv) Die skrywer is te versigtig, te bang om aanstoot te gee.

(*f*) In sy vyfde paragraaf versin die skrywer denkbeeldige name vir die persone wat hy in sy argument betrek (bv. „Gewillige Willem"). Is hierdie name goed gekies? Sê waarom jy hulle goed of nie goed vind nie.

(*g*) **Hou „jy" en „u" op hulle plek.** Dis 'n baie gepaste titel vir hierdie stuk. Kan jy sê waarom?

(*h*) Stel 'n kort samesprakie op waarin Jan die gebruik van „jy" as aanspreekvorm vir vader verdedig, terwyl Ben dit aanval.

## LEESSTUK 5

Dit was 'n koue aand in die Bokveld. En wat dit beteken, weet die Bokveldse mense alleen. Reën en noordwestewind en af en toe fyn sneeutjies. Maar veral wind.

„Ek weet darem nie hoe die mense dit regkry wat vannag nie onder dak is nie," sê Pa onderwyl hy die vuur op die es 'n bietjie aankrap. „Ons sit hier by die kole, maar ek wil maar nie heeltemal warm word nie."

Pa se woorde was nog nie koud nie, toe word daar aan die kombuisdeur geklop.

„Daar kom die ou droster," sê Bettie. „Dis hy wat die stout kinders kom vang."

„Moenie vir jou laf hou nie, Bettie," kom dit kwaad-bang van Andries. „Dit is nie 'n droster nie. Daar is nie meer sulke mense nie."

Sonder om 'n woord te praat, staan Pa op en gaan maak die deur oop. Die wind en reën dwarrel by die deur in en stoot 'n oom met 'n groot kakiejas aan amper tot in die middel van die kombuis.

„Mensig-ons! So 'n weer, hê!" sê hy. „Naand, Oom. My van is Snyers. Ek is 'n trekboer en ek wil asseblief vra of Oom vir my en my vrou vanaand kan herberg. My vee is nou hier agter tussen die doringbosse voor die populierbome."

„Natuurlik, Neef," antwoord Pa. „Gaan haal dadelik jou vrou en bring haar huis toe en sê vir jou veewagter hy moet na die volkshuise toe gaan. Die skaap kan maar daar tussen die doringbosse lê. Hulle sal nie vannag trek nie."

„Baie dankie, Oom," sê die trekker, „maar wat ek wou vra: Kan Oom nie 'n plan maak met hierdie dingetjie nie? Hy het vandag aangekom, en sy ma het nie 'n druppeltjie melk nie. Ek wil hom nie graag kop-af sny nie. Dit gaan darem maar van 'n man se hart af."

Sy regterhand kom onder die groot kakiejas uit en bring 'n Afrikanerlam te voorskyn. Hy sit hom op die vloer neer.

„Hy het nog glad nie gedrink nie, Oom. Hy's 'n mooi diertjie, soos Oom kan sien. Oom kan hom maar vat as julle hom wil hê."

„Dis myne, Pa," skree ons kinders sommer almal gelyk, maar ek het die gouste weggespring en die lam in my arms toegevou.

„Ons sal met hom 'n plan maak, Neef. Laat hom maar hier bly en gaan haal jou vrou. Jou donkies kan jy in die stal daar onder by die watergrip sit."

Die oom stap by die kombuisdeur uit, maar ek was so besig met die lam dat ek nie meer aan die trekker gedink het nie. Die dingetjie was dood van die honger en soek maar almelewe suipplek, pomp-pomp aan my bene en suig-suig aan Andries se baadjiepunte.

„Probeer 'n bietjie lou melk," gee Pa aan die hand.

Dit was nie lank nie, toe het ek die piering lou melk klaar en sukkel ek om die lam te laat drink. En dit was 'n gesukkel van die ander wêreld. Ek probeer sy bekkie in die piering druk, maar dit wil maar nie bra nie. Later kry hy my pinkie beet en suig so wat hy kan. Ek hou my hand in die melk, en op dié manier het die lam al pinkie-suigende darem iets ingekry. Dit was vir ons te mooi om te sien hoe hy sy stertjie wikkel-wikkel toe hy die melkies proe.

„Jy moet hom nie te veel laat suip nie," sê Pa. „'n Mens moet versigtig wees met 'n lam wat nog nie bies gehad het nie. Te veel koeimelk in die begin akkordeer nie met hom nie."

Maar in die stilligheid het ek darem maar aangehou sukkel tot die piering leeg was. Daarna het ek hom lekker warm toegemaak in 'n kerskissie.

„Wat sal ons sy naam gee?" vra ek aan broer Willie toe ons die aand in die bed lê.

„Ek het nou juis daaroor lê en dink," antwoord hy. „Het jy opgemerk watter mooi donkerbruin kol hy op sy skoffie het? Nou het ek hom: Vlek is sy naam, of Vlekkie."

„Vlek is beter," sê ek ingenome. „Hy sal seker eendag 'n groot skaap word, en dan kan 'n mens mos nie vir hom Vlekkie sê nie. As hy drie jaar oud is, verkoop ons hom aan Pa vir 'n rand, maar Pa mag hom nie slag nie en ook nie verkoop nie. Dis sonde om 'n hansdier te slag. Wat sê jy?"

„Ek sê ook so," antwoord Willie vakerig.

(Uit: *Van my Kinderdae* deur Boerneef)

## Vrae en Opdragte

(*a*) Waar is die Bokveld?
(*b*) Hoe sal 'n Bokvelder 'n koue aand beskryf?
(*c*) Waarheen waai die noordwestewind?
(*d*) Wat is 'n es? Het ons hedendaagse huise nog 'n es?
(*e*) Waarom krap Pa die vuur aan?
(*f*) Waarom sou die skape nie daardie nag getrek het nie?
(*g*) Waarom het die skapie se ma nie melk nie?
(*h*) As jy van die huis af na die vee toe loop, wat sal jy eerste teëkom, die populierbome of die doringbosse?
(*i*) Gee ander woorde vir: **volkshuise, watergrip** en **bra.**
(*j*) Waarom is dit sonde om 'n hansdier te slag?

II

(*a*) Waar het Boerneef grootgeword?
(*b*) Wie is Boerneef? Noem nog 'n paar boeke wat hy geskrywe het.
(*c*) Voltooi die volgende sinne sodat elkeen 'n onderwerp en 'n gesegde het:
**Reën en noordwestewind en af en toe fyn sneeutjies. Maar veral wind.**
(*d*) **Af en toe val fyn sneeutjies.** Ken jy die woord sneeutjies? Wat wou die skrywer daarmee sê?
(*e*) Was die vreemde oom familie van Pa (Pa spreek hom aan as Neef)?
(*f*) Skryf 'n briefie wat in „Die Huisgenoot" moet verskyn en waarin jy die gebruik om vreemde mense aan te spreek as Oom en Tante of Neef of Niggie afkeur of goedpraat.
(*g*) **„Oom kan hom maar vat as julle hom wil hê."** Hoekom sê die skrywer **julle** as daar net een oom is?

III

(*a*) Wat het Pa gedoen net na hy die deur oopgemaak het?
(*b*) Word die deur weer toegemaak nadat die Oom ingekom het. Wanneer?
(*c*) Is dit dan nie snaaks dat die Oom van die weer praat en eers daarna groet en hom self bekend stel nie? Vir wie sê hy dat die weer uiters guur is?
(*d*) Het die Oom vir Pa met die hand gegroet toe hy binnekom?
(*e*) Hoe het Pa geweet die Oom het donkies?
(*f*) Hoe kom dit dat die Oom met die kakiejas vir Pa sê Oom? Hoe kan die een oom vir die ander oom sê „Oom"?
(*g*) Watter gevoelens word gewoonlik uitgedruk met die volgende uitroepe: ‚ag", „O", „ai", „mensig-ons"?

(*h*) „Die dingetjie was dood van die honger". As 'n mens dood is aan of van bloedverlies, dan lewe jy nie meer nie. Is die lammetjie wat dood is van die honger, ook dood?

(*i*) **Kop-af sny.** Dink jy die oom wou rêrig die lam se kop afsny, of wou hy hom miskien net **keel-af** sny?

IV

(*a*) „Hy is bokveld toe."
 (i) Wat beteken hierdie uitdrukking?
 (ii) Kan jy verklaar waar die uitdrukking vandaan kom?
 (iii) Waarom word **bokveld** hier met 'n kleinletter geskrywe?

(*b*) „Ek wil nie heeltemal warm word nie."
„Ek wil maar nie heeltemal warm word nie."
Watter van die twee sinne beduie dat Pa begeer om warm te word?

(*c*) „Daar kom die ou droster."
 (i) Wat noem ons iemand met wie stout kinders banggemaak word?
 (ii) Is die kinders in die gesin gewoonlik banggemaak met die ou droster?
 (iii) Het hulle meer as een droster geken?
 (iv) Is alle drosters vir hierdie kinders gevaarlik?

(*d*) Is daar 'n verskil tussen: kwaad-bang, bang-kwaad en kwaad en bang?

(*e*) Pa maak die deur oop.
Pa gaan die deur oopmaak.
Pa gaan maak die deur oop.
Pa, gaan maak die deur oop.
Hoe verskil die sinnetjies van mekaar?

(*f*) Waarom gebruik die skrywer die volgende verkleinwoorde: dingetjie, druppeltjie, melkies?

(*g*) „Ek weet darem nie hoe die mense dit regkry wat vannag nie onder dak is nie."
Watter van die volgende kan 'n mens gebruik in die plek van **onder dak**?
(1) Onder 'n dak;
(2) onder die dak.

(*h*) Kan 'n mens sê:
(1) Ek het vanaand onderdak;
(2) Ek is vanaand onder dak;
(3) Ek is vanaand onder 'n dak.

(*i*) Koop 'n mens kerse in 'n kassie of 'n kissie?
Waarin word die kerse gebêre?

(*j*) Die seuntjie maak beswaar teen die naam **Vlekkie.** Hoekom het die seuntjie reg en ook verkeerd?

## LEESSTUK 6

### DIE SAAMLOPERTJIE

Die veld was mooi in Boesmanland, die skape wat hier en daar lui aan wei was, vet. Die gras, geel en droog in die oog van die Bolander, het kos genoeg vir hulle verskaf. So het die motorbestuurder, 'n landsman, verseker.

Tussen die skape van 'n trop, net so lui aan wei as hulle, het 'n eseltjie gestap met 'n dubbele bondel oor sy rug gehang. Die wagter kon ons in die verbyry nêrens bespeur nie; daar was net die skape en die eseltjie, en hulle het op ons nie die minste ag geslaan nie. Dit is die pakeseltjie, is verduidelik; hy dra die wagter se kos en ander benodigdhede; eintlik die

kommissariaat waarsonder die trop nie so ver kan uitwei nie en waarmee afstande nie veel daarop aankom nie. Maar dwaal hy dan nie weg van die skape die veld in nie?

O nee; hy is van die trop nie weg te kry nie. Waar hulle ook oor die veld ongemerk uitskuif, skuif hy saam.

Een van twee dinge moet in sy gemoed omgaan; òf hy meen dat hy die wagter is, òf dat hy 'n skaap is. Sommer blote gehegtheid kan dit tog ook wees; of 'n besef dat die wagter se hele gerief en gesondheid van hom afhang. Hoe dit ook is – 'n mens hoor dikwels van persone om wie die hele ontwikkeling en welsyn van 'n saak draai; hulle word genoem sleutelpersone. Hier het jy 'n Boesmanlandse sleutelpersoon.

(Uit: *Uit en Tuis* deur M.E.R.)

## Vrae en Opdragte

(*a*) Hoe lyk die gras in die Boland?
(*b*) Waarom kon die motorbestuurder met stelligheid beweer dat die droë gras genoeg kos aan die diere verskaf?
(*c*) Het die reisigers by die skape stilgehou?
(*d*) Het die skape vir die motor weggehardloop?
(*e*) „Dit is die pakeseltjie, is verduidelik". Wie verduidelik hier?
(*f*) Waarom kon die skape ver uitwei?
(*g*) Het die eseltjie 'n toom aangehad?
(*h*) **Hy is 'n skaap** kan beteken **hy is dom.** Is dit wat M.E.R. bedoel as sy sê dat die eseltjie meen dat **hy 'n skaap is**?
(*i*) M.E.R. gee vier verklarings waarom die eseltjie nie van die trop afdwaal nie. Watter een is vir jou die aanneemlikste?
(*j*) Watter deel van ons land word die Boland genoem?
(*k*) Is M.E.R. 'n Bolander?

### II

(*a*) „Tussen die skape van 'n trop . . . . . sy rug gehang." Die eseltjie wei net so lui soos die skape, maar die eseltjie stap ook. Weerspreek die **stap** nie die **lui weiery** nie? (Om jou te help net een wenk: ons kan sê „die skape loop en wei", kan ons ook sê „die skape stap en wei"? Let ook op die titel.
*b*) „Tuss en die skape van 'n trop, net so lui aan wei as hulle . . . . ." Hoekom staan hier „tussen die skape van 'n trop" en nie „tussen 'n trop skape" nie?
(*c*) Hier is vir jou 'n **trop** lemoene.
Daar loop 'n **trop** skaap.
Dis 'n hele **trop** skape.
'n Skaap het van die **trop** afgedwaal.
Beteken **trop** dieselfde in al vier die bostaande sinnetjies?
(*d*) Die wagter kon ons in die verbyry nêrens bespeur nie. Wie kyk hier? Vervang **nêrens** deur **nie** – en wie kyk nou?
(*e*) „Dit is die pakeseltjie, is verduidelik; . . . . ." Watter woord in hierdie sin wys terug na die vorige sin?
(*f*) Die wagter se **hele** gerief en gesondheid hang van hom af. Laat die **hele** weg – is die wagter dan half gesond?

(*g*) Voltooi die volgende sinnetjies:
(i) Gras wat geel en droog is, is nie . . . . . nie.
(ii) Gras wat groen en droog is, is nie . . . . . nie.
(iii) Gras wat geel en nat is, is nie . . . . . nie.
(iv) Gras wat groen en nat is, is nie . . . . . nie.

(*h*) In die stuk word nêrens aanhalingstekens gebruik nie. Tog word vrae gestel en antwoorde gegee. Op ander plekke is dit duidelik dat 'n antwoord op 'n voorafgegane vraag gegee word, al staan die vraag self nie daar nie. Word die direkte rede dus nie gebruik nie? Skryf die eerste drie paragrawe oor maar gee die gesprek weer soos dit werklik moes geskied het met aanhalingstekens en al.

III

(*a*) In die stukkie word twee woordomskrywings gegee, nl. **pakeseltjie** en **sleutelpersoon.**

M.E.R. gee heelwat besonderhede oor die pakeseltjie: dit is 'n eseltjie met 'n dubbele bondel oor sy rug gehang; hy dra die wagter se kos en ander benodigdhede; hy bly altyd by die trop, hy dwaal nooit af nie; sy probeer verduidelik wat in sy gemoed omgaan. 'n Taamlik volledige prentjie, nie waar nie? Maar dit is nie volledig genoeg nie! Die Afrikaanse Woordeboek sê 'n esel kan 'n **donkie** of 'n **muil** wees. Hoe gebruik jy die woord esel? Is daar enige aanduiding in die stuk wat ons help om vas te stel watter dier hier bedoel word?

(*b*) Beskou jy die definisies wat M.E.R. vir die **pakeseltjie** en **'n sleutelpersoon** hier gee, as voldoende?

(*c*) Slaan die woord **donkie** in die woordeboek na en let op wat alles gegee word:
(1) Dit is 'n **dier,** dus die soort: **mens, dier, plant** of **ding.**
(2) Maar hy gaan verder: 'n **viervoetige soogdier** en gee die wetenskaplike naam sodat diegene wat weet, nog meer presies kan vasstel wat bedoel word.
(3) Die donkie word vergelyk met ander diere van sy soort. Onderskeidende kenmerke word genoem; die geluid wat hy maak, word beskryf; iets van sy geaardheid word genoem.
(4) Ander name vir die donkie: **laatvy, langoor,** ens.
(5) Ander betekenisse vir dieselfde woord.
(6) Uitdrukkings waarin die woord voorkom.
(7) Aanduidings met watter rededeel ons te doen het.

Om te begryp wat ons lees, is al hierdie inligting nie nodig nie; ons moet 'n keuse doen uit die baie moontlikhede. Ons teks help ons om dit te doen. Veronderstel die skryfster sou gesê het: „Die wagter is 'n esel." Wat sou **esel** hier beduie het?

(*d*) 'n Verklarende woordeboek moet natuurlik soveel inligting so kort moontlik gee, maar hy kan ook nie 'n ensiklopedie of 'n hele boek vervang nie. Hy moet net genoeg gee om 'n mens in staat te stel om presies vas te stel wat bedoel word as jy 'n stuk lees. 'n Mens moet dus 'n woordeboek versigtig hanteer, anders kan jy lelike bokke skiet! As jy verkeerd lees, kan jy dink dat M.E.R. werklik bedoel het **dat die esel 'n skaap** of **dat die wagter 'n esel is**! Of het sy dit bedoel?

(*e*) Hoe sou 'n woordeboek 'n **pakeseltjie** omskryf? En 'n **saamlopertjie**?

(*f*) M.E.R. het hier 'n bepaalde **saamlopertjie** beskryf. Omskryf die woord nou soos 'n Boesmanlander dit sou doen.

(*g*) Gee woordeboekomskrywings van die volgende woorde: **Bolander, landsman, bondel, kommissariaat, trop, wagter.**

Onthou om net soos die woordeboekmaker te werk te gaan. Beantwoord die vrae en dan sal jy sy prosedure agterkom:
(1) Dui die woord 'n mens, 'n dier, 'n plant of 'n ding aan?
(2) Watter kenmerkende eienskappe onderskei die mens, dier, plant of ding van ander mense, diere, plante of dinge? (Moenie vergeet om iets van sy geaardheid of gebruik ook te noem nie.)

(3) Bestaan daar miskien 'n ander woord met ongeveer dieselfde betekenis?
(4) Kan jy ander dinge of sake ook met dieselfde woord bedoel?
(5) Ken jy 'n uitdrukking (of sinnetjie) waarin die woord voorkom?
(6) Watter rededeel is die woord? Wat beteken die woord dan? (Probeer: **bondel.**)

(*h*) As jy gevra word om woorde of uitdrukkinge n.a.v. 'n leesstuk te verklaar, sal jy nie net soos die woordeboekmaker te werk gaan nie. Uit al die moontlike inligting wat i.v.m. die woord gegee kan word, soek jy net uit wat in die stuk van toepassing is. Jy moet net genoeg gee om te toon dat jy begryp wat jy lees.

Sê nou wat die skrywer met die volgende woorde in die leesstuk bedoel het: **landsman, bondel, trop, wagter, blote,** die skape is **aan wei,** die veld is **mooi, kommissariaat.**

Sê nou die woord **kommissariaat** is vir jou heeltemal vreemd, wat dan?

Ken jy miskien 'n Engelse, Duitse of Latynse woord wat jou kan help? Nee?

Is die woord miskien afgelei van 'n ander woord wat jy ken? Kommissaris van Polisie? Help die ander woorde in dieselfde sin nie miskien nie? Daar staan **sonder die kommissariaat kan die trop nie so ver uitwei nie;** dus iets wat onontbeerlik is as die trop ver van die huis af gaan wei – afstand speel dus wel 'n rol. Wat is dan noodsaaklik? Word daar nie iets in die stuk genoem wat nodig is nie? In die vorige of daaropvolgende sin miskien? Ja, die kommissariaat het te doen met die pakeseltjie, die bondel op sy rug, die kos vir die wagter en ander benodigdhede. Watter ander benodigdhede? Medisyne vir die skape as hulle siek word miskien; komberse, 'n slaapvelletjie, 'n emmertjie water, ens. Met al hierdie besonderhede kan ons miskien sover kom om naasteby die woord te verklaar: iets, in hierdie geval die pakeseltjie, wat die voorraad wat nodig is, verskaf. As jy dit regkry, verdien jy sommer baie lof.

## LEESSTUK 7

### TERSINE

1. Reeds oor die drumpel het my seun, wat hyg,
skool toe, van haastigheid, weer vasgesteek:
„Bestel dit tog vandag van die apteek . . ."
2. Sy stem, nou skor dan skraal, het yl gestyg:
„die roulynolie vir my krieketkolf!"
„Onthou!" roep hy, maar hoe kan ek vergeet?
3. Eggo-deurtrek, al grom die honger wolf
van onvoltooide take, sing die kreet
om **roulynolie vir my krieketkolf . . .**
4. Roerloos sit ek voor my geslote boek:
as soveel ongesogte harmonie
gesluit word in 'n simpele versoek,
5. wat baat beoefening van prosodie?
Geen lettergrepe wat om voorrang stoei
in weersydse verset en kompromie

6. het ooit in gouer, gladder stroom gevloei
as **roulynolie,** klinkerryk; geen knal
was nog so klaar as **krieketkolf.** Hoe sal
7. my vers ooit weer volwasse word? Daar golf
geen skoner jambes in my moedertaal
as **roulynolie vir my krieketkolf!**

*Elisabeth Eybers*

## Vrae en Opdragte

I

(*a*) Wat is die spil waarom hierdie gedig draai?
(*b*) Die seun het „**weer** vasgesteek" (strofe I). Wil dit sê dat hy vantevore ook **al** 'n keer vasgesteek het of kan dit die eerste keer wees wat hy **vassteek?**
(*c*) „Bestel dit tog vandag van die apteek..." Watter woord in hierdie sin dien as voorlopige aankondiging van die tweede reël van die tweede strofe?
(*d*) „Onthou!" roep hy..." (strofe II). Is die seun nog op die plek waar hy aanvanklik vasgesteek het of klink dit of hy al verder weg is? Gee redes vir die antwoord.
(*e*) „al grom die honger wolf van onvoltooide take..." Wat word hiermee bedoel?
(*f*) Uit watter vers kan 'n mens aflei dat die seun se stem aan die breek is?
(*g*) Homonieme is gelykluidende (eendersklinkende) woorde wat verskil in betekenis (bv. **vertrek** – weggaan; **vertrek** – kamer, **hart** teenoor **hard**). Wat beteken **klaar** (strofe VI)? Noem 'n homoniem van **klaar.** Doen nou dieselfde vir **skoner** (strofe VII).
(*h*) „Bestel dit tog vandag van die apteek...
die roulynolie vir my krieketkolf!"
Skryf hierdie versoek oor sodat dit een samehangende sin vorm.
(*i*) Is daar 'n verklaring vir die „gebroke" sinsbou van die versoek in die gedig?

II

(*a*) Waarom **sing** die kreet vir die moeder (strofe III) – 'n kreet en sing gaan gewoonlik mos nie saam nie?
(*b*) In 'n Afrikaanse woordeboek word **simpele** verklaar as „eenvoudig, onnosel, swak van verstand". In 'n Nederlandse woordeboek staan daar by **simpel** o.m.: „1. eenvoudig, zonder iets meer: een simpel woord... 2. weinig ingewikkeld, eenvoudig: dat is toch heel simpel, een simpel geloof... 4. onnozel, niet wijs, idioot: zij is simpel geworden". Wat het jy nou op te merk oor die wyse waarop die woord in strofe IV gebruik word?
(*c*) Waarom is „my moedertaal" in die mond van hierdie moeder betekenisvoller as „ons moedertaal"?
(*d*) Wat is 'n klinker (of vokaal)? Noem die klinkers in **roulynolie** (party van hierdie klinkers" is eintlik sogenaamde diftonge of tweeklanke, maar daaroor hoef jy jou nie hier te bekommer nie). Hoeveel lettergrepe het **roulynolie**? Is roulynolie klinkerryk?
(*e*) Is dit die klinkers wat aan **krieketkolf** sy besondere „knal" gee of speel die medeklinkers (of konsonante) ook hier 'n rol?
(*f*) Wat gee die dubbelpunt na die eerste reël van die vierde strofe te kenne? Anders gestel: waarom gebruik die digteres hier die dubbelpunt?
(*g*) „Hoe sal/my vers ooit weer volwasse word?" Wat bedoel die digteres hiermee?
(*h*) „Reeds oor die drumpel het my seun, wat hyg,/skool toe, van haastigheid, weer vasgesteek:" Skryf hierdie twee versreëls oor in prosa. Vergelyk nou die verse met die prosa-„vertaling" en probeer aantoon, met opgawe van redes, watter een van die twee ritmies die beste weergawe is van die seun wat hygend op die drumpel vassteek.

(*i*) „my seun, wat hyg,/skool toe, van haastigheid"; skryf oor, maar wysig die volgorde van die verskillende onderdele op so 'n wyse dat die dele wat die nouste saamhoort, langs mekaar te staan kom.

(*j*) As jy (*c*) hierbo korrek beantwoord het, dan het jy gemerk dat my moedertaal meer sê omdat **moedertaal** nou haar taal as moeder en bowendien ook Afrikaans is. (Ons moedertaal is net Afrikaans. As hier van 'n vader sprake was, sou 'n mens die dubbele sê kon sê met **my vadertaal.**)

## UITTREKSELS EN TELEGRAMME

In 'n **uittreksel** (of precis) word ons vermoë getoets om 'n bepaalde stuk **korter en kernagtiger** (maar nog altyd in volsinne) te sê. In 'n **telegram** word **net sleutelwoorde gebruik** om 'n mededeling te doen.)

### Uittreksels

Ons hoor dikwels mense sê dat ons ons vrye tyd nie nuttig bestee nie. Daar is baie jong mense wat doelloos ronddrentel en ouer mense wat ure op die stoep sit of baie tyd aan ligsinnige praatjies of skinder bestee. As hulle in hulle vrye tyd iets onderneem, is dit dikwels die bywoon van swak vertonings of geselllighede van twyfelagtige aard. Statistiek in hierdie verband sal wellig aantoon dat die beskuldiging gegrond is. Daarom is dit so noodsaaklik dat elke mens van jongs af geleer word hoe om sy vrye tyd te bestee. Individuele opvoeding is egter nie genoeg nie; daar moet 'n algemene beweging op tou gesit word, wat veral aan jong mense 'n meer definitiewe program verskaf (123 woorde).

Hier is die hoofpunte van bostaande (wat leerlinge nie noodwendig hoef aan te gee nie):

1. Statistiek sal wellig swak besteding van ons vrye tyd aantoon.
2. Jong mense drentel, ouer mense sit en klets of skinder.
3. Afleiding waaraan hulle deelneem, is van twyfelagtige aard.
4. Hervorming moet by die individu begin.
5. Noodsaaklikheid ook van 'n algemene beweging.

Nou volg die uittreksel met opskrif:

DIE BESTEDING VAN ONS VRYE TYD

Statistiek sal seker aantoon dat ons ons vrye tyd swak bestee, soos beweer word. Baie jong mense het die gewoonte van drentel, en ouer mense die gewoonte van stoepsit of klets. Byeenkomste wat hulle trek, is twyfelagtig van aard. Die individu moet vroegtydig tot vrugbare besteding van sy vrye tyd opgevoed word, en 'n algemene beweging met dié oogmerk is noodsaaklik (51 woorde).

### Telegramme

Vader het op Colesberg siek geword en Moeder het Piet wat op Stellenbosch op skool is, daarvan verwittig. Piet word onrustig en telegrafeer om te vra hoe dit gaan.

Moeder wil sê dat Vader maar baie siek was, dat sy die dokter ontbied het en dat sy diagnose dubbele longontsteking was. Hulle het dadelik alle

pogings aangewend om Vader goed te versorg en selfs die dienste van 'n verpleegster verkry. Sedert die vorige dag het die siekte 'n gunstige wending geneem. Vader is buite gevaar, en Piet hoef nie meer ongerus te voel nie.

Die antwoord moet getelegrafeer word, maar hoe gaan 'n mens dit alles nou telegrafies sê? Kom ons probeer:

> Gevaar sedert gister verby. Volgens dokter longontsteking. Verpleegster en goeie versorging.
> (Voeg self name en adresse in.)

## Opdrag

1. *Verkort die volgende twee stukkies tot ongeveer 'n derde van hulle oorspronklike lengte en voorsien elkeen van 'n opskrif:*
   (*a*) Mense beweer dikwels dat Suid-Afrika sportmal is. As ons na die duisende toeskouers kyk wat dikwels van heinde en verre na sportbyeenkomste gekom het en bedink hoeveel tyd, energie en geld aan sport bestee word, kan ons so 'n standpunt verstaan. As ons egter bedink hoe sport mense se karakter kan vorm, hoe jy deur sport mense en plekke leer ken en hoe baie mense ten spyte daarvan tog nie aan sport deelneem nie, dan moet jy sê dat ons land glad nie sportmal is nie.
   (*b*) Mense doen om baie redes goed: Sommige help ander omdat hulle vroeër of later self die voordeel daarvan kan trek; ander doen dit om geprys te word of op ander maniere in gewildheid toe te neem, terwyl 'n klein groepie in stilte minderbevoorregtes help omdat hulle 'n verhewe drang het om goed te doen. Hulle verkies om nie gesien of beloon te word nie.
2. *Vat elkeen van die volgende twee stukkies in een kernagtige sin saam:*
   (*a*) Al is jou inkomste baie klein, moet jy nog iets spaar. Dit is goed vir jou karakter. Daarby sal dit jou eendag in staat stel om sonder kommer te lewe.
   (*b*) Daar skiet elke jaar honderde die lewe op die paaie in. Onder hulle is daar jong mense wat nog veel vir hul vaderland kon beteken. Daarom pas dit ons om dubbeld versigtig te wees.
3. *Gee die inhoud van die volgende twee telegramme breedvoerig in volsinne weer:*
   (*a*) Aangestel teen honderd rand per maand. Verlof en pensioen later te reël. Telegrafeer besluit.
   (*b*) Wil twee van geadverteerde klein hondjies koop. Telegrafeer of nog beskikbaar en hoe gelewer. (Vul denkbeeldige naam en adresse in.)
4. *Telegrafeer die volgende met denkbeeldige name en adresse:*
   (*a*) Ek kom Saterdag na die stad en moet jou spreek. Wag vir my om twaalfuur op die stasie in die groot wagkamer. Tref reëlings dat ons daarna kan gaan saameet en die middag rugby gaan kyk.
   (*b*) Jy het tweelingboeties ryker geword. Hulle en jou moeder is fris en gesond. Hulle weeg elkeen ses pond en lyk eenders. Dit is waarskynlik dat hulle Petrus en Peter gedoop sal word.

HOOFSTUK 5

# Spelling en Hoofletters

## 1. Spelling

Die leerling wat korrek kan spel, skryf meestal verder ook reg. Dit behoort vir elke leerling 'n saak van persoonlike eer te wees om sy/haar moedertaal keurig en korrek op skrif te plaas.

Kom ons bekyk 'n paar van die belangrikste spelreëls van naderby:

**ei** en **y**, **f** en **v**

Ons sê: „Dit is 'n **feit** dat Jan gedruip het", maar: „Jan het **fyt** in sy vinger en dit pyn verskriklik."

Verder: „Wyn word in 'n **vat** gehou", maar: „Die **fat** (modebewuste man) trek altyd volgens die jongste modes aan".

*Onderskei nou tussen die volgende:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| **lei** | en **ly** | **fee** | en **vee** |
| **Mei** | en **my** | **feil** | en **veil** |
| **peil** | en **pyl** | **fel** | en **vel** |
| **reis** | en **rys** | **fier** | en **vier** |
| **steil** | en **styl** | **fonds** | en **vonds** |
| **veil** | en **vyl** | **fors** | en **vors** |
| **wei** | en **wy** | **frank** | en **vrank** |

**Vir** en **ver-**

Ons skryf:

(*a*) „My ma woon **vir goed** by ons", maar:
„Ek sal probeer **vergoed** vir die misstap"

(*b*) „Jy sal maar daarmee **vir lief** moet neem", maar:
„Koos is op Sannie **verlief**".

### Wisselvorme

Let op na die spelling van die volgende woordpare – wat in elke geval erken word en waarvan die *betekenisse presies dieselfde is:*

**alikreukel** of **arikreukel**
**neëntig** of **negentig**
**wenkbrou** of **winkbrou**
**takt** of **tak**
**eweneens** of **ewe-eens**
**boerebeskuit** of **boerbeskuit**
**laboratoria** of **laboratoriums**
**politici** of **politikusse**
**aalwyn** of **aalwee**
**opbrengs** of **opbrings**
**maagd** of **maag** (meisie)
**agt** of **ag**
**sterweling** of **sterfling**
**geweteloos** of **gewetenloos**
**sentra** of **sentrums**
**sommer** of **somaar**

### Doeblette

Doeblette is *wisselvorme met verskil van betekenis.* Leerlinge behoort die spelling en betekenisse van die volgende te ken:

**end** en **ent**
**raad** en **raat**
**gereelde** en **gereëlde**
**prakseer** en **praktiseer**
**stad** en **stat**
**dadelik** en **dalk**
**dokter** en **doktor**
**lid** en **lit**
**rand** en **rant**
**frank** en **vrank**

## Deeltekens

Maak seker dat julle die deeltekens in die volgende woorde altyd op die regte letters plaas:

**geëet**
**beïnvloed**
**vlieër**
**koeël**
**beëdig**
**spieël**
**diëte** (maar **dieet**)
**offisiële** (maar **offisieel**)
**geleë**
**bedrieëry**

## Let wel:

'n Ontvangs wat **gereël** word, is 'n **gereëlde** ontvangs, maar:
'n **Gereelde** reënval is noodsaaklik.

## Koppeltekens

Met een of meer koppeltekens word geskrywe:

(*a*) *Sekere aardrykskundige name, bv.*

**Agter-Indië**
**Suidwes-Afrika**
**Groot-Brittanje**
**Waterval-Boven**
**Pretoria-Oos**
**Noord-Holland**
**Suid-Amerika**
**Brits-Oos-Afrika**

(*b*) *Samestellinge en samekoppelinge soos:*

**kruidjie-roer-my-nie**
**wag-'n-bietjie** ('n soort bos)
**D. F. Malan-gebou**
**adjunk-minister**
**superintendent-generaal**
**Standerd VIII-klas**
**.303-geweer**
**nie-blanke**
**pro-Russies**
**bona fide-boer**
**Rooms-Katoliek**
**piet-my-vrou**
**rand-vir-rand-stelsel**
**bek-en-klouseer**
**generaal-majoor**
**dertiende-eeus**
**3-tonwa**
**X-strale**
**pa-hulle, Piet-hulle**
**vise-voorsitter**
**B.A.-graad**
**Christelik-histories**

(*c*) *Reduplikasies soos:*

**staan-staan**
**nou-nou**
**fluit-fluit**
**eksie-perfeksie**
**woer-woertjie**
**dum-dumkoeël**

**Afkappingstekens** word gebruik:

(*a*) By die meervouds- en verkleiningsvorme van die name van die letters en van s.nwe. (met inbegrip van eiename) op **-i**, **-o**, **-u** en 'n beklemtoonde **-a**:

**a's**
**Nigrini's**
**Nigrini'tjie**
**Hugo'tjie**
**ma's**
**ma'tjie**
**a'tjie**
**balju's**
**Hugo's**
**parvenu'tjie**
**foto's**
**foto'tjie**
**karba's**
**karba'tjie**
**balju'tjie**
**parvenu's**

(*b*) By die meervoudsvorme en verkleiningsvorme van persoonsname wat op 'n **-e**, **-s** of **-z** uitgaan wat in die enkelvoud *nie* uitgespreek word nie:

| | | |
|---|---|---|
| **Terblanche'e** | **Terblanche'ie** | **Cilliers's** |
| **De Villiers's** | **De Villiers'tjie** | **Cilliers'tjie** |
| **Du Plessis's** | **Du Plessis'tjie** | **Marais's** |
| **Du Preez's** | **Du Preez'tjie** | **Marais'tjie** |

**Let wel:**

Persoonsname op 'n beklemtoonde **-e** kry (net soos die ander wat nie hier aangedui word nie) die gewone **-s** en **-tjie**:

| | | |
|---|---|---|
| **Cronjés** | **Cronjétjie** | **Naudés** |
| **Fouchés** | **Fouchétjie** | **Naudétjie** |

**Kappies**

In sommige woorde word 'n kappie gebruik, terwyl ander nie 'n kappie kry nie. Kyk na die volgende:

**blêr, skêr, êrens, nêrens, kêrel, sê, lê, kwêvoël, wêreld,** ens.
het almal kappies, maar:
**ster, ver, vers, stert, kers, perd, werd, pers,** ens. het nie kappies nie.

*Let op die spelling van die volgende woorde:*

| | | |
|---|---|---|
| **ru** | **ruer** (of ruwer) | **ruuste** |
| **slu** | **sluer** (of sluwer) | **sluuste** |
| **sku** | **skuer** (of skuwer) | **skuuste** |
| **snaaks** | **snaakser** | **snaaksste** |
| **fluks** | **flukser** | **fluksste** |

*Nog spellingvorme om te leer:*

| | | |
|---|---|---|
| **alibi** | **alkali** | **okapi** |
| **masjien** maar **masjinerie** | **Israeliet** maar **Israelities** | |
| **parasiet** maar **parasities** | **intiem** maar **intimiteit** | |

*Leer ook die volgende:*

**Met -te:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **gesifte** | **gestrafte** | **verdofte** | **vermufte** |
| **gevlegte** | **ingeligte** | **verdigte** | **verwagte** |
| **verplaaste** | **vereiste** | **verroeste** | **vertrooste** |
| **beheerste** | **vermorste** | **gesplitste** | |

**Met -de:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **begaafde** | **gestyfde** | **verliefde** | **bedroefde** |
| **geploegde** | **gebuigde** | **ingelegde** | **besorgde** |
| **geveinsde** | **gekroesde** | **bedeesde** | **verwaarloosde** |
| **gekerfde** | **gedroogde** | **verheugde** | |

Ons sê nooit: ingelig*t*; gestyf*d*; verheug*d*, ens. nie.

*Ons skryf:*

**landskappe, eiendomme, bonusse,** ens.,
maar:

**monnike** (net een **k**) **middele** (net een **l**)
**sproete** (net een **t**)

*Ander meervoudsvorme:*
**sersant-majoors** maar **adjudante-generaal**
**luitenant-generaals** maar **posmeesters-generaal**
**speurder-sersante** maar **superintendente-generaal**
**luitenant-kolonels** maar **kommandante-generaal**

*Woorde van vreemde herkoms*
Ons gee hier 'n klompie wat geleer moet word:

| | | |
|---|---|---|
| **Griekwa** | **briljant** | **rapsodie** |
| **restaurant** (of **restourant**) | **amusant** | **attaché** |
| **eau-de-cologne** | **adolessent** | **skriba** |
| **buro** | **amnestie** | **ekwivalent** |
| **kado** | **plato** | **zero** (of **sero**) |
| **geoloog** | **paraffien** | **kabaret** |
| **sinchroniseer** | **Basoeto** | **Bantoe** |
| **genre** | **chirurg** | **cliché** |
| **ingenieur** | **camouflage** | **kamoefleer** |

## Woorde wat soms los en soms vas geskrywe word

Dit is 'n probleem waarmee leerlinge maar moet worstel. Ons gee 'n paar voorbeelde:

| *Los* | *Vas* |
|---|---|
| **agt uur** (tydsduur) | **agtuur** (tydstip) |
| **'n ander man** | **anderman** (se goed) |
| **by mekaar** (kuier) | (reken dit) **bymekaar** |
| **een verdiepinghuis** | **eenverdiepinghuis** |
| **gans en gaar** | **gansegaar** |
| **in hegtenis neem** | **inhegtenisneming** |
| (sy) **kaal voet** | **kaalvoet** (loop) |
| ('n) **maer merrie** | (sy) **maermerrie** |
| (aan 'n) **tou trek** | **toutrek** |
| **van môre** (af) | **vanmôre** |

## Opmerking

Elke st. 8-leerling behoort 'n eksemplaar van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* te besit en dit gereeld te raadpleeg.

OEFENING

Leerlinge moet oor die spellingvorme diktee skrywe.

## 2. Hoofletters

Met hoofletters word geskrywe:

(*a*) *Eerbiedsbenaminge en persoonsname soos:*
**Heiland, Verlosser, Jan, Anna, Calvinisme, Karel die Grote,** ens.

(*b*) *Ons skryf:*
**De** la Rey maar Koos **de** la Rey
mnr. **Du** Preez maar Jan **du** Preez
**Van** Riebeeck maar Jan **van** Riebeeck

(*c*) *Verder:*
**Fordmotor, Hansardverslag, Kruppkanon**

(*d*) *Personifikasies word met hoofletters geskrywe:*
**Jan Salie**  **Jan Rap**  **Klaas Vakie**  **Klein Duimpie**

(*e*) *Soortname as eiename:*

**Nasionale Party, Verenigde Party, Arbeidersparty, Progressiewe Party**

(*f*) *Soortname as eiename in aanspreekvorme:*

| | | |
|---|---|---|
| **Geagte Generaal** | **Geagte Dominee** | **Geagte Professor** |
| **Liefste Moeder** | **Liewe Sus** | **Liewe Vader** |

maar:

**Geagte dominee De la Rey**
**Geagte ds. De la Rey**
**Geagte prof. Van Rooyen**
**Liewe boet Jan**
**Beste oom Sarel**

(*g*) *Dierename wat eiename geword het:*

**Wagter Snorbaard** **Wolf** en **Jakkals** (in die sprokie)

(*h*) *Aardrykskundige eiename:*

| | | |
|---|---|---|
| **Afrika** | **Grootfontein** | **Bosveld** |
| **Eerste Laan** | **Delareyville** | **Jan Kempdorp** |

(*i*) *Tydsbepalings:*

| | | |
|---|---|---|
| **Geloftedag** | **Goeie Vrydag** | **Kersdag** |
| **Januariemaand** | **Nuwejaarsdag** (maar die **nuwe jaar**) | |

(*j*) *Georganiseerde bedrywighede:*

**Buro vir Sensus en Statistiek**
**Afrikaanse Hoër Seunskool**
**Departement van Onderwys**
**Universiteit van Suid-Afrika**
**Skooleindsertifikaat-eksamen**
**Noodhulpliga**

(*k*) *Publikasies*

| | | |
|---|---|---|
| **Die Burger** | **Die Transvaler** | **Die Huisgenoot** |
| **Die Ou Testament** | **Die Bybel** | **Exodus** |
| **Die Psalms en Gesange** | **Huisgenootartikel** | **Brandwagleser** |

HOOFSTUK 6

# Leestekens (Interpunksie)

1. Hy sê: „Ek kan nie voetbal speel nie." 2. Hy sê ek kan nie voetbal speel nie. 3. „Hy," sê ek, „kan nie voetbal speel nie."

In die drie bostaande sinne gebruik ons presies dieselfde woorde, maar die betekenis verskil. Die verskil in betekenis word deur leestekens aangedui. **Ons gebruik dus leestekens of interpunksie as 'n hulpmiddel om presies te sê wat ons te sê het.** As ons 'n paragraaf sonder enige leestekens neerskrywe, gaan dit vir die leser maar moeilik om die betekenis te snap. Probeer gerus!

Leestekens toon ook **ruspunte** aan en is 'n waardevolle hulpmiddel by die aanvoel van die **ritme van 'n sin.** Selfs al sou die betekenis duidelik wees, sou die lees van stukke sonder leestekens op 'n rustelose gejaagdheid uitloop.

## 1. Die Punt

(Dit is nie nodig om op die gewone gebruik van hierdie bekende leesteken in te gaan nie, maar die volgende dinge word dikwels veronagsaam:)

**Ons gebruik die punt in afkortinge.** Let op hoe dit gedoen word:

M.a.w. = met ander woorde; L.W. = let wel; mev. = mevrou; mnr. = meneer; mnre. = menere; s.nw. = selfstandige naamwoord.

**Die punt toon ook aan dat 'n sin voltooi is,** al is dit een enkele woord: 'n Geweldige slag. 'n Gil. Stilte.

## 2. Die Komma

Die eenvoudige gebruik van die komma is ook in die vorige boekies uiteengesit. Ons kan dus net 'n paar aspekte beklemtoon – veral waar dikwels foute gemaak word:

(*a*) Diegene wat dit sê, praat nie die waarheid nie. Waar jy gaan, gaan ek. Met dat hy val, vang ek hom.

**Twee verskillende gesegdes word altyd deur 'n komma geskei.**

(*b*) Dit is beter om stil te bly, want 'n mens kan jou mond verbypraat. Ons praat mooi, maar hoor is min. Ek sal daar kom, al moet ek stap.

(**In die meeste gevalle gebruik ons 'n komma voor 'n voegwoord.** In die volgende soort geval geld dit **nie:** Jy moet sê of jy sal kom. Hy verneem wanneer daar 'n geleentheid sal wees. Piet vra waar die goed weggesteek is.)

(*c*) Hy is, om dit reguit te sê, 'n skurk. My pa is, al moet ek dit nou self sê, die beste vader.

**Sinne of sinsdele wat as 't ware ingelas is** en uitgehaal kan word sonder om die verband te versteur, staan tussen kommas.

(*d*) Christiaan de Wet, die beroemde Boere-generaal, was 'n held. Ons heelagter, Piet Neethling, hanteer die bal goed. Kaspaas Koekemoer, my oom, is 'n waaghals. (Tog skryf ons: My oom Kaspaas is snaaks.)

Sulke **bystellinge of byvoeglike bepalinge** staan gewoonlik tussen kommas.

(*e*) 'n Onverwagte, verwoestende haelstorm het oor ons lande getrek. 'n Mens hou van sulke beleefde, hulpvaardige kinders. Sy het 'n wit, gestreepte rok aan. ('n Wit-gestreepte (of witgestreepte) rok is iets anders.)

**By 'n opeenstapeling van byvoeglike naamwoorde of ander woordsoorte** gebruik ons kommas.

### 3. Die Kommapunt

Steek dan jou hande ook uit die mou; ek kan mos nie alles doen nie. Ek gaan hom help; hy is immers my vriend.

Die kommapunt staan hier eintlik **in die plek van 'n voegwoord.**

Hy het die geld; tog gee hy niks. Ek het hom kwaad aangedoen; nogtans help hy my Hulle is arm; nietemin is hulle baie eerlik. Hy is siek; dus doen hy nie sy werk nie.

Let daarop dat **die kommapunt deur 'n voegwoord gevolg** word en dat **die gesegde dan voor die onderwerp staan.**

### 4. Die Dubbelpunt

Waar ons **die direkte woorde van iemand weergee,** gebruik ons die dubbelpunt (en aanhalingstekens), soos die volgende voorbeelde aandui:

Vader sê toe: „Kinders, julle moet nou kom." Anna het gevra: „Sal niemand my dan kom help nie?" Klaas het uitgeroep: „Lekker ou halfdagvakansie!"

### 5. Die Vraagteken en die Uitroepteken

Let op die volgende voorbeelde:

Ek vra weer: „Het niemand van julle my boek geneem nie?" „Waarom help jy nie die arme seuntjie nie?" het oom Piet gevra. „Watter man," het ek gevra, „sal dan nie sy eie ouers help nie?" Die kinders skree: „Drie hoera's vir ons skool!" „Hiert!" het outa Booi geskree, „jy laat 'n mens mos skrik."

(Let tot in die fynste besonderhede op hoe bostaande sinne geskrywe word.)

### 6. Aanhalingstekens

Toe ons die dubbelpunt behandel het, het ons aangetoon dat **die direkte woorde van 'n persoon** altyd tussen aanhalingstekens staan. Dit is 'n belangrike gebruik, maar nie die enigste nie.

„Ek hou van 'n man wat sy man kan staan", is van Celliers se bekendste woorde. „Salig is dié wat rein van hart is", lees ons in die Bybel.

(Moet nooit vergeet om woorde van 'n ander wat ons direk aanhaal, tussen aanhalingstekens te plaas nie. Let ook op waar die aanhalingstekens staan.)

„Die Stem van Suid-Afrika" is een van Langenhoven se bekendste gedigte. Van Bruggen het „Ampie" geskrywe. Elke kind behoort op „Die Jongspan" in te teken.

(**Name van tydskrifte, koerante, boeke, gedigte, ens.,** staan gewoonlik tussen aanhalingstekens.)

OEFENING

*Skryf jy nou 7 sinne neer om die gebruik van leestekens te illustreer wat jy gewoonlik vergeet of verkeerd gebruik.*

HOOFSTUK 7

# Afkortinge

Die lysie afkortinge wat hier volg, is nie naastenby volledig nie. Net 'n paar gevalle waarmee dikwels gefouteer word, word aangegee. By gevalle met 'n * gemerk, kan die punt ook weggelaat word.

### A

| | | |
|---|---|---|
| alg. | = | algemeen of algebraïes |
| art. | = | artikel |
| a.s. | = | aanstaande |
| asb. (a.u.b.) | = | asseblief (as u blief) |
| a.w. | = | aangehaalde werk |
| *A.B.M. | = | Aktiewe Burgermag |
| *A.C.V.V. | = | Afrikaanse Christelike Vrouevereniging |
| A.D. | = | Anno Domini (in die jaar van ons Here) |
| *A.G. | = | adjudant-generaal |
| *A.T.K.V. | = | Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging |
| a.g.v. | = | as gevolg van |

### B

| | | |
|---|---|---|
| bet. | = | betaal |
| bl. | = | bladsy(e) |
| bpk. | = | beperk |
| bv. | = | byvoorbeeld |
| bg. | = | bogenoemde |
| b.nw. | = | byvoeglike naamwoord |
| bw. | = | bywoord |
| *B.B.B.G. | = | Britse en Buitelandse Bybelgenootskap |
| B.O. | = | bevelvoerende offisier |
| b.o. | = | blaai om |
| b.v.p. | = | been voor paaltjie (krieket) |
| B.A. | = | Baccalaureus Artium (eerste graad in lettere) |

### C

| | | |
|---|---|---|
| c | = | sent |
| *C.N.O. | = | Christelik-Nasionale Onderwys |
| *C.S.V. | = | Christenstudentevereniging; Christelike Strewersvereniging |

### D

| | | |
|---|---|---|
| dw. | = | deelwoord |
| d.i. | = | dit is |
| di. | = | dominees |
| dr. | = | dokter of doktor |
| drr. | = | dokters; doktore |
| ds. | = | dominee |
| d.w.s. | = | dit wil sê |
| D.V. | = | Deo Volente (as God wil) |
| dnr. | = | dienaar |

### E

| | |
|---|---|
| e.a. | = en ander |
| Ed. | = Edele |
| e.d.m. | = en dies meer |
| eerw. | = eerwaarde |
| *e.k. | = eerskomende |
| ekv. | = enkelvoud |
| ens. | = ensovoorts |

### F

| | |
|---|---|
| fakt. | = faktuur |
| fig. | = figuur |
| *F.A.K. | = Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings |

### G

| | |
|---|---|
| geb. | = gebore, gebou, gebou |
| gebrs. | = gebroeders |
| genl. | = generaal |
| get. | = geteken; getuie |

### H

| | |
|---|---|
| H.d.L. | = Heil die Leser |
| H.Ed. | = Hoogedele |
| hfst. | = hoofstuk |
| hh. | = here (menere) |
| H.P.K. | = Hoofposkantoor |
| hulpww. | = hulpwerkwoord |
| h/v | = hoek van |

### I

| | |
|---|---|
| *I.K. | = intelligensiekwosiënt |
| i.p.v. | = in plaas van |
| *i.s. | = in sake of insake |
| *i.v.m. | = in verband met |

### J

| | |
|---|---|
| jg. | = jaargang |
| jl. | = jongslede |
| jr. | = junior |

### K

| | |
|---|---|
| k.b.a. | = kontant by aflewering |
| *K.J.V. | = Kerkjeugvereniging |
| k.m.b. | = kontant met bestelling |
| *K.P. | = Kaapprovinsie |
| kmdt. | = kommandant |

### L

| | |
|---|---|
| lg. | = laasgenoemde |
| l.l. | = laaslede |
| l.n.r. | = links na regs |
| *L.U.K. | = Lid van die Uitvoerende Komitee |
| *L.P.R. | = Lid van die Provinsiale Raad |
| *L.V. | = Lid van die Volksraad |
| *L.W.V. | = Lid van die Wetgewende Vergadering |
| luit. | = luitenant |
| *lt.-kol. | = luitenant-kolonel |

## M

| | | |
|---|---|---|
| m.a.w. | = | met ander woorde |
| m.b.t. | = | met betrekking tot |
| mej. | = | mejuffrou |
| mejj. | = | mejuffroue |
| mev. | = | mevrou |
| mevv. | = | mevroue |
| m.i. | = | myns insiens |
| ms. | = | manuskrip |
| mss. | = | manuskripte |
| mv. | = | meervoud |
| My. | = | Maatskappy |
| M.A. | = | Magister Artium (meester in die lettere) |
| *M.S.B. | = | Manne-Sendingbond |

## N

| | | |
|---|---|---|
| n.a.v | = | na aanleiding van |
| N.B. | = | Nota Bene (Let Wel) |
| n.C. | = | ná Christus |
| N.G.K. | = | Nederduits(e) Gereformeerde Kerk |
| nl. | = | naamlik |
| nm. | = | namiddag |
| no. | = | numero |
| nr. | = | nommer |
| Ns. | = | naskrif |

## O

| | | |
|---|---|---|
| o.a. | = | onder andere |
| o.i. | = | onses insiens |
| o.m. | = | onder meer |
| opm. | = | opmerking |
| o.p.m. | = | omwentelinge per minuut |
| O.V S. | = | Oranje-Vrystaat |

## P

| | | |
|---|---|---|
| p.a. | = | per adres (per annum) |
| p.k. | = | perdekrag |
| Pk. | = | poskantoor |
| prof. | = | professor |
| proff. | = | professore |
| p.s. | = | private (pos)sak; persent (%) |
| P.S. | = | post scriptum (naskrif) |
| Ps. | = | Psalm |
| p.j. | = | per jaar |
| p. jt. | = | per jaart |

## R

| | | |
|---|---|---|
| R | = | Rand |
| *R.D.B. | = | Reddingsdaadbond |
| red. | = | redakteur; redaksie |
| rek. | = | rekening |
| resp. | = | respektiewelik |
| R.S.V.P. | = | Répondez s'il vous plaît (antwoord asseblief) |
| *R.V.K. | = | Rugbyvoetbalklub |

## S

| | | |
|---|---|---|
| SABRA | = | Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede |
| *S.A.L.M. | = | Suid-Afrikaanse Lugmag |
| *S.A.L.U. | = | Suid-Afrikaanse Landbou-unie |
| *S.A.O.U. | = | Suid-Afrikaanse Onderwysersunie |
| *S.A.P. | = | Suid-Afrikaanse Polisie |
| S.Ed. | = | Sy Edele |
| sekr. | = | sekretaris |
| sekrr. | = | sekretarisse |
| sen. | = | senator |
| s.g. | = | soortlike gewig |
| sg. | = | sogenaamde |
| *S.G.O. | = | Superintendent-generaal van Onderwys |
| s.nw. | = | selfstandige naamwoord |
| S.O.S. | = | sien ommesyde |
| sr. | = | senior |
| st. | = | standerd |
| *S.W.A. | = | Suidwes-Afrika |

## T

| | | |
|---|---|---|
| t.a.p. | = | ter aangehaalde plaatse |
| *tel. ad. | = | telegrafiese adres |
| t.o.v. | = | ten opsigte van |
| t.t. | = | totus tuus (geheel die uwe) |
| Tvl. | = | Transvaal |
| tw. | = | tussenwerpsel |
| t.w. | = | te wete |

## U

| | | |
|---|---|---|
| *U.R. | = | Uitvoerende Raad |
| *U.S.S.R. | = | Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (Rusland) |

## V

| | | |
|---|---|---|
| v.C. | = | voor Christus |
| V.D.M. | = | Verbi Divini Minister (leraar van die goddelike Woord – predikant) |
| vgl. | = | vergelyk |
| vlg. | = | volgende |
| *V.L.V. | = | Vroue-Landbouvereniging |
| vm. | = | voormiddag |
| vt | = | voet |
| *V.V.O. | = | Verenigde Volke-Oorganisasie |

## W

| | | |
|---|---|---|
| wed. | = | weduwee |
| w.g. | = | was geteken |
| *W.P. | = | Westelike Provinsie |
| ww. | = | werkwoord |

## OEFENING

*Wat beteken:*

V.S.A., B.A., M.A., luit., genl., lt.-kol., kmdt., F.A.K., Rdb., S.A.O.U., V.V.O., A.C.V.V., M.S.B., di, R.S.V:P., sekr., dnr., L.V., L.U.K., k.m.b.?

# Klankleer

In die st. 6-boek het ons gesê dat **skriftekens** of **klanksimbole** gebruik word om **spraakklanke** aan te dui. Die skriftekens wat ons gebruik, noem ons die **alfabet** of die **ABC.** Hierdie skrifstelsel is van die Grieke afkomstig.

'n Studie van klanke staan bekend as **klankleer** of **fonetiek.** Daar word nie van julle verwag om in sts. 7 en 8 'n diepgaande studie van klankleer te maak nie; nogtans wil ons 'n paar belangrike beginsels kortliks behandel.

## A. HOE KLANKE VOORTGEBRING WORD

Spraakklanke word voortgebring wanneer lug van die borsholte deur die lugpyp na buite stroom. In die boonste gedeelte van die lugpyp is die **strottehoof** geleë. ('n Mens se **adamsappel** dui die ligging van die strottehoof aan.) In die strottehoof setel die **stembande.**

Die stembande is elasties en wanneer hulle **styf gespan** is en lug oor hulle stroom, kan hulle **tril** of **vibreer.** Dié trillinge bring klanke voort, byna soos 'n ghitaarsnaar wat gepluk word.

Dit is egter nie net die stembande wat klanke voortbring nie. Die **tong, lippe, tande, verhemelte, neusholte, mondholte** en **keelholte** kan nou wel nie klanke van dieselfde aard as die stembande voortbring nie, maar in die proses van klankvorming speel hulle 'n belangrike rol, soos julle later sal sien.

## B. DIE ALFABET (ABC)

Die volmaakte skrifstelsel behoort net een simbool of skrifteken vir elke spraakklank te hê. Daar bestaan egter nie so 'n ideale stelsel van skriftekens nie.

Die **alfabet** of **ABC** bestaan uit 26 letters of skriftekens, maar in die **algemene spreektaal** word slegs 22 van hulle gebruik, want die letters **c, q, x** en **z** kom eintlik slegs in vreemde woorde voor.

Dié 22 letters moet in Afrikaans meer as 30 verskillende klanke vertolk. Om dit te kan doen, moet sommige letters bymekaar gevoeg word om bepaalde klanke aan te dui, bv.:

**aa** in woorde soos **raas, haas,** ens.
**ee** in woorde soos **meer, seer,** ens.
**oo** in woorde soos **stroop, koop,** ens.
**uu** in woorde soos **muur, suur,** ens.
**oe** in woorde soos **stoep, voet,** ens.
**eu** in woorde soos **deur, beur,** ens.
**ie** in woorde soos **piep, siel,** ens.
**dj** in woorde soos **kindjie, windjie,** ens.
**tj** in woorde soos **suutjies, voetjies,** ens.
**gh** in woorde soos **ghitaar, gholf,** ens.
**sj** in woorde soos **sjaal, sjarme,** ens.
**ng** in woorde soos **bang, slang,** ens.

Hierdie verbindings is **eenhede,** want elkeen stel slegs **een klank** voor.

Alle klanke in ons taal kan in drie groepe verdeel word volgens hulle aard. Ons bekyk dié groepe afsonderlik.

## C. KLINKERS OF VOKALE

Die letters **a, e, i, o** en **u** staan bekend as die **klinkers** of **vokale.** Die belangrikste kenmerke van die klinkers is soos volg:

1. Hulle word altyd deur die **trillinge van die stembande** voortgebring. Druk met die vinger op die adamsappel wanneer die vokale uitgespreek word. Kan julle die trillinge van die stembande voel? Die klinkers is dus **stemhebbend.**
2. Die pad wat die lug deur die keel en mond na buite volg, is **oop** wanneer die klinkers voortgebring word.
3. Sonder klinkers kan woorde nie uitgespreek word nie. Kan julle Afrikaanse woorde wat geen klinkers bevat nie, opnoem? Daar is 'n paar soos **sjt**! en **pst**! maar hulle is die uitsonderinge.

Dit is belangrik om te onthou dat klinkers **kort** of **lank** kan wees. In die woord **mat** vind ons 'n **kort a-klinker,** maar in **maat** is die **a-klinker lank.** Verdere voorbeelde is:

| *Kort kl'nkers* | *Lang klinkers* |
|---|---|
| sat | saal |
| bed | keel |
| rit | mier |
| pot | poot |
| hut | huur |

Wat van die letter **y**? Is hy nie ook 'n klinker nie? Die antwoord is ja en nee. Die **y** word ook deur die stembande voortgebring, maar aangesien die uitspraak van **y** en **ei** in woorde soos **fyt** en **feit** presies eenders is, beskou ons **y** as 'n **tweeklank.** Ons kom later by tweeklanke en dan sal julle sien wat ons bedoel.

## D. MEDEKLINKERS OF KONSONANTE

Met die uitsondering van **y**, staan die klanke wat voorgestel word deur die orige letters van die alfabet, bekend as die **medeklinkers** of **konsonante.** Hulle word soos volg gevorm:

1. Wanneer die medeklinkers **b, d, p, t, k, gh,** ens. gevorm word, word die **lug** êrens in die spreekkanaal heeltemal **afgesluit.** By die medeklinker **b** in **bak** sluit die lippe die lug af, terwyl die tong wat teen die voorste verhemelte druk, die lug afsluit wanneer ons die **t** in **toon** uitspreek. (Toets nou self waar die afsluiting plaasvind by **d, p, k** en **gh.**)

   Sodra die **afsluiting verbreek word,** ontstaan 'n klein **ontploffinkie.** Hierdie soort medeklinkers word dan ook **ploffers, plofklanke** of **eksplosiewe** genoem.

2. Wanneer die medeklinkers **f, v, g, s,** ens. gevorm word, word die lug nie heeltemal afgesluit nie, maar *teëgehou omdat die spreekkanaal vernou is.* In hierdie geval ontstaan 'n **geruis** soos in die woorde **feit, vat, geut, saad,** ens. Hierdie klanke heet **frikatiewe.**
3. Dan is daar nog medeklinkers wat gevorm word met die mondkanaal volkome afgesluit, maar met die **neuskanaal oop.** So 'n **nasale** klank is die *ng-klank* in **sing, slang,** ens.
4. Wanneer die **l-klank** gevorm word, is die tong in so 'n posisie dat die lug aan weerskante verby ruis. Sulke **syklanke** tref ons aan in **loop, ruil,** ens.
5. Die **r-klank** of **triller** ontstaan deur 'n vinnige opeenvolging van tikkies deur 'n veerkragtige orgaan (bv. die tong) in woorde soos **rooi, koer,** ens.

Die medeklinkers bevat min eie klank, soos julle teen dié tyd reeds besef. Indien hulle **saam met klinkers** uitgespreek word, kan hulle egter goed gehoor word en word hulle **stemhebbend** genoem; anders is hulle **stemloos.**

| *Stemhebbende medeklinkers* | *Stemlose medeklinkers* |
|---|---|
| **b** in woorde soos **been,** ens. | **p** in woorde soos **kop,** ens. |
| **d** in woorde soos **dans,** ens. | **t** in woorde soos **sot,** ens. |
| **w** in woorde soos **ween,** ens. | **g** in woorde soos **maag,** ens. |
| **g** in woorde soos **berge,** ens. | **f** in woorde soos **kaf,** ens. |
| **l** in woorde soos **loop,** ens. | **v** in woorde soos **vas,** ens. |
| **m** in woorde soos **mens,** ens. | **s** in woorde soos **las,** ens. |
| **n** in woorde soos **naam,** ens. | **k** in woorde soos **siek,** ens. |
| **r** in woorde soos **raam,** ens. | **sj** in woorde soos **sjt!,** ens. |
| **ng** in woorde soos **sing,** ens. | **t** in woorde soos **bietjie,** ens. |

## E. TWEEKLANKE

Wanneer *twee verskillende klanke in dieselfde lettergreep* so na aan mekaar staan dat hulle **byna saamgesmelt** het, praat ons van **tweeklanke.**

Julle moet egter nie **gewone lang klinkers** met tweeklanke verwar nie. In woorde soos **sat, pot, hut,** ens. het ons **kort klinkers,** maar in **saad, poot, huur,** ens. het ons **lang klinkers.**

'n Tweeklank is iets anders, want *twee verskillende klinkers* het **saamgesmelt** of **byna saamgesmelt.**

Ons verduidelik die verskil met die woorde **saam** en **saai. Saam** bevat 'n *lang klinker* **aa,** maar **saai** bevat 'n *lang klinker* **aa** plus *nog 'n klinker* **i** om die *tweeklank* **aai** te vorm. Let nou op na die volgende:

| *Lang klinkers* | *Tweeklanke* |
|---|---|
| groot, boot | gooi, looi |
| saad, raad | saai, raai |
| leer, meer | leeu, meeu |

Die belangrikste Afrikaanse tweeklanke lyk so:

**ai** : aikôna, aia
**aai** : raai, fraai
**ei of y** : feit, leidak, fyn, gly
**ui** : ruis, kombuis
**ôi** : nôi, tôiings
**ooi** : sooi, looi
**oei** : goeie, koei
**ou** : goud, oudhede
**eeu** : leeu, skreeu

## F. OPE EN GESLOTE LETTERGREPE

Woorde word geskei volgens hulle **klankdele** en die geskeide klankdele noem ons **lettergrepe.** Gewoonlik kan ons maklik hoor en sien waar een lettergreep eindig en die volgende begin, bv. **kom-bers, goe-wer-neur, an-nek-seer, de-par-te-men-te-le,** ens.

Wanneer 'n lettergreep *op 'n klinker eindig*, praat ons van 'n **oop lettergreep.** En wanneer 'n lettergreep op 'n *medeklinker eindig?* Dan is hy natuurlik **geslote.**

Die woord **annekseer** bestaan uit drie geslote lettergrepe **an-nek-seer,** want al drie eindig op medeklinkers. In **departementele** is daar *twee geslote lettergrepe* **(par/men)** en *vier oop lettergrepe* **(de/te/te/le).**

Bestaan die woord **aas** uit 'n oop of 'n geslote lettergreep? Dit is 'n **geslote** lettergreep want hy **eindig** op 'n medeklinker.

In woorde soos **rat – ratte, kol – kolle, pen – penne, bus – busse,** ens. bevat die meervoude twee lettergrepe, maar hier word die enkelvoude se eindmedeklinkers verdubbel om die uitspraak kort te hou. Gewoonlik lewer die spelling van sulke woorde geen probleme vir leerlinge wat goed oplet nie.

## G. AKSENT (KLEMTOON) EN KORREKTE UITSPRAAK

Na aanleiding van wat ons oor tweeklanke, ope en geslote lettergrepe gesê het, is dit van belang dat julle op die korrekte uitspraak van woorde sal let. Saam met uitspraak gaan die **beklemtoning** en meer bepaald ook die **korrekte spelling** van woorde. Let dus noukeurig op die volgende:

1. Die klinkers moet **helder** uitgespreek word, en beslis nie **ontrond** word nie; daarom moet ons sê **neus** (nie *nees* nie), **muur** (nie *mier* nie), **tuin** (nie *tyn* nie), ens.
2. Die **ee-** en **o-klanke** (soos in **pot)** moet **voor in die mond** gevorm word, nes **vel, wel, net,** ens. en nie agter in die keel soos Engelssprekendes graag doen nie.
3. Die **e**-klank in die voorvoegsel **ver-** (soos in **verstaan** en **verby)** word **toonloos** uitgespreek.
4. Sommige **a-klanke** word as **toonlose e-klanke uitgespreek,** bv. in *petrys, venaand, beklei, perty,* ens. Ook die **o-** en **u-klank** word soms

**'n toonlose e-klank,** bv. in *remoer, pebliek, Detooi, moter, dokter, professer.* (Die korrekte spelling van hierdie woorde is: **patrys vanaand, baklei, party, rumoer, publiek, Du Toit, motor, doktor, professor.**)

(*a*) lusern (nie *loesern* nie), Lukas (nie *Loekas* nie), humor (nie *joemor* nie).

(*b*) *skellem, arrem, ontferrem, pesallem* (d.w.s. 'n toonlose e-klank tussen die rm en lm) in **skelm, arm, ontferm** en **psalm.**

6. By sommige woorde word *dieselfde klank soms lank en soms kort uitgespreek,* bv.

   **kersie** (vrug) is kort, maar **kersie** (lig) is lank
   **pers** (drukkery) is kort, maar **pers** (kleur) is lank
   **bort** (siekte) is kort, maar **bord** (eetgerei) is lank
   **vers** (gedig) is kort, maar **vers** (bees) is lank

   So word woorde soos **nuus, ekskuus** en **akuut** ook kort uitgespreek; **muur, suur, vuur** en **faktuur** is egter aan die anderkant weer lang klanke. (Die laaste deel van faktuur.)

7. Oor die uitspraak van *die lidw.* **'n** bestaan heelwat meningsverskil, veral omdat die uitspraak by bepaalde medeklinkers gewoonweg ietwat gewysig word. Ons hoor soms **em** boek, **eng** korrel, ens. Miskien sou dit nie verkeerd wees om die **'n** as 'n toonlose e-klank uit te spreek nie. Dus: daar loope seun; ek siene stoel; disse goeie man.

8. Die **i-klank** (soos in **wit** en **is**) is *feitlik toonloos* en word nie voor nie, maar in die middel van die mond geplaas.

9. Medeklinkers behoort **duidelik** en natuurlik uitgespreek te word, en veral die eindmedeklinkers moet nie verwaarloos word nie. Ons sê dus: **soeteit** (die **h** val weg en die eindmedeklinker word as 'n toonlose **t** uitgespreek in **soetheid**), ens.

10. **Tweeklanke** verdien spesiale aandag. Ons sê immers: **kra:i, le:u, mooi** en **huis,** ens., maar daarteenoor waak ons ook teen oorbeklemtoning.

11. Verder moet ons ook onthou dat *ons in Afrikaans sekere woorde nasaleer* ('n gewone klinker met 'n „'n" deur die neus (stuur). Ons behoort bv. te sê:
    da:s, ka:s, dɔ:s, (vir *dans, kans, dons*).

12. In baie woorde *dra sekere lettergrepe 'n swaarder klem* as ander. Let op die beklemtoning van bepaalde lettergrepe in die volgende woorde:

| | | |
|---|---|---|
| telegram | telefoon | voormalige |
| katalogus | vrywaar | voornemende |
| distrik | bioskoop | standaard |
| minister | premier | standerd |
| artikel | aspek | ontbyt |
| ekstrak | poësie | ontwerp |
| hospitaal | monument | karnaval |
| inderdaad | botanie | kontak |
| offisier | intellek | definitief |
| toenemende | heelal | galery |

## HERSIENINGSOEFENINGE

1. (*a*) *Hoeveel vokale is daar in Afrikaans?*
   (*b*) *Skryf hulle neer.*
2. *Skryf drie voorbeelde van elk van die volgende in woorde neer en onderstreep die betrokke lettergrepe:*
   (*a*) Tweeklanke.
   (*b*) Oop lettergrepe.
   (*c*) Geslote lettergrepe.
3. *Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en skryf langs elke lettergreep neer of dit geslote of oop is:*

| | | |
|---|---|---|
| gedurende | vergaderplek | interessant |
| rotsvas | duidelik | seemeeu |
| eeue-oue | dodelik | ooievaar |
| langsamerhand | wonderwerk | herderstaf |

4. *Die klinkers (vokale) moet helder uitgespreek word en nie ontrond word nie. Wat is die regte uitspraak van die volgende woorde?*
   Die kat vang die *mys.*
   My *nees* is seer.
   Die *rees* jaag die dwergie.
   Hy *kyer* by ons.
   Die *mier* is gebars.
   My *bierman* is siek.
   Die gras is *ryg.*
   *Yle* woon op die solders van *hyse.*
   Hoor jy die wind se *gerys?*
5. *Onderstreep die lettergrepe waarop die aksent (klem) in die volgende woorde vai:*

| | | | |
|---|---|---|---|
| telefoon | impuls | ontbyt | duplikaat |
| katalogus | indertyd | grammofoon | bariton |
| minister | direk | negatief | foto |
| distrik | kontrak | insittendes | rinkink |

6. *Skryf drie voorbeelde neer van elk van die volgende en skryf langsaan woorde neer waarin hulle voorkom:*
   (*a*) Kort klinkers.
   (*b*) Lang klinkers.
   (*c*) Tweeklanke.
7. *Skryf twee voorbeelde, met woorde waarin hulle voorkom, van elk van die volgende soorte konsonante (medeklinkers) neer.*
   (*a*) Plofklanke of eksplosiewe.
   (*b*) Frikatiewe.
   (*c*) Nasale.
   (*d*) Syklanke.
   (*e*) Trillers.

HOOFSTUK 9

# Woordsoorte (Rededele)

Woorde word in tien groepe ingedeel:

1. *Selfstandige naamwoorde* (s.nwe.): **Jan** se **liefde** vir sy **plaas** is groot.
2. *Voornaamwoorde* (vnwe.): Jan en **sy** pa woon by **ons.**
3. *Byvoeglike naamwoorde* (b.nwe.): Die **blinde** man is **oud.**
4. *Lidwoorde* (lwe.): **Die** dame het **'n** mooi hondjie.
5. *Telwoorde* (telwe.): Hy is **drie** jaar oud op die **tiende** Mei.
6. *Werkwoorde* (wwe.): Ek **spit** in die tuin.
7. *Bywoorde* (bwe.): Ek spit **diep** in die tuin.
8. *Voorsetsels* (voors.): Hy staan **in** die ry **tussen** die kinders.
9. *Voegwoorde* (voegwe.): Jan **en** Piet stap saam, **want** hulle is maats.
10. *Uitroepe* of *tussenwerpsels* (twe.): **Ag,** hoe jammer tog!

Dieselfde woord behoort tot meer as een woordsoort, soos in die volgende:

1. Ek hou van **blou.** (s.nw.)
2. Hy dra 'n **blou** baadjie. (b.nw.)
3. Die heuwels **blou** in die verte. (ww.)

Woordsoorte mag dus **nooit** buite sinsverband bespreek word nie en die **funksie** of **werk** van 'n woord moet **altyd** eers bepaal word voor dit as 'n bepaalde rededeel benoem mag word.

Ons behandel nou die verskillende rededele in besonderhede:

## A. SELFSTANDIGE NAAMWOORDE

Hulle is hieraan uit te ken dat hulle *saam met lidwoorde* ('n, die, de) gebruik kan word: **'n deugniet,** die **liefde,** wat de **joos.** 'n Ander eienskap van s.nwe. is dat die meeste van hulle *'n meervoud* het wat gewoonlik gevorm word deur **e** of **s** by te voeg: **mense, mans, begeertes.**

### 1. Soorte, getal, verkleining, geslag

#### Soorte

Leerlinge weet reeds dat daar *vyf soorte* onderskei word:

(*a*) **Soortname,** bv. kind, dier, bord, gras.
(*b*) **Abstrakte** (of afgetrokke) **s.nwe.,** bv. liefde, vriendskap, diepte, verganklikheid.
(*c*) **Stofname,** bv. goud, silwer, yster, koper.
(*d*) **Eiename,** bv. Paarl, Anita, Suidwes-Afrika, Spaans.

(*e*) **Versamelname,** bv. skool (visse), swerm, bagasie.

In hierdie stadium bekyk ons net die versamelname.

**Versamelname** is besondere woorde vir versamelings. Dis 'n saak van woordeskat meer as van grammatika, maar ons gee 'n groepie wat belangrik is.

OEFENING

*Sê wat elkeen van die volgende is:*

| | | |
|---|---|---|
| skottelgoed is 'n groep ........ | gebergte is 'n groep ........ | 'n optog is 'n groep ........ |
| 'n orkes is 'n groep ........ | 'n bosgasie is 'n groep ........ | bagasie is ........ |
| 'n ensiklopedie is 'n ........ | 'n bloemlesing is 'n ........ | 'n konvooi is ........ |
| 'n regiment is 'n groep ........ | 'n gemeente is ........ | 'n bemanning is ........ |
| 'n stoet is ........ | 'n boekery is 'n groep ........ | 'n bevolking is ........ |
| 'n kooksel is ........ | | |

(So ook: pluksel, baksel, treksel.)

## Getal (Meervoude)

Elke kind in st. 7 en 8 weet wat die meervoud van perske of sweep is. Dergelike eenvoudige gevalle word dus nie hier gegee nie.

Ons beperk ons tot die minder gewones, waarby veral dié wat spellingmoeilikhede inhou, opgeneem word.

*Woorde op* **-f** *in die enkelvoud:*

| | |
|---|---|
| skof – skowwe (van 'n dier) | drif – driwwe (deur riviere) |
| gif – giwwe (gifstowwe) | lof – lowwe (van plante) |

**Pasop vir:**

| | |
|---|---|
| drif = hartstog | meervoud: drifte (wat is dit?) |
| skof (werk of ry) | meervoud: skofte |
| gif = geskenk | meervoud: gifte |
| bruilof | meervoud: bruilofte |
| hof | meervoud: howe (vgl. hoofde) |
| kerkhof | meervoud: kerkhowe |

*Woorde op* **-s** *in die enkelvoud:*

| | |
|---|---|
| bos – bosse | les – lesse |
| das – dasse | klos – klosse |
| neus – neuse | las (voeg) – lasse |
| tros – trosse | gros (144) – grosse |
| mus – musse | matras – matrasse |

**maar**

| | |
|---|---|
| kis – kiste | knoes – knoeste of: |
| nes – neste | knoets – knoetse |
| bars – barste | bors – borste |
| lees – leeste (wat is dit?) | las (gewig, beproewing) – laste |
| kwas – kwaste | |

*Enkelvoud op* **-g:**

| | |
|---|---|
| brug – brûe (brugge) | trog – trôe (trogge) |
| sog – sôe (sogge) | rug – rûe (rugge, rûens, ruggens) |
| teug – teue | kroeg – kroeë |
| ploeg – ploeë | voeg – voeë |
| vlag – vlae | boeg – boeë |
| boog – boë | teoloog – teoloë (wat is dit?) |
| eg – êe (egge) | |

| | **maar** | |
|---|---|---|
| drag – dragte | | bog – bogte |
| gerug – gerugte | | skag – skagte |
| klag – klagte of: | | tog – togte |
| klagte – klagtes | | vlug – vlugte |
| | **maar** | |
| deugde, voogde, maagde. | | |

*Enkelvoud op* **-k** *en* **-p (-b):**

manuskripte (let op die uitspraak van die u, en op die klemtoon)
distrikte (let op die klemtoon)
produkte (let op die klemtoon en op die o = oo
resepte
instinkte (let op die klemtoon en op die i = in)
ampte

*Enkelvoud op klinkers:*

| | |
|---|---|
| a – a's | ouma – oumas |
| ma – ma's | oupa – oupas |
| pa – pa's | malva – malvas |
| hoera – hoera's | sofa – sofas |
| karba – karba's | hiëna – hiënas |
| b (bee) – b's | kafee – kafees |
| eggo – eggo's | |

*Meervoude op* **-s:**

Meervoude soos *patats, koks* (of kokke), *roers, tjeks, neefs,* moet al bekend wees, asook *psalms, skelms* (maar walme). Daarom volg hier net van die minder bekendes:

barbiers, winkeliers (maar offisiere, skarniere); koetsiers, juweliers (maar giere); admiraals (of admirale), korporaals, generaals, kondukteurs (maar direkteure); majoors, kolonels, korporaals (maar luitenante); professie – professies, maar profesie – profesieë; motors (rytuie), maar motore (masjiene).

*Meervoude op* **-s** *sowel as* **-e:**

Daar is heelwat woorde met twee meervoude, op -s en -e, en die Akademie erken ook albei, maar daar is 'n sterk neiging om in sekere gevalle aan die e-vorm die voorkeur te gee:

martelare, verpligtinge, verrigtinge, samestellinge, beroeringe, vereniginge, verordeninge, bepalinge.

**Let op**

| | |
|---|---|
| dokters (medies) | doktore (akademies) |
| skepsels (arme, treurige) | skepsele (van God) |
| vorms (bv. koekvorms) | vorme (lewensvorme) |
| betrekkings (poste) | betrekkinge (verhoudinge) |

*Meervoude op* **-ere** *en* **-ers:**

lammers en kalwers is bekend genoeg. Ander is onder meer:
geledere (enkelvoud: gelid)
gemoedere (ook in die betekenis: gevoelens)
volkere (naas volke)
klippers (naas klippe) (L.W.: groot klippe vir bou)
goedere (naas goeters, ook gebruik as meervoud van „'n ding").

*Vreemde woorde op* **-us, -kus** *en* **-um:**

| | |
|---|---|
| politikus – politici | kritikus – kritici |
| musikus – musici | botanikus – botanici |
| historikus – historici | medikus – medici |

(Die vorme **politikusse, kritikusse,** ens., kan ook gebruik word.)

| | |
|---|---|
| museum – museums of musea | gimnasium – gimnasiums of gimnasia |
| stadium – stadiums of stadia | akwarium – akwariums. |

*Allerlei ander gevalle:*

(*a*) Let op die verandering van klinker of medeklinker in die volgende:

| | |
|---|---|
| smid – smede of smids | smit – smitte |
| lid – lede (bv. 'n organisasie) | lid – ledemate (van die liggaam) |
| lidmaat – lidmate (van die kerk) | meerkat (mierkat) – meerkatte |
| bevel – bevele | gebod – gebooie |
| jong – jongens | dal – dale. |

(*b*) Boesmans en mans (vrouens se mans)
manne (manlike persone) (ook helde)
voorman – voormanne
koopman – koopmanne of koopmans of kooplui
werk(s)man – werk(s)manne, werksmense, werkliede of werklui

| | |
|---|---|
| seeman – seemanne of seelui | laksman – laksmanne of laksmans |
| buurman – bure | stuurman – stuurlui |
| Engelsman – Engelse | Fransman – Franse of Fransmanne. |

*Geleende Meervoude:*

| | |
|---|---|
| aanbod – aanbiedinge | ding – dinge of goed of goeters |
| eer – eerbewyse | slagding – slaggoed of slagvee |
| genot – genietinge | speelding – speelgoed |
| bedrog – bedrieërye | kleinding – kleingoed. |

*Geen enkelvoud nie:*

| | |
|---|---|
| fiemies (vol – wees) | hurke, groete (laat weet of stuur) |
| koste en onkoste | pokkies en pokke (gevaarlike siekte) |
| notule, kwaaivri(e)nde | noppies (in jou noppies wees). |

*Semels, winterhande, -voete, -ore, toiings* (*toiens*) en ander word meestal ook net in die meervoud gebruik, maar 'n mens kan tog praat van 'n stuk *semel* en 'n *toiing*, en van 'n *wintervoet* (*-hand, -oor*) wat jou opkeil.

*Geen Meervoud nie:*

Stofname en abstrakte selfstandige naamwoorde het gewoonlik geen meervoud nie:

koper, hawer, meel;
liefde, haat, verdriet.

Tog kan sulke woorde wel 'n meervoud kry as 'n hoeveelheid of verskillende soorte bedoel word. Dit gebeur veral as die hoeveelheid gering is, en die verkleinwoord word dan meestal gebruik:

Twee pond suikertjies op 'n keer.
'n Bietjie koffietjies.
Daar was twee groot liefdes in sy lewe.

*Samevoeginge:*

Die meervoudsvorm van 'n samestelling is meesal dieselfde as dié van sy laaste deel: inkfiesse, bergpasse, woudreuse. **Maar let op:**

Goewerneurs-generaal, posmeesters-generaal
direkteure-generaal, skoute-by-nag
superintendente-generaal, prokureurs-generaal.

Die goewerneur-generaal is mos nie 'n generaal nie, maar 'n goewerneur en daarom **goewerneurs.**

*Twee meervoude met verskil in betekenis (soms verskillend van herkoms):*

| | |
|---|---|
| vader | vaders van die kinders |
| | vadere in die sin van voorvadere |
| tafel | tafels om op te eet |
| | tafele van God |
| kind | kinders van ouers |
| | kindere Israels |
| rug | rugge (rûe) van mense |
| | ruggens (rûens) waarop die vee wei |
| middel | middels teen siekte |
| | middele om jou doel te bereik |
| maat | maats (maters) om mee te speel |
| | mate om te meet |
| hoop | hope grond |
| | verwagtinge |
| doel | doele (in voetbal) |
| | doeleindes wat jy bereik |
| man | mans van vroue |
| | manne (manlike persone) |
| bad | baaie wat daagliks geneem word of natuurlike bronne |
| | badde of baddens in die badkamer |
| vorm | vorms (koek- of baksteenvorms) |
| | vorme van 'n woord |
| goed | goeters wat in die pad is |
| | goedere wat per trein kom |
| teken | tekens aan jou gesig, tekens om te ry of stil te hou |
| | tekene van die tyd |
| raad | rade: bestuursliggame, bv. kerkrade |
| | raadgewinge: advies |
| letter | letters van die alfabet |
| | lettere: letterkunde |
| bal | balle: bv. voetballe |
| | bals: danspartye |

**Let op**

drie pond meel is drie pond bymekaar;
drie ponde meel is drie los ponde. Vergelyk ook:
twee mud koring en
twee mudde(ns) koring.

**Opdrag**

1. *Skryf die mv. neer van:* das, jas, bars, brug, sog, ploeg, eg, voeg.
2. *Soos die vorige:* lid, lidmaat, aanbod, slagding, aankoop, goewerneur-generaal, luitenant-generaal, Marais, Celliers, Cillie, ouma, hoera.
3. *Wat is:* skagte, akwariums, fiemies, attachés, botanici en teoloë?
4. *Gebruik die twee meervoude van die volgende woorde in sinne:* vader, middel, man, bad, gif, goed, letter, teken.

**Verkleinwoorde**

Daar is baie meer naamwoorde (en ander woordsoorte) waarby verkleinwoorde gevorm kan word as wat daar is waarby geslag aangedui kan word: *kanonnetjie, swermpie, woninkie.*

Oor die betekenisse van verkleiningsvorme word elders geskrywe. Hier word net gewys op enkele gevalle wat soms spellingmoeilikhede veroorsaak:

| | |
|---|---|
| belletjie | maat – maatjie |
| kammetjie | ma – ma'tjie |
| kannetjie | pa – pa'tjie |

Let op die volgende ongewone vorme:

| | |
|---|---|
| blad – bladjie (van 'n lam bv.) | blad – blaadjie (koerantjie) |
| gat – gaatjie | vat – vaatjie |
| en – enetjie | spel – speletjie of spelletjie |
| nôi – nôientjie of nooi – nooientjie. | |

(Vergelyk dit met die lang vokale van hierdie woorde se meervoude: glas – glase, pad – paaie.)

**Opdrag**

1. *Gee vyf selfstandige naamwoorde wat gewoonlik net in die verkleinwoordsvorm gebruik word,* soos mandjie, *en gee by elkeen ook die verkleiningsvorm* (mandjietjie).
2. *Wat is die verkleinwoorde van die volgende?*
   Marais, spel, rooie, karba, rekenings, vlag, vlaag, oog, roos, wa, ouma, kaart, skêr, glas, asem, gang, slang.
3. *Wat is die betekenisverskil tussen die volgende pare?*

| | |
|---|---|
| boordjie en boortjie | latjie en laaitjie |
| mooitjies en mootjies en mooietjies | vygies en vytjies |
| bolletjie en bollatjie en balletjie | naaldjie en naeltjie |
| platjie en plaatjie. | |

**Geslag** (manlik, vroulik, gemeenslagtig)

(Soos by getal, word ook hier aangeneem dat die gewoonste gevalle bekend is. Net ongewone gevalle, en dié waarby daar spellingmoeilikhede voorkom, word dus bespreek.)

Daar word onderskei tussen lewende wesens en nie-lewende dinge. In die taal word verder onderskei deurdat daar by die lewende dikwels aparte vorme of woorde is vir

| Manlik | Vroulik | Gemeenslagtig |
|---|---|---|
| beer | sog | vark |
| reun | teef | hond |
| wewenaar | weduwee | — |
| bulkalf | vers(kalf) | kalf |
| heer | dame | persoon |
| monnik | non | — |
| swaer | skoonsuster | (skoonfamilie) |

**Nie-lewende dinge word ook behandel asof hulle mense of diere is**

Die boom mors te veel blare, kap **hom** (of **dit**) maar af.
Die trein loop dat **hy** kraak oor die reguit spoor.
Die skip het nie **sy** vaart verminder nie.

(Om van 'n skip of 'n trein en dergelike as vroulik te praat, is goeie Engels, maar **nie** Afrikaans nie.)

Deurdat die verband meestal aantoon of 'n persoon (dier) manlik of vroulik is (en waarskynlik omdat ons taal ook by tallose diere glad nooit die geslag onderskei nie: kriek, akke(l)dis, tor, meerkat), word dikwels èèn vorm, die **manlike,** vir manlik en vroulik gebruik (maar as daar voornaamwoorde by is, verskil dié wel): kampioen, kaptein. Vir leerlinge is dit egter verstandig om (waar moontlik) ook met die naamwoorde self te onderskei:

| | | |
|---|---|---|
| sondares | eggenote | voorsitster |
| barones | speelster | spreekster |
| profetes | orreliste | kleremaakster |
| digteres | assistente | masseuse |
| dienares | aktrise | regisseuse |
| gravin | lektrise | burgeres |
| Jodin | eksaminatrise | regentes |
| Christin | redaktrise | voogdes |
| pianiste | eksekutrise | begeleidster. |

Daar is heelwat gevalle waarin by die beroepswoord nie die geslag aangegee (kan) word nie, bv.: **Sy is dokter** in 'n algemene hospitaal, **doktor** in die lettere, sy is 'n **advokaat, dieetkundige, kinderspesialis;** ook by leerstellinge: 'n vrou wat **Kommunis** of **Nasionalis** of **pasifis** is, 'n **Arbeider** (teenoor arbeidster = werkster).

Waar geen *aparte vorme* bestaan nie, word **mannetjie** – **wyfie,** ens., gebruik:

koedoebul – koedoekoei    bokram – bokooi    leeumannetjie – leeuwyfie.

**Vergelyk**

hingsvul – merrievul    reunhond – teefhond.

**Vraag**

Wat is 'n lektor, 'n redakteur, 'n eksekuteur, 'n outeur, 'n regisseur, 'n masseuse, 'n burgemeesteres, 'n burgemeestersvrou?

## 2. Die s.nw. saam met die ww.

Selfstandige naamwoorde en werkwoorde vorm dikwels min of meer vaste pare, d.w.s. ons kry dikwels dieselfde s.nw. en ww. bymekaar, of anders net 'n paar wwe. by een s.nw. of omgekeerd. Vergelyk die volgende: 'n mens kan **diere** koop, verkoop, aanhou, liefhê, haat, teel, slag, fotografeer, ens., ens., maar jy kan **dank** betuig, ontvang, verwag . . . en wat meer? Daar kan dus by die s.nw. **dank** heelwat minder werkwoorde kom as by bv. **diere.**

So is daar dikwels min of meer vaste pare vir sekere betekenisse, bv. nie 'n stuk of 'n dokument *optrek* nie, maar **opstel.**

Hier volg 'n lysie van passende pare (wat mondeling in sinne gebruik kan word):

'n breuk **heel** of **veroorsaak** of (in die lyf) **opdoen;** die aftog **blaas;** die vlag **stryk** of **hys; beslag lê op** iets; druk **uitoefen** op iemand of druk **verlig;** die genadeslag **toedien** (of **afwend**); genoeë **neem met;** getuienis **aflê;** gevare **trotseer;** 'n brand **blus** of brand **stig;** ondersoek **instel;** 'n kans **waarneem** of **laat verbygaan;** die loef **afsteek;**

onderhandelinge **aanknoop** of **afbreek**; aanstalte(s) **maak om**; agting **afdwing**; 'n aanbod **aanvaar** of **van die hand wys**; afstand **doen van**; 'n begroting **indien**; besware **opper**; byval **vind**; beloftes **nakom** of **verbreek** of **gestand doen**; boedel **oorgee**; beginsels **prysgee** of **handhaaf**; 'n beweging **op tou sit**; klappe **toedien** of **oploop**; beserings **opdoen**; stappe **doen**; die weg **baan**; 'n gebou **oprig** of **sloop**; dank **betuig**; die diepte **peil**; die draak **steek** (met); dors **les**; 'n eed **aflê**; die orde **handhaaf** of **versteur**; ingang **vind**; 'n kans **afwag**.

## Opdrag

1. *Watter van die volgende werkwoorde of werkwoordgroepe kan gebruik word om die onvoltooide sinsnedes hieronder aan te vul?*
   snak, smee, slaak, aan die dag lê, getroos, instel, inboesem, toeswaai, aanwend, delf, betoon, ontsê, veroorloof.
   (*a*) goeie smaak .......... (*b*) 'n heildronk .......... (*c*) 'n komplot ..........
   (*d*) lof .......... (*e*) liefdesbande .......... (*f*) hulde ..........
   (*g*) die moeite .......... (*h*) ontsag .......... (*i*) die onderspit ..........
   (*j*) liefde ..........
2. *Watter van die volgende s.nwe. of s.nw.-groepe kan gebruik word om die onvoltooide woordgroepe hieronder aan te vul?*
   skade, onkunde, munt, protes, (van) dors, stel, veglus, veldtog, opstand, honger, opspraak, afstand, die kroon, geld, bystand, sorg, 'n sug.
   (*a*) .......... slaan uit (*b*) .......... openbaar (*c*) .......... (ver)wek
   (*d*) .......... aftrap (*e*) .......... op tou sit (*f*) .......... span
   (*g*) .......... stil (*h*) .......... berokken (*i*) .......... aanteken

Verdere voorbeelde, soos die volgende, sou ook soos in die oefeninge verwerk kan word:

in proklamasie **uitvaardig**;
reklame **maak**;
'n program of skema **opstel**;
'n standpunt **inneem** of **verdedig**;
sorg **baar**;
die toon **aangee**;
voldoening **smaak**;
'n vergelyk **tref**;
versoekinge **weerstaan**;
veranderinge **aanbring** of **teweegbring**;
ongerief (pyn) **uitstaan** of **verduur**;
jou gesondheid **oppas** of **ondermyn**;
geld **verduister**;
hinderpale **uit die weg ruim**;
invloed **uitoefen**;
kennis **opdoen** of **meedeel**;
die lendene **omgord**;
'n oordeel **vel**;
paal en perk **stel** aan iets;
pogings **aanwend**;
agterdog **wek (koester)**;
jou plig **versuim** of **nakom**;
repliek **lewer**;
die stilswye **oplê** of **bewaar**;
'n standbeeld **oprig** of **onthul**;
'n taak **aanvaar** en **volbring**;
'n twis **besleg**;
verbeteringe **aanbring**;
vrees **inboesem**;
gevaar **trotseer** of **die hoof bied**;
'n wrok (hoop) **koester**;
toegang **verleen** of **weier**;
gemoedere **kalmeer (opsweep, gaande maak)**;
geheime **verklap**;
'n houding **inneem**;
inligting **inwin** of **verskaf**;
leemtes **aanvul**;
moord **begaan (pleeg, wreek)**;
'n opstand **onderdruk (demp)**;
jou aansien (of prestige) **handhaaf**;
planne **beraam**;
opspraak **(ver)wek**.

(Is die betekenisse bekend? **Leer te alle tye woorde en uitdrukkings in sinne gebruik.)**

OEFENINGE

1. *Hoe noem jy 'n versameling:*
   (*a*) gedigte van verskillende digters in een bundel,
   (*b*) vrouens van die Sultan,
   (*c*) voertuie en mense agter 'n lykwa,
   (*d*) (inheemse) plante van 'n land,
   (*e*) (inheemse) diere van 'n land?
2. *Wat is die meervoud van:*
   hoera, massa, slagding, Goewerneur-generaal, Le Roux, Marais, eg, varksog, das?
3. *Gebruik in sinne:*
   mans en manne, stuks en stukke, harte en hartens, busse en buste, letters en lettere.
4. (*a*) *Gee die verkleinwoord van:*
   voetpad, pa, lem, nôi en mandjie.
   (*b*) *Gee die manlik van:*
   masseuse, bibliotekaresse, lektrise, pianiste en non.
5. (*a*) *Vul passende selfstandige naamwoorde in:*
   .......... berokken, .......... verklap, .......... verwek, .......... omgord, .......... volbring.
   (*b*) *Gebruik nou die vaste pare mondeling in sinne.*

## B. VOORNAAMWOORDE

Voornaamwoorde is woorde wat gewoonlik *in plaas van s.nwe.* gebruik word.

*Lees die volgende sin:*

Piet het kom hulp vra met Piet se huiswerk, want Piet het nagelaat om Piet se huiswerk te doen.

In plaas van op so 'n lomp manier te skryf, gebruik ons liewer plaasvervangers:

Piet het kom hulp vra met **sy** huiswerk, want **hy** het nagelaat om **dit** te doen.

Hierdie plaasvervangers is **voornaamwoorde,** en ons onderskei die volgende soorte:

### 1. Die Persoonlike Voornaamwoord

Die eerste soort voornaamwoord wat van ander onderskei word, is die **persoonlike,** d.w.s. die een wat vir mense gebruik word, bv. **ek, jy, julle, sy, ons, hy, u, hulle.** Maar hulle word nie net in verband met mense gebruik nie: ('n) dier(e) word ook aangespreek as **jy (julle),** daar word ook na dinge verwys met **hulle (hy** enkelvoud), ens.

**U** is die beleefde vorm wat teenoor meerderes of minder bekendes of onbekendes gebruik word: 'n leerling teenoor 'n onderwyser, 'n onderwyser teenoor 'n vreemdeling wat hom iets vra, en omgekeerd. Teenoor minderes en gelykes word **jy** gebruik. **As jy oor jou meerderheid twyfel, of as jy jonk is en die aangesprokenes oud, wees liewer oorbeleef as onbeleef: sê u.**

**Let op:**

In verband met skepe, treine, vliegtuie, kerke, gemeentes, lande, ens., word die **manlike** (soms die onpersoonlike) vorm van die voornaamwoord gebruik, **nie** die vroulike nie, dus:

Die motor loop dat **hy** (dit) kraak.
Die skip het **sy** skroef kwytgeraak.
Die vliegtuig is so ruim dat baie mense **daarin** (of in hom) kan reis.
Die kerk het nog 'n groot skuld wat **hy** moet delg.
Die gemeente verheug **hom** oor die koms van 'n nuwe leraar.
Suid-Afrika ken **sy** vriende.

## 2. Die onpersoonlike voornaamwoord

Daar is twee: **dit** en **daar.**

„Dit" word in verband met dinge gebruik, soms ook i.v.m. mense:

En **dit** dan wat so viets aangetrek is? Wie is **dit**?

Soms word „dit" in verband met die meervoud gebruik, maar dan word die (genoemde) dinge behandel soos (kollektiewe) goed:

As jy **dit** kry, kan jy **dit** vat (**dit** = die goed – vuurhoutjies of sente, ens.)

Pasop vir „met dit" en dergelike gevalle van 'n voorsetsel plus 'n voornaamwoord. Ons sê:

Jy skop **daarmee.**
Ek hou nie **daarvan** nie.

In verband met die weer, wind, reën en hael word **dit** baie gebruik:

**Dit reën** (hael, sneeu, kapok, waai, blits) kwaai.
**Dit** begin toetrek (uitsak, ooptrek; d.i. die weer, wolke).

In vertellinge of stories waar nie gesê word wie eintlik vir die verhaal verantwoordelik is nie, moet „dit" liewer vermy word (dis Anglisisties) en **daar** gebruik word, soos volg:

**Daar** word vertel dat . . . . .
**Daar** word voorspel (beweer, verwag) dat . . . . .

## 3. Die besitlike voornaamwoord

Kyk nou weer na die volgende:

**my** mense, **jou** boeke, **sy** geld, **ons** vakansies.

Net soos „daardie" en „hierdie" staan die vetgedrukte woorde hier nou ook voor die s.nw. waarmee hulle saamgaan, en daar kan ook nie 'n lidwoord vóór staan nie, bv. nie „die my mense" nie. Hierdie woorde is dus ook verdringers. Is hulle dus ook aanwysende voornaamwoorde? Nee, want hulle wys nie aan nie, **hulle sê wie se besitting dinge is** of waarby dinge of mense gegroepeer is; **ons** span, **sy** beurt, **haar** geld. Hulle word **besitlike voornaamwoorde** genoem.

Maar kyk nou na die volgende:

Die boek is **myne,** maar dit was eers **syne.**
Daardie bank is **hare,** maar dit was eers **ons s'n.**

Hierdie vetgedrukte vorme is omtrent dieselfde as dié wat hierbo al bespreek is, maar hulle word nie (elkeen) deur 'n s.nw. gevolg soos „ons span" nie. Dit is so, hulle word 'n bietjie meer op sigself gebruik, self-

standiger as 't ware; daarom word gesê hulle is **selfstandig gebruikte besitlike voornaamwoorde.**

Ander vnwe. kan ook so selfstandig gebruik word, bv. die aanwysende vnwe.:

Jy kan **hierdie** of **daardie** kry, nie alles nie.
Wil jy **sulkes** hê of ander?

**Moet tog nie 'n komma tussen die twee vnwe. plaas as 'n pers. vnw. langs 'n besitlike staan nie.** Skrywe dus:

Wanneer kom haal **julle julle** goed?
Gee maar vir **hulle hulle** geld.
Gee **ons ons** daaglikse brood.

Sê en skrywe:

Dis **moeder se** hoed (en nie moeder haar hoed nie).

Daardie „se" word vandag in omtrent elke soort verbinding gebruik, selfs wanneer daar glad geen sprake van besitlikheid is nie. Kyk maar na die volgende gevalle:

Die bottel se prop. Vyf sent se suiker.
Gister se wedstryd. Vandag se program.

„*Se*" is dus dikwels *bloot 'n skakel tussen woorde, al noem ons dit in alle gevalle 'n besitlike vnw.*

## 4. Die betreklike voornaamwoord

Onthou jy die storie **wat** julle verlede week gelees het?
Daar loop die man **wie se** dogter verongeluk het.

Die vetgedrukte woorde hier verwys elkeen na 'n woord wat vroeër in die sin staan, nl. na **storie** en **man.** Hulle is *betreklike voornaamwoorde* en verbind dele van sinne met mekaar. Ander van dieselfde soort is in die volgende sinne vet gedruk.

Dis 'n harde bank **waarop** ons sit, of: **waar** ons op sit.
Ek kom haal die boek **waarvan** jy gepraat het, of: **waar** jy van gepraat het.
Pasop, dis 'n vuil paal **waarteen** jy leun, of: **waar** jy teen leun.
**Wie** nie wil werk nie, mag ook nie eet nie.

Maar pasop, in die volgende soort geval kan „wie" alleen gebruik word met „se" daarby of met 'n voorsetsel daarvoor, en natuurlik ook **net as dit op mense betrekking het:**

Ons ken die man **wie se** plaas verkoop is.
Daar woon die seun **van wie** ons boeke gekry het.

**maar**

Die man **wat** so iets doen, is edel van inbors.
Ons lees van Paulus **wat** so baie gereis het.

Praat ons van diere, sê ons ook „wat". Maar hoe sê ons nou as daar 'n „se" moet bykom?

Spreek- en skryftaal gebruik „wie se" en „waarvan", soos volg:

Is dit daardie hond **wie se** kleintjies hier lê?
Dis nog dieselfde ou perd **wie se** spore hier lê.

In al twee gevalle kan ook **waarvan** gebruik word, maar dis 'n bietjie stywer, formeler.

**Maar**

Die hond **waarvan** ek jou vertel het (of: **waar** ek jou van vertel het).
Die perd **waarvan** ons gesels het (of: **waar** ons van gesels het).

## 5. Die wederkerige voornaamwoord

Groet **mekaar** met die hand.
Die kinders was **die een die ander** se rug.

## 6. Die wederkerende voornaamwoord

Ken julle al die vnwe. in die volgende sinne?

**Jy** moet **jou** skaam om sulke dinge te sê.
**Ek** verbeel **my** ek het dit meermale al gehoor.
**Ons** het **ons** misreken.
**Hy** het **hom** vererg.
**Hy** het **hom** gehaas.

Let op dat die onderwerp en die voorwerp dieselfde persone is: **Piet** verbeel **hom** te veel. Vergelyk dit met: **Piet** slaan **hom.** Hierdie laaste **hom** is nie dieselfde persoon as Piet nie, dis iemand anders. Maar in **„Piet** verbeel **hom** te veel" is **hom** en **Piet** dieselfde mens. In sulke gevalle word die voorwerpsvorme **wederkerende vnwe.** genoem.

Die wederkerende lê egter nie in die voornaamwoord nie, dis 'n saak van die werkwoord.

## 7. Die onbepaalde voornaamwoord

Dit is die vnw. wat na **enigeen** en/of **enigiets** verwys, nie na een besondere mens, ding of geval nie (soos bv. die aanwysende vnw. doen) bv. **enigeen, enigiets, 'n mens, (n)iemand, iedereen,** ens.

Dit gee geen moeilikheid nie. Al om hier te onthou, is: **'n Mens** weet ook nie aldae duidelik wat **jy** moet doen en waar om **jou** aandag te bestee nie.

### OEFENINGE

1. *Vul die voornaamwoorde in:*
   Die trein is al naby, want ek hoor .......... fluit.
   Ek hoor .......... loop snags in sy slaap.
   Ek hoor .......... snags in sy slaap loop.
   Onse Vader .......... in die hemel is.
   Die koei .......... kalf weggevat is, gee baie melk.
2. *Maak een sin van elkeen van die volgende pare:*
   Dis my stoel hierdie. Ek sit daarop.
   Ek ken die kêrel. Julle praat van hom.
   Is dit jou broer? Hy loop daar.
   Sien jy die man? Ek wys na hom.
   Bring vir my die boek. Jy het daarvan gepraat.
3. *Watter twee betekenisse kan elkeen van die volgende sinne hê? Gee julle antwoorde in volledige sinne.*
   Jan skeer hom.
   Ek moet my eers gou gaan verskoon.
   Hulle het hulle verbaas.

4. *Vul voornaamwoordelike verbindinge in die volgende in:*
Doen goed aan .......... jou vervolg.
Is dit die man .......... huis te koop is?
Dis honde daardie .......... 'n mens nie moet raas nie.
Gaan haal die boeke .......... jy so baie vertel het.
Die bok .......... hy geskiet het, was te ver vir sy geweertjie.
5. *Vul die juiste of passende vorm van die vlg. vnwe. in:*
**(u, jy, jou, haar, my, ek):**
(*a*) Wat makeer ..........? Waarom raas jy so?
(*b*) Ek het .......... waarlik vergeet om .......... te vertel dat .......... 'n betrekking aangebied is.
(*c*) Nee, meneer, as .......... nie wil vasval nie, moet .......... liewer .......... motor hier laat staan.
(*d*) Hierjy, .......... karnallie, kyk hoe laat jy .......... skrik.
(*e*) Wag, laat .......... jou wys.
(*f*) Begryp .......... aan dat hy nou so iets kan vra!
6. *Vul voornaamwoorde in (een woord per strepie):*
(*a*) Is —— —— boeke hierdie, of julle ——?
(*b*) —— nie wil werk nie, mag ook nie eet nie.
(*c*) Is die liniaal in die lessenaar —— laai of in die kas ——?
(*d*) Waar is die man —— —— koffers hier staan?
(*e*) As ons die trein —— „sakke-pakke" kan hoor weet ons —— trek vandag weer swaar aan —— vrag.
(*f*) —— word vertel dat, as 'n skip se mishoring vanself begin raas, die skip —— maar daarop kan voorberei om drenkelinge te vind.

## C. BYVOEGLIKE NAAMWOORDE (b.nwe.)

Selfstandige naamwoorde trek baie vriende of „helpers" aan om allerhande diensies te verrig.

*Lees die volgende sinne:*

1. Ek wens jou 'n **voorspoedige reis** toe.
2. Die **reis** hierheen was **interessant.**
3. Die **reis** word nou darem **vervelend.**

Wat merk julle van die vetgedrukte woorde? Die woord **reis** herken julle as 'n s.nw., en die ander drie woorde: **voorspoedige, interessant** en **vervelend,** gaan in elke sin saam met **reis.** Ons noem hulle byvoeglike naamwoorde.

## 1. Attributief en predikatief

As 'n b.nw. **voor** 'n s.nw. staan, sê ons dit word **attributief** gebruik; as dit *na* 'n s.nw. staan, word dit **predikatief** gebruik.

1. Die **dom** seun stap stadig (Attributief)
2. Die seun is **dom.** (Predikatief)
3. Die **lang** toespraak het ons verveel. (Attributief)
4. Die toespraak word te **lank.** (Predikatief)

Sommige b.nw. kan **net** predikatief gebruik word, terwyl ander **net** attributief voorkom:

1. Hulle is **gaande** oor die baba. (Net predikatief)
2. Is julle **gereed** om te vertrek? (Net Predikatief)
3. Sy **vorige** besoek was maar kort. (Net attributief)
4. Die **besoekende** span het die pak gekry. (Net attributief)